

Die Lot Kroniek



J.G. Erasmus

33/53 AOV - Spreuke 16:33

“In die skoot word die lot gewerp,
maar elke beslissing daarvan kom van die HERE.”

LOT KRONIEK

KRONOLOGIESE GESKIEDENIS
OOR DIE GEBRUIK VAN DIE LOT
VANUIT DIE BYBELSE TYD
TOT VANDAG IN SUID-AFRIKA

**Laai gerus die Lot Kroniek elektronies af, of skakel ons
insake vrae, voorstelle of seminare**

@

Webtuiste: www.lotkroniek.co.za

Elektroniese posadres: navrae@lotkroniek.co.za

DAAR IS GEEN KOPIEREG OP HIERDIE BOEK NIE.

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD	3
1. GESKIEDKUNDIGE OORSIG	4
2. KRONOLOGIESE GESKIEDKUNDIGE GEBRUIKE VAN DIE LOT	17
2.1. Ou-Testamentiese tydperk	24
2.2. Nuwe-Testamentiese tydperk	30
2.3. Vroë Kerkgeskiedenis tydperk	30
2.4. Rooms-Katolieke tydperk	34
2.5. Hervormings-tydperk	37
2.6. Kaap de Goede Hoop tydperk	40
2.7. Voortrekker tydperk	43
2.8. Suid-Afrikaanse Hervormde/Gereformeerde Kerke geskiedenis	47
2.9. Republiek van Suid-Afrika tydperk	60
3. HEDENDAAGSE GEBRUIKE VAN DIE LOT IN SUID-AFRIKA	65
3.1. Godsdiens	65
3.2. Politiek/Regering	67
3.3. Verdediging	69
3.4. Regstelsel	70
3.5. Landbou	70
3.6. Onderwys	72
3.7. Handel/Nywerhede/Bankwese/Befondsing/Loterye	73
3.8. Sport en ontspanning	74
3.9. Wetenskap/Waterwese/Geologie/Mynbou	76
AANHANGSELS	
1. 135 v.C. – Antiquities of the Jews. Flavius Josephus	80
2. 1700 – Redelijk Geloof. Wilhelmus a Brakel	94
3. 1265 - Summa Theologica. St. Thomas Aquinas	96
4. 1908 - Lotery en Dobbelspel geoorloof? Prof. Dr. W Geesink	112
5. 1931 - Waarom ons lotery veroordeel. Prof. J.D. du Toit (Totius)	114
6. 1995 - Lotery en Geluukspetisies. NG Sinode Natal	116
7. 1999 - Kaarte laat jou “met God kommunikeer”. Waldner, Rapport	121
8. 2011 - Volkshervorming. Ds. G. Grobler	122
9. 2013 - Afrikaanse definisies. HAT	161

VOORWOORD

Psalm 119:1-3

Welgeluksalig is die opregtes van weg,
wat in die wet van die HERE wandel.
Welgeluksalig is die wat sy getuienisse bewaar,
Hom van ganser harte seek;
ook geen ongeregtigheid doen nie,
maar in sy weë wandel.

Diepe dankbaarheid word betuig aan die Skepper van die Heelal, ons Hemelse Vader, Gesalfde Koning, Ewige Hoëpriester, Trooster wat dit vir ons moontlik gemaak het om met die Bybelse gebruik van die lot ook Sy Goddelike Wil te verneem en Sy Goddelike Stem te hoor. Opregte dank gaan aan elke geliefde, vriend, familielid, medegelowige, persoon, bron en proefleser wie se bydraes hierdie lot kroniek moontlik gemaak het, sodat die Bybelse gebruik van die lot weer in ere herstel kan word deur die kinders van die HERE God.

Die lot kroniek fokus hoofsaaklik op die Suid-Afrikaanse geskiedenis oor die gebruik van die lot, met aanleidende gebeure in Egipte, Israel, Midde-ooste en Europa, asook enkele gebeure in Engeland, VSA en China wat tydgebonde geskiedenis oor die gebruik van die lot weergee.

Die lot is deur die HERE God gegee as manier waarop Sy diensknegte Sy inspraak op 'n besondere manier kan verneem. Nie al die lot-gebruikers het volgehou op die WEG wat God bepaal het volgens die verordeninge van die Tabernakel van God in Moses se tyd nie. Sommiges het nagelaat om God te raadpleeg, en het dan die gevolge van eiewysheid self gedra. Die gebruik van die lot in waarsêry, toekomsvoorspelling en loterye het later van tyd baie vermeerder, waarteen die Hervormers hulle baie sterk uitgespreek. Vervolging deur die Roomse Kerk en loterye het parallel toegeneem voor en tydens die Hervorming, wat wys dat godsdiens en finansies saamgespan het teen vrome Christene. Vandag word die lot in verskillende variansies toenemend regoor die aarde gebruik deur beide Christene sowel as heidene. Christene maak onder leiding van die Heilige Gees op 'n spesifieke besondere manier gebruik van die lot om die wil van God te wete te kom, soos ons uit 'n menigte Bybelse voorbeelde leer.

HEBREEUSE TERMINOLOGIE

In hierdie kroniek word na God verwys deur gebruik te maak van die titel “**die HERE**” soos ons dit lees in die 1933/53 Afrikaanse Ou Vertaling Bybel, waar “die HERE” verwys na die Heilige Gedenknaam van ons Hemelse Vader in Paleo-Hebreeus יהוה, en as “**JHWH**” getranslittereer in Afrikaans, en uitgespreek met Heilige ontsag as “*JaH-WeH*” (Jâ-wê) of “*JaH-ÛeH*” (Iâ-uê).

Die benaming “Jesus Chritus” verwys na die Naam van ons Verlosser “Jahshua, die Messias” in Hebreeus, gebore uit die stam van Juda uit Israel, wat met Sy Bloed vir my en u betaal het op Golgota aan die vloekpaal. Die titel “Heilige Gees” verwys na “JaH Kodesh Ruach” in Hebreeus. Die titel “God” verwys na die Hebreeuse titel “Eloha”, en “God-3-Enig” na “Elohim” in Hebreeus. Die titel “my Heer” verwys na “Adonai” in Hebreeus.

Met hierdie kroniek gaan al die lof, eer en dank tot in alle ewigheid aan God-3-Enig: Vader, Seun en Heilige Gees, Hallelu-JAH! Amen.

1. GESKIEDKUNDIGE OORSIG

Die Bybel leer ons van die gebruik van die lot om die wil van die HERE te wete te kom in uitsonderlike sake. (Hand. 1:7, Spr. 33:16 en Spr. 18:18). Daar bestaan meer as **140 voorbeelde in die Bybel** waar gelowiges die lot “gewerp” het nadat hulle tot God gebid het vir onderskeiding, leiding en openbaring. Hulle het God op hierdie eenvoudige manier geraadpleeg om hulle verantwoordelikheid in God se Koninkryk te wete te kom. Gelowiges in die Almagtige Skepper het die lot gebruik in algehele afhanklikheid in God se voorsienigheid. Die eerste apostels van Christus het so die lot gebruik onder leiding van die Heilige Gees. Menige Godvresende gelowiges in Christus gebruik die lot in kinderlike afhanklikheid tot vandag toe, binne kerkverband en daarbuite.

Hierdie kroniek handel oor die geskiedenis van die gebruik van die lot, van voor ons volksplanting aan die Kaap, tot vandag toe. Die gebruik van die lot kom algemeen voor vanaf die vroegste tye, maar nie almal het God gedien nie, soos gesien sal word in 'n paar voorbeelde. Geskiedenis van die gebruik van die lot word aangehaal wat aan Bybelse vereistes voldoen en ander wat nie voldoen nie, sodat die leser deeglik ingelig kan wees. Ondersoek hierdie saak biddend en onder leiding van die Heilige Gees.

Ten einde gekwalifiseerde onderskeid te kan tref op Bybelse gronde, tussen die **Bybelse** en die **heidense** gebruik van die lot in die geskiedenis, word daar op die verskeie geskiedkundige standpunte oor die Teologiese agtergrond van die gebruik van die lot gelet. Regdeur die geskiedenis word sterk standpunt ingeneem vir die **heilige gebruik** van die lot soos deur God ingestel in die Bybel, teenoor die **heidense gebruik** van die lot, wat onaanvaarbaar is voor die aangesig van God.

Inspraak van die HERE deur die lot oor die afgelope 4500 jaar, word aangetref by die volgende gelowiges:

- Ou Testament: Noag, Abraham, Isak, Jakob, Josef, Moses, Leviëte, Josua, Israeliete, Profete, Rigters, Samuel, Saul, Dawid, Salomo, Jode, Makabeërs.
- Nuwe Testament: Priesters in die Tempel van Jerusalem, Apostels, Dissipel vergadering van 120 persone, Matthias en die 11 Apostels, Thomas, Mattheus.
- Vroë Kerkgeskiedenis: Vroë Kerkvaders, St. Augustinus, Rooms Katolieke Priesters, St. Aquinas, die Waldense, predikers, priesters, biskoppe.
- Hervorming: Luther, Calvyn, Amesius, Voetius, Guido de Bres, Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus, Christene, Peitiste, Puriteine, Morawiërs, Prof. Kuyper, Prof. Geesink
- Kaap en Voortrekkergeskiedenis: Wilhelmus a Brakel, Andries Pretorius, Origstad Volksraad, Kerkrade, NG kerk Stellenbosch, Genadendal Moerawiese sendingstasie, sendelinge, Angola Trekboere, S.J. du Toit.
- Suid-Afrikaanse geskiedenis: Prof. J.D. du Toit (Totius), Prof. Cachet, Prof. Postma, NHK, NGK, GKSA, NH of G - Verenigde Kerk, APK, GKK, Ds. W. ten Haaf, Dr. G. Grobler, Prof. Douma, Dr. M.J. du Plessis, ens.

Tydens die hervorming het die Hervormers bepaalde Teologiese standpunte geformuleer wat vandag nog gehuldig word deur Christene wat gebruik maak van die lot, om so die raad en lotsbeslissing van die HERE God te verneem.

GESKIEDENIS VAN DIE TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE, HERVORMING STANDPUNTE EN TOEPASSING BINNE CHRISTELIKE KRINGE.

Deur die eeue vervolg die Vroë Chritelike- en Rooms-katolieke Kerk die heidene en afvallige Christene wat op 'n heidense manier van die lot en ander vorme van toekomsvoorspelling en raadpleging gebruik maak. Christene was eers van die korrekte Bybelse gebruik van die lot geleer vanaf die Hervorming.



430n.C. **Augustinus** het die mistiek as 'n blywende deel van die Christelike godsdiens gevestig. Hy het Psalm 30:16 (31:15)(31:16) "My lots are in Thy hands," in verband gebring met die werp van die lot. Hy het gesê: "It is not wrong to cast lots, for it is a means of ascertaining the Divine will when a man is in doubt." Van Spr. 16:33 sê hy: "Lots are cast into the lap, but they are disposed of by the Lord: **sortilege** of this kind is not wrong in itself." (p.31)



1265n.C. **St. Thomas Aquinas**, bekend as "Doctor of the Church", se bekendste werk "Summa Theologica" handel oor die bygelowe rondom toekomsvoorspelling en raadpleging deur gebruikmaking van die lot. Hy sê daar is 4 gevalle waar die gebruik van die lot verkeerd is:

1. As dit nie werklik nodig is nie,
2. As dit sonder vrees en agting vir die Almagtige God geskied,
3. As dit misbruik word vir wêreldlike sake,
4. As dit nie onder leiding van die Heilige Gees geskied nie.

Hy sê daar is dringende gevalle waar die gebruik van die lot wel geoorloof is, mits dit in die vrees van die HERE plaasvind. (p.34-35, 96-111)



1517n.C. **Martin Luther** het gesê: "elkeen is 'n priester", maar nie 'n prediker nie. Gevolglik het die Hervormers weer die gebruik van die lot in heroënskou geneem, en op Bybelse gronde is die gebruik van die lot weer opgeneem. Regdeur die Bybel het gelowiges in die Almagtige Skepper en die priesterdom van die lot gebruik maak om die HERE te raapleeg. (p.37)



1540n.C. **Johannes Calvyn**, wat vanuit 'n geloofs- en regs-oogpunt na die gebruik van die lot gekyk het, sê dat persone wat die gebruik van die lot veroordeel sonder uitsondering, onkundig is oor die Bybel. Calvyn bring die werp van die lot van Spreuke 16:33 in verband met God se voorsienigheid. Hy sê daar is geen twyfel dat God die gebruik van die lot goedkeur nie. Daar is sekere omstandighede waarin ons ons met die lot tot God kan beroep, maar die lot kan nie voor die voet gebruik word nie. Die lot is deel van die Bybel en siviele reg. Dit is toelaatbaar dat die lot gebruik word om erfposies te bepaal. Dit is wettig om die lot te gebruik met groot ondernemings, en met verdeling van werk. Hy sê daar is wel sommige gevalle waar die gebruik van die lot nie geregtig is nie. (p.37-38)



1561 n.C. **Guido de Bres** stel die Nederlandse Geloofs-belydenis op in 1561, terwyl Ursinus en Olevianus die Heidelbergse Kategismus opstel in 1563. Hulle bring die werp van die lot van Spreuke 16:33 "In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die HERE" direk in verband met God se voorsienigheid, in teenstelling met toevalligheid. Op grond van hierdie artikels van die belydenisskrifte spreek menige Hervormers hulle uit teen dobbelary. (p.38)



1700n.C. **Wilhelmus a Brakel**, bekende Gereformeerde Nederlandse Puriteinse Teoloog skryf in “Redelijke Godsdienst” dat die gebruik van die lot onder die 3^{de} Gebod beoordeel moet word. Brakel sê: Die gebruik van die lot in dobbelspel is ‘n bespotting van God se voorsienigheid, en gevolglik is alle spel wat op toeval gebaseer is onaanvaarbaar vir die Christen. Die gebruik van die lot is ‘n Godsdienstige aktiwiteit wat gereguleer word deur die Woord van God, wat die omstandighede bepaal wanneer, die manier waarop, en die doel waarvoor die lot gebruik mag word. Die gebruik van die lot is ‘n Godsdienstige aktiwiteit; waarin leiding vanaf God gesoek word, en waarin ‘n versoek gerig word dat God sy wil openbaar. Daarom moet gebed voorafgaan (Hand. 1:24-26). Dit moet gebruik word in uiterse omstandighede waarin God se hand op ‘n uitsonderlike manier gesien kan word. Die lot moet ook gebruik word om geskille op te los. (Spr. 18:18). Die lot is ‘n uitsonderlike manier waarop die wil van God verneem word in uitsonderlik belangrike situasies. (p.40-41, 94-95)



1838n.C. **Andries Pretorius** het versoek dat hy slegs as leier van die Voortrekkers sal optree indien die HERE God hom met die lot verkies. Nadat God hom verkies het vind die slag van Bloedrivier plaas; waarvan die eer van die oorwinning tot in alle ewigheid aan die HERE God behoort! (p.43, 122-123, 141)




1869n.C. **Jan Lion Cachet** was met die lot aangewys as tweede dosent van die nuwe Gereformeerde Teologiese skool te Burgersdorp, om vir **Ds. Postma** by te staan. Die gebruik van die lot was bekend in Gereformeerde kringe en eers in 1873 besluit die GKSA Sinodes oor die vereistes rondom die gebruik van die lot. (p.44, 52)



1877n.C. **Petrus Postma**, seun van **Ds. Dirk Postma** en swaer van **Totius**, was aangestel as eerste voltydse professor literarium aan die Teologiese Skool te Burgersdorp deur die lot te werp na staking van stemme. In 1910 besluit die GKSA Sinode weer oor vereistes rondom die gebruik van die lot. (p.52)



1908n.C. **Prof. W. Geesink** en **Prof. H.H. Kuyper** (foto) is van mening dat die gebruik van die lot geoorloof is vir die Christen om skeiding en onderskeid te maak. Geesink sê daar bestaan nie so iets soos toeval in die lewe van gelowiges in God nie, omdat God se voorsienigheid in alles geld. Daar is niks wat gebeur wat God nie laat gebeur of toelaat nie. Speletjies wat van enige vorm van die lot gebruik maak; kom neer op die onydlike gebruik van die heilige naam van die HERE God volgens die 3^{de} gebod. Op hierdie gronde word alle vorme van gelukspel, kaartspel en dobbelary veroordeel. (p.45-46,57,112-113)



1924n.C. In **1879** het **Ds. S.J. du Toit** in die proses om te besluit of hy homself verkiesbaar moet stel vir die Kaapse Parlement ook twee maal die lot gewerp. In sy boek: “Suid-Afrikaanse volkspoësie. Bijdrae tot die Suid-Afrikaanse volkskunde” bespreek hy die **lot en lotrympies**, waar dit verbandhou met **kinderrympies**. Hy dui aan dat die Jode in die ou en nuwe Testamente, die Germane, Grieke en Romeine **die gewoonte gehad het om die lot te laat beslis** (genoem *Sortes Virgilianae*). By die Christene was dit genoem die **Heilige Lot**, *Sortes sanctorum (apostolorum, prophetorum, ens.)* Hy sê dat lotrympies ontstaan het waar kinders die woorde van priesters gehoor het en daarna in hul spel opgeneem het. (p.46-47)



1922-
1949

Prof. J.D. du Toit (Totius) (Oudste seun van S.J. du Toit, Gereformeerde Predikant, Kaapse Rebel, skoonseun van ds. Dirk Postma, Digter, Teoloog, Bybelvertaler en Psalmbermyer) neem sterk standpunte in oor die Bybelse teenoor die heidense gebruike van die lot, wanneer die euwel van dobbelary aangespreek word. Van 1922 tot 1949 plaas Totius 6 artikels in die Gereformeerde Kerkblad. Totius sê

herhaaldelik: "gebruikmaking van die lot is 'n ernstige saak. Die Christelike moraliste of sedeleraars het dit beskou as 'n streng godsdienstige handeling, waarby feitlik plaasvind 'n aanroeping van die Here se hoogheilige Naam. Vandaar dat hulle die onderwerp behandel onder die derde gebod."

"Uit die Heilige Skrif is drieërlei soort lot bekend: (1) die lot van **voorspelling**, (2) die lot van **raadpleging** en (3) die lot van **verdeling**. Die eerste het betrekking op toekomstige dinge. 'n Voorbeeld van dié loting vind ons in die raadpleging van die Urim en Tumim in die borstas van die Hoëpriester (Num. 27:21; Eks. 28:30). Die tweede soort, naamlik die raadpleging, vind ons in die geskiedenis van Israel toe deur loting uitgemaak is dat Agan diefstal gepleeg het by die inneming van Jerigo (Jos. 7). Van die laaste soort lot, *was* aangewend om tot verdeling of tot opheffing van 'n geskilpunt of moeilikheid te kom, vind ons 'n voorbeeld by die apostelkeuse, toe tussen Josef en Matthias geloot is (Hand. 1:26). Dit is dié lot waarvan Salomo sê: Die lot laat die geskille ophou en maak die sterkes uitmekaar (Spr. 18:18)".

"Nou was dit die gevele van ons groot moraliste dat vir die Christen nog net die laaste soort loting geoorloof is, naamlik dié wat oplossing bring in gevalle waarin daar vir ons geen ander oplossing moontlik is nie. Alleen van die lot van verdeling mag dus deur ons gebruik gemaak word en dan onder bepaalde voorwaardes: daar moet geen ander weg oop wees om die moeilikheid op te los nie; waarby ons dan nog vermaan word om met eerbied en vrees tot die lot te nader, omdat loting feitlik 'n gebed is om 'n besondere openbaring van die Here se voorsienigheid. Ten laaste het ons sedeleraars nog gestel dat die lot alleen gebruik moet word by regverdige en geoorloofde, ernstige en belangrike sake. Ook hier geld die Skrifwoord: Die Here is naby almal wat Hom in waarheid aanroep (Ps. 145:18)."

Lotery word deur Totius veroordeel omdat; "die wortel van lotery; verlating van God is en 'n verwerping van die gesag van die Woord van God." (p.53-55, 114-115)

ONDERSKEID TUSSEN DIE BYBELSE EN HEIDENSE GEBRUIKMAKING VAN DIE LOT

In hierdie kroniek, word onderskeid getref tussen die Bybelse gebruik; waar die lot gebruik word om die HERE raad te vra (raadpleeg), of Sy keuse te vra, of Sy beslissing te vra, of Sy onderskeid te vra in verdeling, TEENoor die heidense gebruik van die lot in 1) voorspelling en waarsêry, 2) gelukspel en kaartspel, 3) loting/lotery, 4) dobbelary, 5) wiggelary en 6) toeval-bestuur. Ons moet noukeurig oplet om te onderskei tussen die gebruik van die lot om partye gelyke kans te gee en deur toeval onpartydig uitsluitel te gee (bv. in sport) teenoor die gebruik van die lot om die HERE se wil en dus GODSPRAAK te verneem.

Die term "**die lot werp**" wat baie in die Bybel voorkom verwys na die gevalle waar Israel "**die HERE met die lot geraadpleeg het**". Hoe die lot "gewerp" was is grootliks onbekend. Die waarskynlikste is dat daar 2 klippies (JA/NEE) in 'n sakkie was. Na ernstige gebed het die persoon die bepaalde lot vas gevat deur die kragvolle werking van die Heilige Gees. Die lot wat los was is dan laat val (in die skoot gewerp, op die kled van 'n sittende persoon laat val). In die algemeen het die LOOTJIES verskillende vorme aangeneem: klippies, skulpe, bene, houtjies of grassies. Soms was 'n hele reeks gemaak en in 'n sak gegooi en net een getrek, of die een na die ander getrek. 'n Moderne vorm is om papiere in 'n hoed of kollektiesakkie te gooi en een te trek. Antwoorde wat voorkom is JA/NEE of Opsie 1/2, of JA/Geen Antwoord/NEE, of Opsie 1/2/3/4/..., ens. Soms was 'n muntstuk (onregverdige Mammon) opgeskiet. Die verskillende meganismes is baie, en die heidene sowel as gelowiges het hulle gebruik. Onderskeid behoort deeglik op verskillende gebiede getref te word.

Hierdie is nie 'n teologiese studie nie, maar wel 'n geskiedkundige kroniek. In toekomstige studies kan professionele persone behoorlik onderskeid tref tussen die Bybelse en heidense gebruikmaking van die lot. Enkele observasies en opmerkings word vervolgens vanuit die geskiedenis gemaak:

GESKIEDENIS VAN DIE GEBRUIK VAN DIE LOT IN ONS AFRIKAANSE KERKE

In **1994** het die Nasionale Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk hulle duidelik uitgespreek oor die Bybelse en heidense gebruik van die lot: “Ofskoon die kans-element deel van die lot of lotery is, moet dit, teologies gesien, in die nouste verband met **Gods voorsienige bestel en sy soewereine heerskappy gesien word**. Waar 'n beslissing gegee moet word en daarvoor geen redelike wyse of metode gevind kan word nie, soos byvoorbeeld by die staking van stemme, of by die bepaling van die orde of die plek van 'n spel, kan van die lot gebruik gemaak word. In die werp van die lot ontduik die mens nie sy verantwoordelikheid nie, maar gebruik hy die lot as 't ware as gebed tot God, juis om in staat gestel te kan word om aan sy verantwoordelikheid uitvoering te kan gee. **As die beslissing nie deur die lot gegee word nie, kan daar immers nie voortgegaan word nie**. In die Skrif is daar dus ook inderdaad dikwels van die lot sprake (vgl o.a. Num. 26:55; 33:54; Jos. 14:2; 1 Sam. 14:42; Spr. 18:18; Hand. 1:23-26). In die Skrif word die beslissing deur middel van die lot steeds beskou as 'n bekendmaking van die wil van die Here. Die geskiedkundige gebruik van die lot is wel bekend onder ons professore, predikante, ouderlinge en diakens van die verskillende Gereformeerde en Hervormde Kerke van Suid-Afrika. Enkele gebeure word vergelyk:


Verglykende tabel van die gebruik van die lot binne en buite Afrikaanse kerke.

Gebruik van die lot by		NHK	NGK	GKSA	APK	Staat	Besighede	Sport
PERSONE	VERKIESING VAN AMPTENARE	JA	JA	JA	JA	JA	JA	JA
	Rekrute/Loteling	-	-	-	-	Ja	-	-
	Uittrede uit Diens	-	Ja	-	-	Ja	-	-
SAKE	BEHANDELING VAN SAKE	JA	JA	NEE	NEE	JA	JA	JA
	Bepaling van Name	Ja	-	-	-	-	-	-
	Vervoermiddel besluite	-	Ja	-	-	-	-	-
	Bepaling van Pryse (Koop of wenpryse)	-	-	-	-	Ja	Ja	Ja
	Sitplek/speelplek aanwys	-	Ja	-	-	Ja	-	Ja

Meeste Afrikaanse Christen kerke/organisasies gebruik vandag die lot met die verkiesing van persone of hantering van sake wanneer daar “staking van stemme” voorkom. Dit is duidelik dat die verskillende lot-werp prosedures, of prosesse van eliminasië, rondtes van stemmery, nie dieselfde geleentheid aan Christus bied om Sy gemeentes hierdeur te regeer nie.

Wanneer die **LOT-PROSES DIAGRAMME** geanaliseer word in terme aspekte soos: **geestesingesteldheid, hartsgesindheid, proses-logika, statistiese kans-elemente en meningsvormings dinamika** van elke proses, sien ons ook dat **onnodig gekompliseerde verkiesings prosesse, herhaling van stemming en beïnvloeding van stemming deur manipulasie van die meerderheids-mening** die HERE God weerhou het van gepaste inspraak deur die lot in 'n bepaalde gemeente/groep/organisasie. Daar is in wese 'n groot verskil tussen Christus wat verkies teenoor mense wat verkies. Byvoorbeeld wanneer Christus self kies uit 'n voorgestelde twee-tal (dubbeltal) kandidate in Hand. 1:26 tussen Josef en Matthias. “Staking van stemme” was waarskynlik nie vir die apostels die motivering vir die gebruik van die lot nie, maar wel dat Christus se gesag eerbiedig is, deur aan Hom die eerste keuse te bied. Volgens die voorbeeld van hulle harts-motiewe kan ons finaliste voorstel, waarna die HERE self deur die lot verkies. Op hierdie manier is dit moontlik dat Christus alleen alle verkiesings behartig. In 'n Christo-sentriese bedeling behoort die inspraak van God deur die lot gevra te word terwyl daar volkome afhanklikheid van God is. Sodoende onderwerp ons onself volkome aan die gesag van Christus in ons gesin, kerk of organisasie, soos dit duidelik raak in die lot proses diagramme hierna:

Die gebruik van die lot in die proses van raadpleging kan onder andere soos volg voorgestel word vanuit Bybelse voorbeelde, met die Tabernakel van God as strukturele raamwerk:



‘n Eenvoudige voorbeeld van lot stene wat gebruik is:



WIT = JA


**BLOU =
GEEN ANTWOORD**
(A.G.V. ONBESLIS/
DIEPER SAAK/
VRAAG ONDUIDELIK,
ENS. ...)

SWART = NEE


Die verskillende werkinge van die lot word in die volgende lot diagram vergelyk tussen 2, 3 of meer lot-keuses:

LOT-PROSES DIAGRAM: LOT-WERKING

1: JA/NEE




2: JA/GEEN/NEE



Die HERE antwoord ook nie: 1Sam. 14:37, 28:6, 2 Sam. 22:42, Ps. 18:41, Hoogl. 5:6, Jes.8:17
 Indien ons byvoorbeeld vra: “Moet ek nie gaan nie?”

- Antwoord 1: JA, moet nie gaan nie. – Beteken: moet nie gaan nie!
- Antwoord 2: NEE, moet nie gaan nie. - Beteken: moet nie gaan nie!
- Antwoord 3: GEEN ANTWOORD, omdat dit beter is om te vra: Moet ek gaan? JA, gaan.


3: A/B/C/.../N





Meervoudige antwoord voorbeelde: Watter 1 van die 10 word gekies? Loterye, ens.....

In terme van die lot kan ons nou die verkiesing van die 12de apostel bekijk:


LOT PROSES DIAGRAM 1: VERKIESING VAN MATTHIAS DEUR DIE HERE



Vergelyk nou diagramme 2 en 3 wat nog lot werp procedures bevat:



Die raad en beslissing van Christus in Sy sake was ook verneem word deur die lot. Die Bybelse gebruik van die lot kan deel gemaak word van ons lewens, by verkiesings en hantering van sake, op sodanige manier wat volkome eerbied aan Christus gee, soos byvoorbeeld in diagram 4:



GESKIEDENIS VAN DIE LOT IN OPVOEDING.

Min was in die geskiedenis gedoen sover om kinders te leer oor die korrekte gebruik van die lot sodat hulle nie meegesleur en ingesluk word deur die verkeerde gebruik van die lot in kaartspel, lot-speletjies, loterye, towery, spiritisme en okkultisme nie. In die negatiewe moderne geestelike atmosfeer waarin ons kinders grootword, behoort hulle die korrekte Bybelse leefwyse geleer te word voordat hulle afvallig raak. Daar is enkele studiestukke in leerplanne waaruit leerlinge en teologie studente leer, maar die inhoud daarvan kan baie meer onderskei tussen die Bybelse en heidense gebruike van die lot.

GESKIEDENIS VAN DIE BYBELSE GEBRUIK VAN DIE LOT OM TOT DIE HERE GOD TE BID OM DIE GODDELIKE BESLISSING DEUR DIE LOT TE VERNEEM EN GODDELIKE RAAD TE VRA.

Die Bybel verwys herhaaldelik na die gebruik van die lot as 'n godsdienstige handeling waarin die uitslag as 'n definitiewe uitspraak van God gesien was. Dit was gebruik in belangrike sake waar daar nie op 'n ander wyse tot 'n antwoord gekom kon word nie. Dit was 'n ernstige godsdienstige saak wat met ernstige gebed gepaard gegaan het, en nie ligsinnig of ligtelik gehanteer was nie. Verootmoediging voor God en 'n lewe van heiligmaking was voorvereistes vir die gebruik van die lot om God mee te raadpleeg. Nadat gebid was tot God vir die beslissing deur die lot, was die lot gewerp.

Vanuit die geskiedenis gesien staan die lot Teologies gesien, in die nouste verband met Gods voorsienige bestel en sy soewereine heerskappy. Waar 'n beslissing gegee was en waarvoor geen redelike wyse of metode gevind kon word nie, soos bv. by verkiesing van persone, en hantering van bepaalde sake, kon van die lot gebruik gemaak word. In die werp van die lot het die mens nie sy verantwoordelikheid ontduik nie, maar die lot gebruik as te ware as gebed tot God, juis om in staat gestel te kon word om aan sy verantwoordelikheid uitvoering te kon gee. As God se beslissing nie deur die lot gegee was nie, kon daar immers nie voortgegaan word nie. In die Skrif is daar inderdaad dikwels van die lot sprake. In die Skrif word die beslissing deur middel van die lot steeds beskou as 'n bekendmaking van die wil van die HERE.

Voorstpruitend is daar 'n voortdurende en dinamiese verband tussen gebed en die handeling van die volgelinge van Christus. Dikwels kan ons God spesiaal aanroep deur Hom te raadpleeg met die lot in 'n saak waarin menslike onmag, afhanklikheid of verootmoediging te pas kom. Ons word uitgenooi en opgeroep om God se aangesig te soek in Jes. 8:19: "...— moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie....?" Ook in Jer. 33:3 Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie.

Om God te raadpleeg is om Sy raad te vra; sodat ons ons verantwoordelikhede voor Hom kan nakom, in die hede met die oog op die toekoms. Deur die geskiedenis het Christen gelowiges God geraadpleeg, deur onder ander van die lot gebruik te maak, waar daar gevalle was van ernstige siekte, sake van lewe en dood, bedreigings, storms, oorlog, waarskuwings, Goddelike openbaring deur drome en visioene, droogtes, hongersnood, vloeke, seënninge, verwarring, misleiding, regsake, vervolging, verkiesings, opdragte, ens. Ook wanneer gelowiges nie self kon onderskei watter opsie is die mees verkieslikste in God se oë nie, bv. 'n huidige of nuwe werk, swangerskappe, geestesongesteldheid, sendingreise, huweliksake, ens.. Die lot is ook gebruik om God se goedkeuring te vra sodat daar met God se koninkrykswerk voortgegaan kan word.

Die geestes-ingesteldheid wat met die gebruik van die lot gepaard gaan was met ontsag vir God, liefde teenoor God en liefde vir die naaste, nederigheid, respek, ens.. Die geestes-ingesteldhede wat wat nie regverdigbaar voor God nie, is: nuuskierigheid, gierigheid, verveeldheid, verdeeldheid, partyskap, ongesonde kompetisie, onmin, twis, haat, nyd, wensdenkery, geheimsinnigheid, persoonlike agendas. Uit die geskiedenis is dit duidelik dat die gebruik van die lot gestaak was deur gelowiges wat nie volhard het in 'n lewe van volkome afkanklikheid tot God, en 'n lewe van heiligmaking nie. Kyk vervolgens na die lot-proses diagramme vir raadpleging en lot-werking:

GESKIEDKUNDIGE BESWARE TEEN DIE HEIDENSE GEBRUIKE VAN DIE LOT IN SPORT, LOTERY, LOTING, DOBBELARY, KAARTSPEL, GELUKSPEL, VOORSPELLING EN WIGGELARY.

Die Bybel maak melding waar die lot gewerp is deur die heidene in Jona se geval om hom as die skuldige uit te wys, en in Ester se geval om die datum van die oorlog teen haar volksgenote te bepaal. Ons kerke het verskei kere standpunt ingeneem teen die heidense gebruik van die lot. Die NG Kerk se Algemene Sinode Lotto-verslag maak melding van die tradisioneel Gereformeerde siening van die gebruik van die lot: "Om aan lotery deel te neem, is om 'n ongeoorloofde gebruik van die lot te maak. Die Bybel leer ons dat die lot 'n heilige handeling is waarin 'n beroep op God gedoen word om in sy besondere voorsienigheid self 'n beslissing te neem."


Oor die gebruik van die lot en dobbelary word tot vandag toe die Hervormers se standpunte gehuldig deur die Gereformeerde Kerke (NHK, NGK, GKSA, en APK). Humanistiese neigings word bespeur in ons Kerke, wat die saak nie genoegsaam hanteer nie. Die Bybel is baie duidelik oor die onaanvaarbaarheid van towery, hekserie en toekomsvoorspelling. Daar is reeds baie gesê oor die onaanvaarbaarheid van fortuinvertelling, waarseëry, toekomsvoorspelling, voorspelling, gelukspel, loting, lotery, dobbelary, wiggelary, dol-os gooiery en toeval-bestuur. Hierdie heidense gebruike van die lot is ongeoorloof in 'n Christo-sentriese samelewing!

Die lot word heelwat in sport gebruik deur te loot. Die gebruik van die lot kan **algeheel** uit sport verwyder word deur van verskeie bestaande opsies gebruik te maak, soos 2 dames wat spring in netbal om die bal te vang. In een enkele kragmeting waar krag, spoed en tegniek die deurslag gee; word die een wat eerste kant kies uitgesonder. Die een wat suksesvol is kies eerste kant waar daardie span wil speel. So kan daar verskeie ander maniere gevind word om nie van die lot gebruik te maak waar dit nie volgens die Bybel tuishoort nie. Volgorde van spel kan op verskeie maniere gereël word sonder die lot. Sodoende sal die heilige lot van God weer in ere herstel word in ons volk en land, en ons kinders 'n heilige respek vir die Almagtige Skepper kry in hierdie verband. Hierdie saak vereis Geestelike leierskap en regstelling as daar na diagram 5 gekyk word:




LOT PROSES DIAGRAM 5: EERSTE SPELER BEPAAL IN SPORT

Spel ordening met die lot:



Die gebruik van die lot by enige spel ordening kan nie Bybels geregverdig word nie, en is in 'n Christelike samelewing onaanvaarbaar.

Spel ordening sonder die lot:



Spel ordening kan sonder die lot geskied. In 'n Christelike samelewing behoort die gas of mindere die beter geleentheid van spel te kry.

Spel ordening deur vaardigheid:

Span A en Span B se beste spelers meet kragte in 'n kragmeting bv. 2 slotte spring vir die rugbybal, 2 netbalspeelsters vang die bal, 2 debatvoerders beantwoord 'n paar vrae, ens.


Spel ordening kan so sonder die lot geskied. In enige kompeterende sport behoort vaardigheid die deurslag te gee en nie toeval nie.

Kan u nog onthou hoe ons as kinders albasters gespeel het by die skool. Die een wat eerste speel moet die vraag beantwoord: **Kop of stert?** Deur daaraan deel te neem het ons onwetend oortree teen die HERE, soos ons kan lees in Deut. 28:13-15 "En die HERE sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die gebooie van die HERE jou God wat ek jou vandag beveel om te hou en te doen, en jy nie regs of links afwyk van al die woorde wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop om hulle te dien nie. Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal."




LOT PROSES DIAGRAM 6: BEPALING VAN DIE WENNER BY GELYKOPSEL

Wenner bepaling met die lot:




Die gebruik van die lot om weners in enige spel aan te wys kan nie Bybels geregverdig word nie, en is in 'n Christelike samelewing onaanvaarbaar.

Weners deel:



Weners kan sonder die lot bepaal word. In 'n Christelike samelewing behoort ons spel nie oor wen en verloor te gaan nie. Al twee kante is ewe sterk en het hulle beste gespeel, wat in 'n wen-wen situasie kan eindig.

Wenner bepaling deur kragmeting:




Wenner bepaling kan so sonder die lot geskied. In enige kompeterende sport behoort vaardigheid die deurslag te gee en nie toeval nie.

Die gebruik van die lot om partye gelyke kans te gee en deur toeval onpartydig uitsluitel te gee is nie Bybels geregverdigbaar nie. Die huidige aanwending van die lot op heidense wyse sluit die volgende in: speelbeurt bepaling in sport, spreekbeurt bepaling vir redenaars, speelkaart speletjies, "tarot" kaart voorspellings, wen van pryse deur loting, verkiesing van mense deur loting, speletjies wat van dobbelsteentjies gebruik maak, ens...

Wanneer die lot gebruik word as middel om geldpryse of ander vorme van eiendom te verkry, word dit dobbelary en word die kans-element dus 'n wyse van eiendomsverwerwing en hieroor bestaan daar ernstige morele besware. Die grondslag hiervan lê bykans deurgaans 'n appél op die mens se inherente begeerte na meer en wat ons uiteindelik kan noem: gierigheid.


LOT PROSES DIAGRAM 7: FONDSINSAMELING

Fondsinsameling d.m.v. die lot gebaseer op bedel vir fondse en valse hoop aan die skenker :



Die gebruik van die lot by enige fondsinsameling kan nie Bybels geregverdig word nie en is in 'n Christelike samelewing onaanvaarbaar. Hierdie loting is 'n baie subtiele vorm van dobbelary.

Fondsinsameling d.m.v. bemerkings vaardighede gebaseer op sinvolle lewensvatbare projekte:



Fondsinsameling kan sonder die lot geskied. Deur deeglike bestuur van inkomstes en uitgawes word die nodigheid vir fondsinsamelings grootliks beperk.

Die gebruik van ander lot-instrumente/toerusting/megansimes waardeur antwoorde ontvang word soos dreidels, kaarte, L-drade, wiggelroedes (mikstokke), stafstokke of pendulums waarmee water en minerale byvoorbeeld gesoek word, sonder dat daar in opregtheid, reinheid en geregtigheid tot die HERE God gebid word kan nie as Bybels geregverdig word nie.

Ons word teen al hierdie bogenoemde sondige gebruike gewaarsku in Jes. 65:11: “Maar julle wat die HERE verlaat, wat my heilige berg vergeet, wat 'n tafel dek vir die **geluXsgod** en die mengsel inskink vir die **godin van die noodlot**—“. Ook in Hosea 4:12 “My volk **raadpleeg sy hout**, en sy **staf moet hom die inligting gee; want 'n gees van hoerery het hulle verlei**, en deur hulle hoerery het hulle van hul God afvallig geword.” Die opskiet van 'n muntstuk of trek van 'n papier (gemaak van hout) uit 'n houer, of enige soortgelyke aksie om tot 'n besluit te kom waar die uitkoms nie deur die persone self gekies word nie, is om misbruik te maak van die God-ingestelde korrekte gebruikmaking van die lot.



Pendulum

Psalm 43:3-4

“Stuur u lig en u waarheid; laat dié my lei;
laat dié my bring na u heilige berg en na u woninge,
dat ek kan ingaan na die altaar van God,
 na die God van my jubelende blydskap en U kan loof met die siter, o God, my God!”

- EINDE VAN GESKIEDKUNDIGE OORSIG -

2. KRONOLOGIESE GESKIEDKUNDIGE GEBRUIKE VAN DIE LOT.

Die gebruik van die lot in sommige gevalle is waarskynlik vroër as datums wat hier aangehaal word bv. die 1994 - 2012 Reglemente van die NG Kerk vereis die gebruik van die lot by staking van stemme (verkiesing van persone en hantering van sake), maar ons weet dat die lot in die NGK lank voor 1994 reeds daarvoor gebruik was, soos die geval is in die Gereformeerde Kerk vanaf 1869. Meer argiefdata word benodig vir verdere verwysings.

JAAR	GEBEURE	BRONNE
2.1 OU TESTAMENT TYDPERK		
2452 v.C.	Noag en sy seuns verdeel die aarde met die lot om te bepaal wie waar gaan woon.	Boek van Jubeleums. Hoofstukke 8, 9, 10
2025 v.C.	Rebekka (swanger met Jakob en Easu) gaan na Moria. Sy vra Sem, Heber en Abraham om die HERE te raadpleeg oor die swangerskap.	Gén. 25:21-23, Boek v.d. Opregte 26
1875 v.C.	Josef vra vir Benjamin om te bepaal waar sy broer is deur 'n instrument (sy silwerbeker) en sterrekaart te gebruik.	Boek van die Opregte 53: 18-21, 30
1875 v.C.	Josef gebruik sy silwerbeker om waarneming en voorspellings te doen.	Gén. 44: 5,15
1446 v.C.	Moses raadpleeg God om regspraak te lewer vir Israel.	Eks. 18:15-16
1446 v.C.	Aaron verneem die HERE se beslissing deur die Urim en Tummim.	Eks. 28:30, Lev. 16:9
1446 v.C.	Die HERE beveel Moses om die land aan Israel te verdeel deur die lot.	Núm. 26:55-56:
1407 v.C.	Josua verwyder die ban onder Israel uit deur die HERE met die lot te raadpleeg. Agan word as oortreder uit die hele volk uitgewys.	Josua 7:14
1339 v.C.	Josua werp die lot in Silo en die HERE verdeel die land vir die 12 stamme van Istraël. Elke stam van Israel ontvang grondgebied.	Josua 18:10
1235 v.C.	Debóra, profetes en rigter in Israel rig die volk deur regspraak.	Rigt. 4:4-5 en 5:7
1041 v.C.	Die lot word tussen Saul en Jonathan gewerp. Jonathan is skuldig.	1 Sam. 14:42
1010 v.C.	Saul raadpleeg die HERE, die HERE antwoord hom nie deur drome, of die Urim, of die profete nie.	1 Sam. 28:6
950 v.C.	Salomo getuig dat elke beslissing van die lot; kom van die HERE af, en dat die lot geskille laat ophou en sterkes uitmekaar maak.	Spr. 16:33 Spr. 18:18
760 v.C.	Jona word met die lot uitgewys as skuldige op die skip.	Jona 1:7
487 v.C.	In antieke Griekeland was archonskappe deur loting toegeken aan enige burger.	af.wikipedia.org/wiki/Archon
444 v.C.	Na die terugkeer uit Babilon gebruik die Jode o.l.v. Esra/Nehemia die Urim en Tummim en bepaal wie kwalifiseer v.d. priesterskap.	Esra 2:62-63 Neh. 7:64-65
305 v.C.	Die nageslag van die legendariese Altlanders, wat 'n taal gepraat het na verwant aan Afrikaans, kies weer 'n eremoeder met die lot.	Oera Linda Kroniek, p.141, Vaandel, 2004
205-187 v.C.	Chinese lotery speletjie KENO ontstaan. Lotery word gebruik om dele van die Groot Muur van China te befonds.	www.historyoflottery.com/
190 v.C.	Jesus ben Eleaser ben Sirag lewer kommentaar oor die gebruik van die lot by erflatenskappe.	Wysheid van Sirag 14:13-15
135 v.C.	Laaste Makkabeër Hoepriester gebruik die Urim en Tummim volgens Josephus.	Urim en Tummim Wikipedia
27 v.C.	Slawe en eiendom word gegee as pryse van loterye in die tyd van Romeinse Keiser Augustus. Lotery kaartjies verkoop in Rome.	Encyclopedia Brittanica
2.2 NUWE TESTAMENT TYDPERK		
8 v.C.-5	Sagaria se priesterlike diensbeurt vlg. gewoonte bepaal met die lot.	Luk. 1:9
25-33	Christus se Klere was verdeel deur soldate wat die lot gewerp het.	Ps. 22:19, Mat. 27:35
33-35	Matthías was gekies as apostel deur die Here met die lot, onder leiding van die Heilige Gees, in die vergadering van dissipels waar 120 persone teenwoordig was.	Hand. 1:15-26
33-35	Apostel Tomas deur lot aangewys om die evangelie in Indië te preek.	Acts_of_Thomas
33-35	Apostel Matteus met die lot aangewys om na die stad Marmadonië te gaan om die evangelie daar te verkondig.	Acts_of_Matthew..Cit y-of-Cannibals

2.3 VROË KERKESKIEDENIS TYDPERK

68	Loterie word gehou in die Romeinse Ryk in die tyd van Romeinse Keiser Nero.	Encyclopedia Britannica
75	1000 Jode pleeg selfmoord by Madasa, deur 10 man aan te wys met die lot wat die ander moet doodmaak. Een was met die lot aangewys wat die ander 9 man en dan homself moes doodmaak.	Josephus, Wars of the Jews, Section 7.9.1.
98	Tacitus skryf oor die algemene gebruik van die lot deur die Germaanse stamme in Skandenawië.	Wikipedia Cleromancy
305	Sinode van Elvira dat "toordokters" wat Christene geword het hulle roeping afsweer voordat hulle lidmaatskap van die Kerk verkry.	New Schaff Herzog Encyclopedia
306-337	Constantius vaardig die doodstraf uit vir waarsêers wat die toekoms voorspel. Vir die lewens van die konings word gevrees.	Catholic Encyclopedia
314	Sinode van Ancyra veroordeel die beoefening van die kunste van toekomsvoorspelling. Diegene wat dit doen en hulle wat diegene raadpleeg kry 'n 5 jaar boete.	es.convdocs.org/docs/index-15911.html
354-430	"a gloss of Augustine on Ps. 30:16, "My lots are in Thy hands," says: "It is not wrong to cast lots, for it is a means of ascertaining the Divine will when a man is in doubt."	Summa Theologica, Question 95, Article 8
360	Konsilie van Laodicea verbied geestelike geleerdes/priesters/ geestelike leiers om amulette te maak en te dra.	Catholic Encyclopedia
398	Sinode van Carthage verban diegene wat toekomsvoorspelling beoefen. Wetgewing van die tyd raak al hoe intenser tot en met die Codex Theodosianus in die jaar 439.	New Schaff Herzog Religious Encyclopedia
401-500	Sinodes van Gallië dreig die geestelike geleerdes/priesters wat betrokke raak by toekomsvoorspelling met boetes.	New Schaff Herzog Encyclopedia
409	Konsilie van Barelona bepaal dat drie-talle (3 <i>finaliste</i>) gebruik word in die verkiesing waar Biskoppe met die lot aangewys word.	1883 Th. Movement, A.P. Perceval, p.123
452	Konsilie van Arles gebruik drie-talle in die verkiesing waar Biskoppe met die lot aangewys word.	Joseph Bingham Works. London
465	Sinode van Vannes verbied die gebruik van die lot deur geestelike geleerdes/priesters/geestelike leiers.	New Schaff Herzog Encyclopedia
506	Sinode van Agde verklaar dat "Sortes Sanctorum" (Bibliorum) teen vroomheid en die geloof is.	Catholic Encyclopedia
511	Kanon van Orleans verban almal wat deelgeneem het aan toekomsvoorspelling en towery.	Catholic Encyclopedia
538-594	In die tyd van Gregory van Tours was van 'n Bybel-lot metode gebruik gemaak om skuldiges uit te wys.	New Schaff Herzog Encyclopedia
599	Die Spaanse Kerk gebruik drie-talle in die verkiesing waar Biskoppe met die lot aangewys word.	Joseph Bingham Works. London
630	Die Germaanse wetgewing; <i>Lex Ripuaria</i> en <i>Lex Saxonum</i> (802) het die gebruik van die lot ingesluit.	New Schaff Herzog Encyclopedia
664	Gebruik van die lot word goedgekeur deur die vroeë Ierse Sinodes.	New Schaff Herzog
831	Biskop Anskar merk op dat die Denemarkers die lot algemeen gebruik.	Wiki Cleromancy

2.4 ROOMS-KATOLIEKE TYDPERK

1054	Oostelike en Westelike kerk skeur. Die vroeë Kerk se benadering deur die eeue kon die heidense gebruik van die lot nie uitwis nie.	Catholic/ Shaff Herzog Encyclopedia
1150	Gratian publiseer "Corpus Juris Canonici", daarin word geskryf oor die algehele onaanvaarbaarheid van die gebruik van die lot.	Summa Theologica Question 95, Art 8
1176	Die Waldense beweging en herlewing begin in Frankryk. Die Waldense gebruik ook die lot met verkiesing van persone vir kerkampte.	Waldenses History. A.P.Perceval, 1883
1265	St. Thomas Aquinas se bekendste werk "Summa Theologica" handel oor die bygelowe rondom voorspelling en raadpleging deur gebruikmaking van die lot.	Summa Theologica Question 95 Article 8
1300's	Wiggelroedes gebruik in Europa deur priesters in raadpleging, toekomsvoorspelling en regsake.	http://nl.wikipedia.org/wiki/Wichelroede

1320-1384	John Wycliff, Engelse kerkhervormer, verset hom teen die Rooms-Katolieke kerk. Vroë Kerkhervormingsgeskiedenis.	http://en.wikipedia.org/wiki/John_Wycliffe
1375-1415	Johannes Huss sterf op die brandstapel. Hy word beskou as die vader van die Morawiese Kerk (Vanaf 1475-) wat intensief die lot gebruik het.	http://en.wikipedia.org/wiki/Jan_Hus
1434	Eerste publieke lotery gehou in die Flaamse kusdorpie <i>Sluis</i> in Burgundy. Loterye was gehou om fondse in te samel is vir die verskansing van dorpe en hulp aan die armes. Loterye was gesien as 'n minder pynlike form van belasting en was aanvaarbaar by die publiek.	www.historyoflottery.com
1444	Loterye met geld as pryse vind plaas in Flaamse dorpie (vandag België, Holland, en Frankryk) om fondse in te samel is vir die verskansing van dorpe en hulp aan die armes.	www.historyoflottery.com
1457	Ou Morawiese Kerkverband was gestig in antieke Morawië. Hulle maak gebruik van die lot in verskeie aanwendinge tot en met 1880.	Wikipedia Cleromancy
1467	Op advies van die Waldense kies die Morawiese en Bohemiese Broeders hul eerste drie priesters met die lot.	1883 Th. Movement, A.P.Perceval, p.81-82
1471-1484	Pous Sixtus IV veroordeel voorspelling, en magtig die Spaanse Inkwisisie wat duur vanaf 1478 tot 1834	Catholic Encyclopedia
1484-1531	Ulrich Zwingli is een van die leiers van die Hervorming in Switserland.	Wikipedia Ulrich Zwingly
1484	Dekreet van Pous Innocent VIII veroordeel die beweerde uitbreek van toordery en kettery in die omgewing van die Rynrivier Vallei.	wiki_Summis_desiderantes_affectibus
1513	5 ^{de} Konsilie van Lateran veroordeel toekomsvoorspelling.	Catholic Encyclopedia

2.5 HERVORMINGS TYDPERK

1517	Dr. Martin Luther spyker sy 95 stelling aan die deure van die Kasteelkerk van Wittenberg. Hy sê: "elkeen is 'n priester", maar elkeen is nie 'n prediker nie. Hervormers neem weer die gebruik van die lot op, omdat die priesterdom van die lot gebruik maak om God te raadpleeg.	J. Barzun, From dawn to decadence... 2001:26
1520-1539	Koning Francis I van Franryk laat loterye toe in verskeie stede vir private en publieke wins doeleindes.	New Encyclopedia Brittanica
1530	Geld was as pryse gewen in die lotery in Florance, Italië. Dit was 'n reuse sukses wat daarna uitgebrei het na ander Italiaanse stede.	New Encyclopedia Brittanica
1540	Johannes Calvyn lewer kommentaar in sy 74 ^{ste} lesing; op Jona 1:7, waar Jona met die lot as skuldige uitgewys word. Calvyn onderskei duidelik tussen die Bybels en heidense gebruike van die lot.	Kommentare van Calvyn, ISBN 9783849620530
1546	Die Katolieke kerk se 4 ^{de} Sessie van die Konsilie van Trente kap terug na Calvyn se Teologiese standpunte, ook na die gebruik van die lot.	http://www.ewtn.com/library/councils/
1556	Koningin Elizabeth I hou 'n algemene lotery in Engeland om fondse in te samel vir die herstel aan hawens en vir ander publieke doeleindes.	New Encyclopedia Brittanica
1561	Nederlandse Geloofsbelydenis bring die werp van die lot van Spreuke 16:33 in verband die voorsienigheid van God, in teenstelling met toevalligheid.	NGB Artikel 13
1563	Heidelbergse Kategismus bring die werp van die lot van Spreuke 16:33 in verband die voorsienigheid van God, in teenstelling met toevalligheid.	HK Sondag 10 Vraag 27
1585-1590	Pous Sixtus V veroordeel voorspelling.	CatholicEncyclopedia
1588	Daneus skryf oor lotery en gelukspel, <i>Ethices Christianae</i> , 1588, Lib. III, Folio 239 (Translation by Prof. Albertus J. Rooks)	1928 Agenda Synod, Chr. Ref. Church
1612	Rome kondig die dikreet van die Konsilie van Trente af, waarvolgens alle protestantisme uitgeroei moet word	Wikipedia Council of Trent
1618-1648	30 jarige oorlog tussen Katolieke en Protestante	Wikipedia
1627	Lotery gehou om London se watertoevoer (<i>aqueduct</i>) te finansier.	New Encyclopedia Brittanica

2.6 KAAP DE GOEDE HOOP TYDPERK

1659	Die Jesuïet Gaspar Schott verklaar dat die gebruik van 'n wiggelroede "satanies" is.	http://nl.wikipedia.org/wiki/Wichelroede
1664-1749	Saksiese myngereedskap sluit wiggeroedes en pendulums in.	/wiki/Wichelroede
1663	Voetius maak sy standpunte as deel van die hervorming duidelik oor die Bybelse en heidense gebruike van die lot.	<i>A.C. Duker, Gisbertus Voetius, 1907</i>
1669-1709	Loterye was verban in Engeland. Daarna is dit weer hervat tot 1826.	New Encyclopedia Brittanica
1670	Amesius skryf oor die Christelike gebruik van die lot in "Merg der Godgeleerdheid, 1670, II, 11de hfst.	1928 Agenda Synod, Chr. Reformed Ch.
1700	Wilhelmus a Brakel behandel intensief die gebruik van die lot onder die derde gebod. Die Voortrekkers dra deeglik kennis van Brakel se verduideliking, verdediging en toepassing van die Gereformeerde Christelike Geloof, waarvan die heilige gebruik van die lot deel is.	Redelijk Godsdienst, Volume 3 van 4, P.48.
1701	Die Rooms-Katolieke Inkwisisie verwerp die gebruik van die wiggelroede by regsake.	http://nl.wikipedia.org/wiki/Wichelroede
1722	Die Morawiese Kerkgenootskap (Duitsland en Holland) maak algemeen gebruik van die lot om God se finale beslissing te verneem in hul Christokratiese gemeenskappe. Hulle vestig later in Suid-Afrika.	2007 Thesis deur J.M. Rabe
1736	Georg Schmit met die lot aangewys, as eerste sendeling na Afrika; vestig die Morawiese sendingstasie Genadendal in die Oos-Kaap.	2007 Thesis deur J.M. Rabe
1753	Halifax setlaars kry elkeen grond wat deur loting bepaal is.	Rootsweb. Baltzer.pdf
1759	In hierdie tydperk was die Bybel (<i>Bibliomancy</i>) steeds gebruik in 'n proses van loting om 'n persoon se skuld of onskuld te bepaal in Aylesbury, Engeland.	New Schaff Herzog Encyclopedia
1763	B. De Moor, skryf oor die Godslasterlikheid van gelukspeel, in "Commentarius in Perpetuus in Joh. Marckii Compendium.	1928 Agenda Synod, Chr. Ref. Church
1810	Nasionale dienspligtiges word gekies deur loting om diens te doen in die Franse en Nederlandse weermagte.	http://nl.wikipedia.org/wiki/Loteling
1836	Frankryk doen weg met loterye tot 1933.	Encyclopedia Brittanica

2.7 VOORTREKKER TYDPERK

1838	Andries Pretorius as Aanvoerder van die Voortrekkers gekies met die lot deur die HERE God.	Beeld 30.8.2008: 4
1838	Die eerste Voortrekker kerkraad in Natal se 2 Ouderlinge en 2 Diakens was met die lot verkies.	Bron: D. Kotze
1844	Die NG kerkraad van Stellenbosch het sommige kerksitplekke deur loting aangewys.	bennozuiddam.com/NGKS2.htm
1845	Die helfte van die volksraadslede van die Republiek van Ohrigstad/Lydenburg tree jaarliks uit, deur loting aangewys.	Voortrekker Pioniers, 2000, Dr. J.P. Botha
1854	Sarel Cilliers skryf aan die Volksraad dat die lot gebruik moet word by verkiesings om partydigheid uit te skakel.	Sarel Cilliers, vader v Dingaansdag. p.108
1863	Eerste nasionale lotery gehou in Italië met die naam LOTTO.	Encycl. Brittanica
1867	In hierdie tydperk was die laaste verhoor in London, Engeland; waar die Bybel (<i>Bibliomancy</i>) gebruik was in 'n proses van loting om 'n persoon se skuld of onskuld te bepaal.	New Schaff Herzog Religious Encyclopedia
1868	Wiggelroedes as lotinstrumente, was in gebruik Duitsland om minerale erts te vind.	http://nl.wikipedia.org/wiki/Wichelroede
1869	Jan Lion Cachet was met die lot aangewys as tweede dosent om vir Ds. Postma by te staan in die nuwe Gereformeerde Teologiese skool te Burgersdorp.	GKSA, Die Kerkpad 3 Sep. 2012
1873	GKSA Sinode besluit oor die vereistes wanneer die lot gebruik word.	GKSA Handeling

1877	Petrus Postma, seun van Ds. Dirk Postma, aangestel as eerste voltydse professor literarium aan die Teologiese Skool te Burgersdorp. Na staking van stemme is die lot gewerp.	Van der Schyff 2003:23
1878	Amerikaanse Hooggeregshof verklaar dat loterye 'n demoraliserende invloed op die bevolking het.	Encyclopedia Brittanica
1879	S.J. du Toit vra die HERE met die lot of hy hom verkiesbaar moet stel.	1999, VE d'Assonville
1879	Behoeftige burgers of weduwees van burgers kon stukkie grond in Pretoria huur. Die landdros het die huurders deur loting aangewys.	ujdigispace.uj.ac.za
1881	Die Angola Trekboere ken erwe toe deur loting om die nuwe dorp Humpata aan te lê in die Huila-area.	DE TREKBOEK D. Postma, 1897
1889	Die Verenigde Kerk: Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk (NH of G) se naam was met die lot bepaal.	Voortrekker pioniers.
1890	President Benjamin Harrison van die VSA veroordeel loterye as "swendelarye en demoraliserende agentskappe".	Encyclopedia Brittanica
1891	Daar is geloot en mnr. G.F. Cillie is so gekies as hoof van die nuwe Verenigde Kerkskool op Fordsburg (Naby Braamfontein, Jhb.)	dspace.nwu.ac.za
1897	Prof. Stephanus Postma van die Teologiese Skool tree uit. J.A. du Plessis was in die nuwe pos aangestel, soos dit deur die lot beslis was, na 'n staking van stemme tussen hom en ds. T. Hamersma.	http://dspace.nwu.a c.za/
1897	Die Skotte finansier op versoek van die Caledoniese vereniging die nuwe stadion in Pretoriusstraat deur die uitreiking van 750 £10-skuldbriewe. Die skuldbriewe sou jaarliks 5% rente verdien en sou na 10 jaar aflosbaar wees teen 200 skuldbriewe per jaar wat deur loting bepaal sou word.	www.gautraineia.co.z a/.../appendix_c_pag e_23.pdf
1903	Die Natalse Milisiewet bepaal dat die sterkte van die Verdedigingsmag se Vrywilliger eenhede aangevul word deur 'n stelsel van loting.	scientiamilitaria.jour nals.ac.za
1903-1948	Dr. Alex du Toit, een van die bekendste Suid-Afrikaanse Geoloë, gebruik die wiggelroede om RSA se geologie te karteer. Hierna werk hy vir DeBeers en help met ontwikkeling van nuwe diamantmyne.	Geobulletin, 1985 2 nd Quarter, Prof. Gevers
1907	Presbyterian Digest van 1907, The Book of Discipline, p. 612, tref onderskeid tussen Bybelse en heidense gebruik van die lot.	1928 Agenda Synod, Chr. Ref. Church
1908	Prof. Dr. W. Geesink oor "Lotery en Dobbelspel", Van's Heeren Ordanitiën, 1908, Tweede Deel, I, pp. 435, 436.	Kerkpad, Jul. 2000
1908	NG Kerk Joubertina beroep haar eerste predikant. In die tweede beroep het die lot ten gunste van ds. A. D. Lückhoff beslis.	www.ngkerkjoubertin a.org.za/eersteleraar

2.8 UNIE VAN SUID-AFRIKA TYDPERK

1910	GKSA Sinode besluit oor vereistes wanneer die lot gebruik word.	GKSA Handeling
1910	Die verkiesing se uitslag in die Natalse kiesafdeling Vryheid was gelykop. "Die lot is gewerp en genl. Marthinus Myburgh was die gelukkige wenner."	Rapport 2010-09-11
1913	NG gemeente Beaufort-Wes se kerkraad besluit oor vervoer vir Ds. Steytler. Toe die stemme staak, het die lot ten gunste van die ou boere-vervoermiddel beslis.	http://af.wikipedia.o rg/wiki/NG_gemeent e_Beaufort-Wes
1922-1949	Prof. J.D. du Toit (Totius) skryf 6 artikels vir die Geref. Kerkblad oor die Bybelse gebruik van die lot en veroordeel lotery en dobbelary.	Totius versamelde werke, Vol.7, 1977
1924	Ds. S.J. du Toit (<i>Totius se vader</i>) se boek oor Suid-Afrikaanse volkspoësie sluit ook in aspekte van die lot in kinderrympies.	www.dbnl.org
1934	Nederduits Hervormde Kerk Kuratorium vergader. Ds. Brandt met die lot as skriba aangewys.	www.hts.org.za
1946-1997	F.J. Uijs werk met wiggelroedes saam met K. Uijs, B. en F.B. Uijs en P. Hayward om minerale en water in Suidwes oop te boor vir boere.	F.J. Uijs Familie getuienisse
1948-1966	Dominee J.L. von Wielligh van die NG Kerk Quaggapoort in Pretoria gebruik 'n wiggelroede om op 'n kaart onder-aardse water en olie-bronne aan te dui.	Johannesburg "Sunday Times" 12 Junie 1966

2.9 REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA TYDPERK

1963	Die SA Onderwysers Unie reëls bepaal dat persele vir huur by die Strandoord toegeken word deur 'n stelsel van loting.	dwarswegstrand.co.za
1966	Die Wet op Dobbelary tree in werking in die RSA.	Wet 51 van 1965
1966	Ds. L.S. Kruger, Ds. H.L.M. du Plessis, Dr. B. Spoelstra, Ds. T.T. Spoelstra skryf die Handleiding by die Kerkorde van die GKSA. Die gebruik van die lot word behandel in die artikels.	GKSA Boeke
1979	<i>Sun City</i> open in Bophuthatswana as bobbel destinasie en ander vermaaklikhede wat verban was in naburige Suid-Afrika.	wikipedia
1979	By staking van stemme moet by wyse van loting bepaal wie verkies word vir die Mpumalanga Prokureursraad.	Grondwet v.d. Mpumalanga Sirkel
1983	Dr. G.P.L. van der Linde, Hoogleraar aan die Teologiese Skool van die GKSA skryf "Die Kerkorde, 'n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde". Die gebruik van die lot word behandel in die artikels.	GKSA Boeke
1987	Die Wet op Diamante vereis die gebruik van loting om die hoogste tender aan te wys vir geslypte en ongeslypte diamante wat vir uitvoer geregistreer is.	Wet 56 van 1986
1988	Ds. Wouter ten Haaf, Gereformeerde predikant, skryf oor die lot in sy dagstukkies oor Jona onder die opskrif "GOD BEHEER DIE LOT"	www.gkbelville.org
1988	In die debat van 29 Februarie tussen Mnr. F.W. De Klerk en Dr. A.P. Treurnicht wat op Televisie uitgesaai is, word die lot gewerp om spreukbeurte te bepaal.	Die Burger 1988-02-19
1990	Tante Hildrun Aschenborn begin om die HERE slegs met haar hande te raadpleeg terwyl sy haar Goddelike gawe van genesing uitleef.	J.G. Erasmus Getuienis
1991	Die RSA regering stel bonusobligasies in om geld te kry om die weermag uit te brei. Die NG Kerk maak heftig kapsie teen die bonusobligasies, wat pryse deur loting in plaas van rente uitbetaal.	Beeld 2002-10-07
1991	Die KP behou hul meerderheid deur die loting van 'n burgemeester te vertraag tot ná spertyd.	Beeld 1991-03-22
1994	NG Kerk Alg. Sinode neem standpunt in oor "Lotery en Dobbelary". Die Bybelse gebruik van die lot word in die nouste verband met Gods voorsienige bestel en sy soewereine heerskappy gesien.	1994 NGK Reglemente
1995	NG Kerk Sinode van Natal neem standpunt in oor "Lotery en Geluyskompetisies".	1995 NGK Natal Reglemente
1998	Die Wet op Lotery tree in werking in die RSA.	Wet 57 van 1997
1999	Busi Sibeko van die ANC was die nuwe burgemeester van Standerton nadat die lot gewerp is tussen hom en Josia Molo.	Beeld 1999-04-12
2000	LOTTO, die Suid-Afrikaanse Nasionale Lotery kom tot stand. Vandag die mees populêrste vorm van dobbelary in Suid-Afrika.	wikipedia
2000	GKSA Maandblad publiseer 'n artikel oor Prof. Dr. W. Geesink se standpunte van 1908 oor Lotery en Dobbelspel.	GKSA, Die Kerkpad Julie 2000
2002	NG Kerk Algemene Sinode se Lotto-verslag verwys na die tradisioneel Gereformeerde siening van die gebruik van die lot: "Om aan lotery deel te neem, is om 'n ongeoorloofde gebruik van die lot te maak. Die Bybel leer ons dat die lot 'n heilige handeling is waarin 'n beroep op God gedoen word om in sy besondere voorsienigheid self 'n beslissing te neem."	2002 NGK Lotto Verslag
2003	Gereformeerde Kerk Waterberg gaan oor tot 'n staat van doleansie. 'n Stelling word gemaak oor die gesag van die skrif en die werp van die lot deur Sinodes.	GKSA, Die Kerkpad Jaargang 7 No 2 Maart 2003
2004	Statuut van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns vereis die werp v.d. lot by staking van stemme by verkiesing van persone.	www.akademie.co.za
2005	Ordereëls vir die Sub-Raadsvergaderings van Kaapstad vereis loting in geval van 'n staking van stemme by die verkiesing.	www.capetown.gov.za

2006	ARSO Lewensoriëntering Handboek vir graad 6 leerlinge handel in Les 24 oor Lotery en Dobbelay:	www.christelikebiblio teek.co.za
2007	NG Kerk Noord Sinode Reglemente vereis die gebruik van die lot by staking van stemme by beroepe, verkiesing van kerkraadslede, beëindiging van dienstermyne by pasgestigte gemeentes.	2007 NGK Noord Sinode Reglemente
2007	NG Kerk Wes Transvaal Sinode Reglemente vereis die gebruik van die lot by die staking van stemme by verkiesing van kerkraadslede.	2007 NGK Wes Tvl Sinode Reglemente
2007	SA Sierduifvereniging reëls vereis die gebruik van die lot met staking van stemme tydens verkiesing van ampsdraers.	www.safpa.za.org
2008	Volksvergadering Reëlingskomitee raadpleeg die HERE met die lot en vra of dit SY wil is dat 'n Volksvergadering belê moet word, waarop die HERE se antwoord JA is.	www.volksvergaderin g.co.za
2009	NG Kerk OVS Sinode Reglemente vereis die gebruik van die lot by die staking van stemme by behandeling van sake, en verkiesings.	2009 NGK OVS Sinode Reglemente
2009	Die Wet op Verbruikersbeskerming beskerm verbruikers waar die verspreiding van pryse deur loting of toeval geskied.	Wet 68 van 2008
2010	Dr. P.K. Lourens se proefskrif getiteld “Die plek van gebed in die Gereformeerde kerkregering” lewer kommentaar op ampsdraers wat met die lot aangewys word.	NWU space.nwu.ac.za
2010	Reglement van Jukskei SA vereis die werp van die lot in gevalle van staking van stemme, waar persone verkies moet word.	www.limpopojukskei. co.za
2010	Ds. Gideon Grobler voltooi sy proefskrif oor Volkshervorming. Die Bybelse gebruik van die lot word breedvoerig behandel.	www.dsgideon.co.za
2011	Die Gereformeerde webwerf maak melding van Artikel 22 en 24 van die GKSA Kerkorde, waar die lot ter sprake is.	http://enkelgereform eerd.wordpress.com/
2011	NGK Algemene Sinode vereis die gebruik van die lot by die staking van stemme by: 1) verkiesing van persone en 2) hantering van sake.	2011 NGK Algemene Sinode Reglemente
2012	Prof. J. Douma se siening van die gebruik van die lot in lotery verskil van Prof. Geesink en Prof. Kuyper. Die verskille word hanteer in Teologiese Etiek van NWU, onder Lotery.	ETIE 121 PAC, cdn-lnx1.nwu.ac.za
2012	NG Kerk Namibië Sinode Notule vereis insake staking van stemme dat die “lot gevel” moet word.	2012 NGK Namibië Notule
2012	NG Kerk Oostelike Sinode Reglemente vereis die gebruik van die lot by die staking van stemme by: 1) behandeling van sake, en 2) verkiesing van ampsdraers.	2012 NGK Oostelike Sinode Reglemente
2012	Die HERE kies met die lot 7 persone vir diens in die GKK met die 4 ^{de} Volksvergadering van die Geloftvolk in Suid-Afrika gehou te Majuba.	www.volksvergaderin g.co.za
2012	APK Kerkorde vereis die gebruik van die lot by staking van stemme by die beroep van 'n leraar en ampsdraers.	2012 APK Kerkorde
2013	Die Kaapse Aftree Fonds vir Plaaslike Regering se reëls vereis in geval van 'n staking van stemme, moet die saak deur loting deur die voorsitter beslis word.	www.caperf.co.za
2013	Die 5 ^{de} Volksvergadering van die Geloftvolk in Suid-Afrika waarsku die volk om hulle te bekeer van Dobbelay wat as volksonde geïdentifiseer is. Die HERE kies met die lot nog 2 persone vir diens in die GKK.	www.volksvergaderin g.co.za
2014	Dr. M.J. du Plessis skryf in sy boek: “Ek glo en bely en Openbaringsgeskiedenis – 'n Handleiding van die Gereformeerde Geloof” oor die openbaringsmotief wat verband hou met die lot.	ISBN 978-0-620-57918-6

Baie ander voorbeelde kan nog bygevoeg word in toekomstige studies, maar die reeds genoemde voorbeelde werp genoeg lig oor die verloop van die geskiedenis om 'n duidelike verskil tussen die Bybelse en heidense gebruik van die lot te kan onderskei vanaf Noag se tyd tot vandag in Suid-Afrika.

2.1 OU-TESTAMENTIESE TYDPERK

Voorbeelde		1933/53 AOV O.T. Bybel Teksverse
1	Diens Reëlings	58 1Kron. 25:8-31, 1Kron. 26:13-24, Neh. 10:34
2	Familiehoofde	26 1Kron. 24:4-31
3	Geskille beslis	1 Spr. 18:18
4	Die HERE God geraadpleeg (of nagelaat om te raadpleeg)	32 Gén. 25:22, Eks. 18:15, 33:7, Jos. 9:14-15, 1Sam. 9:9, 22:10, 15, 28:6, 1Kon. 22:5-8, 10:14, 2Kon. 1:16, 3:11, 8:8, 22:13-18, 2Kron. 16:12, 18:4-6, Eseg. 14:3,7, 20:1,3,31, Gal. 1:16, , Hos. 4:12, Jes. 8:19, 65:1, Jer. 37:7, Rig. 18:5, 20:27, Sef. 1:6, Luk. 4:38,
5	Klere verdeel	1 Ps. 22:18-19, Joh. 19:24, Luk. 23:34, Mat. 27:35,
6	Land verdeel & uitgedeel	25 Jes. 34:17, Jos. 15:1, 16:1, 17:1,13,17, 18:6,8,10,11, 19:1,10, 17,24,32,40,51, 21:4, Num. 26:55,56, 33:54, 34:13, 36:2,3
7	Leiers aangewys	3 1Sam. 10:19-24, Num. 27:21
8	Volk Sake	2 Eks. 28:30, Num. 27:21, Spr. 16:33
9	Oorlog Sake	15 1Sam. 30:7-8, 2Sam. 5:19,23, 1Kron. 14:10,14, 1Sam. 23:4,9-13, 2Sam. 2:1, Rig. 1:1-2, Rig. 20:7-28, 1Sam. 14:37, 1Sam. 23:2, Est 3:7, Est 9:24, Jer. 21:2
10	Skuldiges uitgewys	11 1Sam. 10:19, 14:40-43, Jona 1:7, Jos. 7:14-18, Lev. 16:8-10
11	Water & Voedsel sake	4 Deut. 33:8, Esr 2:63, Jos. 9:14, Neh. 7:65
12	Woonplek aangewys	11 1Kron. 6:54, 1Kron. 6:61, 1Kron. 6:63, 1Kron. 6:65, Jos. 21:5,6,8,10,20,40, Neh. 11:1
13	Stamverband onderskei	1 Esra 2:62-63, Neh. 7:64-65
14	Regspraak/Regsake	6 Eks. 18:15-16, Spr. 18:18, 1Sam. 10:19, 1Sam. 14:40-43, Jona 1:7, Jos. 7:14-18, Lev. 16:8-10

Die bekendste voorbeelde waar die lot gebruik was in die Ou Testamentiese tydperk sluit in:

- Na ongeveer **2452 v.C.** het Noag en sy seuns die aarde verdeel deur loting om te bepaal waar wie gaan woon. (Bron: Boek van Jubeleums, Hoofstukke 8, 9, 10.)

Hoofstuk 8:10 “En dit was aan die begin van die drie-en-dertigste jubeljaar, dat hulle die aarde in drie dele verdeel het, tussen Sem en Gam en Jafet, 'n deel vir elk, in die eerste jaar, in die eerste week, terwyl een van Ons wat na hulle gestuur is, by hulle was. 11 En hy (Noag) het sy seuns geroep en hulle het na hom gekom, hulle en hul kinders, en **hy het die aarde verdeel deur loting**, om te besluit watter deel sy drie seuns elk in besit moet neem, **hulle het hul hande uitgesteek en die geskrewe (lot) uit hulle vader Noag se skoot geneem**. 12 En Sem se lot (geskrewe lootjie) het in die middel van die aarde geval om dit as sy en sy seuns se erfdeel te neem vir ewig, van die middel van die Rafa-gebergtes, van die mond van Tina-rivier; en sy deel gaan weswaarts deur die middel van hierdie rivier en strek uit so ver as die waters van die afgrond, waaruit hierdie rivier ontspring en sy water giet in die see van Miot, en hierdie rivier vloei in die groot see, en alles noord daarvan behoort aan Jafet en alles suid daarvan behoort aan Sem. ... 16 Na die ooste strek dit tot by die tuin van Eden aan die suidekant daarvan, en van die ooste van die hele land van Eden, van die hele ooste en dit draai na die ooste en strek verder tot dit die oostekant bereik van die Rafa-berge, en dit gaan af na die oewer van die mond van die Tina-rivier. **17 Deur loting het hierdie deel Sem en sy seuns toegeval as 'n ewige besitting vir sy nageslagte.**

Hoofstuk 9:14 En so het Noag se seuns, in die teenwoordigheid van hul vader Noag, die land verdeel onder hulle seuns, en hy (Noag) het hulle almal deur 'n eed gebind en 'n vloek op elkeen geplaas wat probeer om te vat wat **nie deur die lot aan hom toegeken was nie**.

Hoofstuk 10:30 En sy vader, Gam, en Kus en Misraim, sy broers, het aan hom gesê: Jy het jou gevestig in 'n land wat nie joune is nie, en **wat deur die lot aan ons toegeval het...** 10:31 Moenie woon in die woonplek van Sem nie; want dit het aan Sem en sy seuns **deur die lot toegeval.**”

- Ongeveer **2025 v.C.** het Rebekka (swanger met Jakob en Esau) gegaan na Moria om die HERE te raadpleeg. Sy vra Sem, Heber en Abraham om die HERE te raadpleeg oor haar swangerskap:

“En Isak het die HERE gesmeek met die oog op sy vrou, want sy was onvrugbaar; en die HERE het hom verhoor, sodat sy vrou Rebekka swanger geword het. En die kinders het teen mekaar gestoot binne-in haar. Toe sê sy: As dit so gaan, waarvoor leef ek dan? **Daarop het sy gegaan om die HERE te raadpleeg.** En die HERE het haar geantwoord: Twee nasies is in jou skoot, en twee volke sal van mekaar gaan uit jou liggaam; en die een volk sal sterker wees as die ander volk; en die oudste sal die jongste dien.” (Gén. 25:21-23)

“En sy het aan hulle gesê: Hoekom is ek hierin alleen onder al die vroue wat op die Aarde was? En sy het na die land van Moria gegaan om JHWH te soek oor hierdie saak, en sy het na Sem en Heber, sy seun, gegaan om hulle oor die saak te vra en dat hulle JHWH in hierdie saak oor haar moet soek. Sy het ook Abraham gevra om JHWH te soek en te vra oor hierdie saak oor haar. Hulle het almal JHWH geraadpleeg oor die saak en hulle het haar ‘n boodskap van JHWH gebring en het aan haar gesê: Twee nasies is in jou skoot, en twee groepe sal geskei word uit jou binneste; en een groep sal sterker wees as die ander groep; en die meerderheid sal die minderheid dien.” (Boek van die Opregte 26:10-12)

- Ongeveer **1875 v.C.** het Josef sy broer Benjamin gevra om te bepaal waar hy, Josef, is deur aan hom ‘n instrument (Josef se silwerbeker) en ‘n kaart te gee. “Boek van die Opregte 53:18) Hy het hulle beveel om sy **kaart van die Sterre** na hom te bring waardeur Josef **al die tye geken het.** En Josef het aan Benjamin gesê: Ek het gehoor dat die Hebreërs bekend is met alle wysheid. Weet jy enigiets hiervan? 19) En Benjamin het gesê: **U dienaar is ook bekend met al die wysheid wat my vader my geleer het.** En Josef het aan Benjamin gesê: Kyk nou na hierdie **werktuig** en **bepaal waar jou broer, Josef, in Egipte is** wat jy sê afgereis het na Egipte toe. 20) Benjamin het gekyk na die **werktuig** met die **kaart van die Sterre van die Hemele** en hy was slim en het daarin gekyk om te bepaal waar sy broer is. En Benjamin het die hele grond van Egipte in 4 dele verdeel en hy het bevind dat hy, wat op die troon by hom sit, sy broer, Josef, was. En Benjamin was baie verwonderd. En toe Josef sien dat sy broer Benjamin so verbaas is, het hy aan Benjamin gesê: Wat het jy gesien en waarom is jy verstom? 21) En Benjamin het aan Josef gesê: Ek kan hierdeur sien dat my broer, Josef, saam met my op die troon sit. En Josef het aan hom gesê: Ek is Josef, jou broer. Moet dit nie aan jou broers bekend maak nie: Kyk, ek sal jou saam met hulle stuur wanneer hulle vertrek en ek sal beveel dat hulle weer teruggebring word na die stad en ek sal jou wegneem van hulle af.” Vers 30: “En Josef het aan hulle gesê: Wat is hierdie daad wat julle gedoen het deur my silwerbeker te neem en dan te vertrek? **Maar ek weet dat julle my beker gevat het sodat julle kan bepaal in watter deel van die land julle broer is.**” (Bron: Boek van die Opregte 53:18-21,30, p180-118, Vaandel Uitgewers, 1995) (*Josua 10:13, 2 Sam. 1:18*)




- Ongeveer **1875 v.C.** het **Josef** sy beker, die silwerbeker wat hy gebruik het wanneer hy voorspellings maak, in sy broer Benjamin se sak laat sit saam met die geld vir sy koring. Josef het sy lotklippies in sy drinkbeker gegooi en laat uitval soos dit die gebruik in daardie tyd was.

Gén. 44:5 (AOV) Is dit nie die **ding** waaruit my heer drink en waarmee hy altyd **waarneem** nie? Julle het verkeerd gehandel met wat julle gedoen het.
 (ANV) Dit is die **beker** waaruit Meneer drink en waarmee hy **voorspellings** doen. Dis ‘n lelike ding wat julle gedoen het.
 Gén. 44:15 (AOV) Daarop sê Josef vir hulle: Wat is dit nou wat julle gedoen het? **Weet julle nie dat ‘n man soos ek dit ongetwyfeld moet waarneem nie?**
 (ANV) Josef het vir hulle gesê: “Waarom het julle dit aangevang? **Julle weet tog dat ‘n man soos ek voorspellings moet doen!**”

➤ Tussen **1600-1180 v.C.** ontstaan die Antieke Griekse en Anatoliese lot-gebruike voortspruitend uit die **Pur-ulli feeste** van die Hettiete, met latere parallele in die **Purim fees** van die Jode in Babiloniese ballingskap in koningin Ester se tyd. Die lot was onder andere gebruik vir:


1. Priesters het die lot gebruik vir **risiko-verskansing en welvaart-beskerming** van die gemeenskap in die regverdiging van **offensiewe** aksies.
2. Die lot was gebruik in 'n "**opoffering**" funksie deur gereinigde anonieme selektiewe-vervangbare **krygers** uit te kies uit 'n gemeenskap sonder die invloed van enige menslike hand.
3. Handelaars gebruik die lot vir **verdeling** van handelsmiddele.
4. **Verdeling van grond en eiendom** was gedoen deur die lot.
5. Items word **gesorteer** deur die gebruik van die lot.
6. Die lot word gebruik in **lot-bepaling** van individue oppad na 'n aandeel of eindbestemming.
7. Die gebruik van die lot word gesien as **lot-verdeler** tussen individue wat deel in die gemeenskap.
8. Die lot word gebruik om **te reinig, uit te sonder of af te sonder**.
9. Priesters en feesgangers moes hulleself **deeglik reinig** voor die lot-feeste.
10. Die lot-stene (Mesopotamië) of lot-houtjies (Sumerië) was soms gegooi/getrek uit 'n **spesiale "eier-vormige" houer** (bv.: drinkbeker, pot of waterfles). Dit herinner aan Josef se silwerbeker van Gén. 44: 5,15. "The technique of the casting of lots among the Hittites, placing lots in vessels and shaking it to let the **chosen one** jump out, may have been a **common** technique throughout the Ancient Near East. A similar practice known from ancient Greece as well; the Iliad describes several instances in which casting of lots occurred (III, 315-25; VII, 170-99; XXIII, 352-57). In all instances the participants cast their personal lots into a helmet, which is shaken until a lot jumps out of it. The lots used were either pebbles, or ostraca inscribed with personal marks of participants, depending on the case."
11. Die lot was gebruik om **priesters uit te kies**.
12. Die lot was ook gebruik om **bruide uit te kies**.
13. Die lot was gebruik om **spesiale werkers** te selekteer vir moeilike werke (bv. putgrawe, kleiputwerk, ens.)
14. **Diere vir teelkuddes** was geselekteer met die lot.
15. **Offerdiere en offergawes** wat gebring sou word na 'n tempel/fees was ook so uitgekies.
16. **Diensbeurte** van priesters en wagdiens beurte vir soldate is bepaal met die lot.
17. **Geskenke** wat gegee sou word aan byvoorbeeld 'n troupaartjie was uitgekies met die lot.
18. **Verkiesing** van persone vir aanstelling in gemeenskapsdiens/staatsdiens.
19. Die AOV teksvers Jes 57:6a: "By die gladde klippe van die dal is jou deel; **dit, dit is jou lot;**" verwys moontlik ook daarna dat glade rivierklippies gebruik kon word as lot-stene:



Biblical Hebrew has two nouns for the word "lot"—the Akkadian word *pūru* used once in the book of Esther (3:7), פור, and the more commonly used noun *gôrāl* (גורל). The verbs used with *gôrāl* are either in the sense of "to throw"—ירה, ירה, or "to come up"—יצא, עלה. The word *gôrāl* has to do with pebbles, as may be learned from the Arabic (جرل), and perhaps also from Isa. 57:6: בחלקי נחל בהם חלקך הם הם גורלך which should be translated: "By river pebbles your share is (determined), they are your lot." However, there is no direct indication of the way the lots were used.³⁴

(Bronne: Greek and Anatolian lot-casting as sacral social practice, Prof. Mark R. V. Southern, 2005. The casting of lots among the Hittites in light of ancient near eastern parallels, Ada Taggar-Cohen, Ben-Gurion University)

➤ Ongeveer **1446 v.C.** het regspraak met raadpleging van die HERE gepaard gegaan, die volk Israel het na Moses gegaan om **God te raadpleeg**. As hulle 'n saak het, het hulle na Moses gegaan; en dan moes hy **regspreek tussen die partye**. (Eks. 18:15-16)



Regspraak deur raadpleging

➤ Ongeveer **1446 v.C. Eks. 28:30**: “Jy moet ook in die **borstas van beslissing die Urim en die Tummim sit**, dat hulle op die hart van Aäron kan wees as hy voor die aangesig van die HERE ingaan. So moet Aäron dan die **beslissing** van die kinders van Israel gedurigdeur op sy hart dra voor die aangesig van die HERE.”



Borstas van beslissing

➤ Ongeveer **1446 v.C.** het die HERE Moses beveel om die land as erfenis te verdeel onder Israel deur die lot. Nùm. 26:55-56: “Nogtans moet **die land deur die lot verdeel word**; volgens die name van hulle voorvaderlike stamme moet hulle erwe. Volgens die lot moet hulle erfenis verdeel word tussen die wat baie en die wat min is.”

➤ Vanaf **1446 v.C.** moes Aäron die bok (*die sondebok*) aanbring waar die **lot vir die HERE op gekom** het en hom as sondoffer berei; (Lev. 16:9)

➤ Ongeveer **1446 v.C.** Verbied die HERE die euwel van raadpleging van die bose: “Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan—**wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie**. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die HERE 'n gruwel; en om hierdie gruwels ontwil verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit. Opreg moet jy wees met die HERE jou God. Want hierdie nasies wat jy uit hulle besitting verdrywe, luister na goëlaars en waarsêers; maar wat jou aangaan, die HERE jou God het jou nie so iets toegelaat nie. 'n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek is, sal die HERE jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister.. (Deut. 18:10-15)

➤ Ongeveer **1407 v.C.** Josua verwyder die ban uit Israel. Josua 7:14: “Kom dan môre vroeg aan volgens julle stamme; en **die stam wat die HERE deur die lot aanwys**, moet aankom volgens die geslagte; en die geslag wat die HERE aanwys, moet aankom volgens die huisgesinne, en die huisgesin wat die HERE aanwys, moet aankom man vir man.”

➤ Ongeveer **1405 v.C.** is Israel mislei deur die Hewiete uit Gibeon en het hulle onder die leiding van **Josua** 'n oordeelsfout begaan en met hulle 'n verbond gesluit sonder om vooraf die HERE daarvoor te raadpleeg. Jos. 9:14-15: “Toe neem die manne van hulle padkos; **maar die mond van die HERE het hulle nie geraadpleeg nie**. En Josua het met hulle vrede gemaak en met hulle 'n verbond gesluit...”

➤ Ongeveer **1399 v.C.** Jos. 18:10: “Toe het **Josua vir hulle die lot gewerp in Silo, voor die aangesig van die HERE**; en Josua het die land daar onder die kinders van Israel verdeel volgens hulle afdelings.”

➤ Ongeveer **1260-1240 v.C.** is daar verwysings van lotterye en "trekking van lootjies" in menige antieke tekste van verskeie beskawings van Antieke China, Keltiese Era en Antieke Griekeland in Homer se **The Iliad**. <http://www.historyoflottery.com/beginnings.html>

➤ Ongeveer **1041 v.C.** 1Sam. 14:42: “En Saul sê: **Werp die lot tussen my en my seun Jónatan**. En Jónatan is aangewys as skuldige, omdat hy die heuning geëet het tydens die geveg.”


➤ Ongeveer **1010 v.C.** 1Sam. 28:6: “En Saul het **die HERE geraadpleeg**, maar die HERE het hom nie geantwoord nie—nie deur drome en nie deur **die Urim** en nie deur die profete nie.”

- Ongeveer **950 v.C.** Salomo getuig van die gebruik van die lot in Spr. 16:33 lees ons: **“In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die HERE.”** en in Spr. 18:18 lees ons **“Die lot laat die geskille ophou en maak sterkes uitmekaar.”**
- Ongeveer **894 v.C.** “En in die nege en dertigste jaar van sy regering het Asa gely aan sy voete; sy siekte was baie ernstig; **maar selfs in sy siekte het hy die HERE nie geraadpleeg nie, maar die geneeshere.**” (2Kron. 16:12.)
- Ongeveer **853 v.C.** het Jósafat, die koning van Juda, en Agab, die koning van Israel, 400 profete gevra om die HERE te raadpleeg oor hul voorgenome oorlog teen Aram, asook die profeet Miga. “Maar Jósafat sê: Is hier nie nog ‘n profeet van die HERE, dat ons deur hom kan raadpleeg nie?” (1Kon. 22:1-39 en 2Kron. 18:6)
- Ongeveer **850 v.C.** het Jósafat, die koning van Juda en Joram, die koning van Israel, deur die profeet Elisa die HERE geraadpleeg of hul moet optree teen Moab. “En Jósafat vra: **Is hier nie ‘n profeet van die HERE, dat ons deur hom die HERE kan raadpleeg nie?** Toe antwoord een van die koning van Israel se dienaars en sê: Hier is Elisa, die seun van Safat, wat water op die hande van Elía gegiet het.” (2Kon. 3:11-24)
- Ongeveer **760 v.C.** Jona 1:7: “Hulle sê toe vir mekaar: Kom en laat ons loot; dan sal ons weet om wie se ontwil hierdie ramp ons getref het. En hulle het geloot, **en die lot het op Jona geval.**” (2800jr. later gebruik Calvin hierdie voorbeeld om die gebruik van die lot te ondersoek)
- Ongeveer **734 v.C.** “En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel—**moet ‘n volk nie sy God raadpleeg nie;** moet vir die lewendes die dooies gevra word?” (Jes. 8:19)
- Ongeveer **638 v.C.** het die woord van die HERE tot Sefânja gekom. Sef. 1:2 **Saamskraap, wegraap sal Ek alles van die aardbodem af weg,** spreek die HERE. ... Sef. 1:6 “Ook die wat van die HERE afvallig word en **wat die HERE nie soek en Hom nie raadpleeg nie.**”
- Ongeveer **591 v.C.** het daar manne uit die oudstes van Israel gekom om die HERE te raadpleeg. Toe het die woord van die HERE tot hulle gekom: Eseg. 20:3 “Mensekind, spreek met die oudstes van Israel en sê vir hulle: **So spreek die Here HERE: Kom julle om My te raadpleeg? So waar as Ek leef, gewis, Ek laat my deur julle nie raadpleeg nie, spreek die Here HERE.** Eseg. 20:31 “ja, deur die aanbieding van julle offergawes, deur julle seuns deur die vuur te laat gaan, is julle verontreinig met al jul drekgode tot vandag toe—en sou Ek My deur julle laat raadpleeg, o huis van Israel? **So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, Ek laat My deur julle nie raadpleeg nie!**”
- Ongeveer **487 v.C.** in antieke Athene was die lot gebruik. Prof. J.L. Beckmann verwys hierna in 2003; na die gebruik van die lot in die antieke Griekse beskawing in sy verhandeling “Demokratiese bestuur: ‘n Verkenning van sleutelbegrippe en die implikasies daarvan vir die bestuur van ‘n Akademiese Universiteitsdepartement” op p.8: **“In Athene was die Vergadering die belangrikste besluitmakende liggaam.** Dit was oop vir almal en het veertig keer per jaar vergader om oor staatsbeleid te debatteer en besluite daarvoor te neem. Enige burger kon die Vergadering daarvoor adviseer. ‘n Raad (boule), bestaande uit 500 burgerlikes (**wat jaarliks deur die lot aangewys is**), het agendas vir die Vergaderings opgestel. **Besluite van die Vergadering het onmiddelik die volle gesag van die reg gehad.**”
http://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/12820/beckmann_paper_2000.pdf
- Ongeveer **487 v.C.** is die **hoofmagistraat van verskeie Griekse** stadstate 'n **archon** genoem. In Athene het 'n stelsel van nege saamverkose archonte ontwikkel, gelei deur drie onderskeie afgevaardigdes oor die siviele, militêre en godsdienstige sake van die staat. Ná 487 v.C. is die archonskappe deur **loting toegeken** aan enige burger, en die polemarchos se militêre pligte is oorgeneem deur 'n nuwe klas generaal bekend as stratêgoí.
(Bron: af.wikipedia.org/wiki/Archon)

➤ Ongeveer **487 v.C.** in Athene. Die 2007 voorlegging deur P.A.H. Labuschagne getiteld: "n Funktionele en Struktruele ontleding van die 1993- en 1996-Grondwet met spesiale verwysing na die TRIAS POLITICA-LEERSTUK ter vervulling van die vereistes vir die graad Doctor Legum in die vak Staatsreg aan die UNISA met Prof. G. Carpenter as studieleier vermeld ook die gebruik van loting in die antieke Atheense Demokrasie; Par. 2.4 Die ontwikkeling van Konstitusionele Meganismes teen arbitrêre magsuitoefening: "Die antieke klassieke model van demokrasie, as teenvoeter vir arbitrêre magsuitoefening, was die stadstaat (polis) wat in Athene in antieke Griekeland ontwikkel het. Hierdie klassieke vorm van demokrasie, wat reeds tydens die 4de en 5de eeue v.C. bestaan het, word dikwels as die suiwerste vorm van demokrasie voorgelê. Die "Atheense demokrasie" het op n vorm van regering deur massavergadering neergekom. Alle belangrike besluite is deur die vergadering, die Ecclesia geneem, waarop al die lede van die stadstaat verteenwoordiging gehad het. Wanneer publieke amptenare aangestel moes word, is **dit deur loting gedoen of op so 'n wyse dat dit 'n mikrokosmos van die samelewing verteenwoordig het.** 'n Raad of komitee van 500 Atheense burgers het die uitvoerende funksies behartig. Die leier van die raad of komitee het slegs vir 'n enkele dag daardie posisie beklee. (Heywood, 2000:70).

➤ Ongeveer **444 v.C.** het **Esra en Nehemia** die terugkerende Jode vanaf Babilon weer deel gemaak van die tempeldiens in Jerusalem. Die stamboom regsiter was verlore. Die **Urim en Tummim** was daarna gebruik om te bepaal watter persone kwalifiseer vir die priesterskap. (Bron: Esra 2:62-63, Neh. 7:64-65)

➤ Tussen **205-187 v.C.** het die lotery-tipe speletjie **KENO** ontstaan tydens die Han Dinastie waar China vandag is. Daar word gespekuleer dat regerings toe reeds al projekte befonds het deur loterye, insluitend die **Groot Muur van China** (21,196 km, geopen 206 v.C.). www.historyoflottery.com/



➤ Ongeveer **190 v.C.** lewer **Jesus ben Eleaser ben Sirag** kommentaar oor die gebruik van die lot by erflaterskappe, waarvan ons lees in "Ecclesiasticus" of te wel Wysheid van Ben Sirag 14:13-15: "Wees goed vir jou vriende voordat jy doodgaan;... Jy laat tog uiteindelik alles waarvoor jy so hard gewerk het, vir ander na; dit waarvoor jy geswoeg het, word **met lootjies verdeel.**" (Bron: Apokriewe Ou en Nuwe Testament, Verlore boeke uit die Bybelse Tyd, Prof. Jan van der Watt, Prof. Francois Tolmie, 2005, p.191, CUM Boeke) Wysheid van Sirah 14:15: "Is dit nie vir 'n ander dat jy jou vermoë nalaat nie, en jou arbeid vir hulle wat **die lot werp** nie?" (Boek van Herinnering, Dogter van Sion, 2001, p.483)

➤ In **142-135 v.C.** het die laaste Hoëpriester, Simon Maccabeus, volgens Josephus die Urim en Tummim gebruik. (Bron: *Antiquities of the Jews* (volume 3) 8:9) http://en.wikipedia.org/wiki/Urim_and_Tummim

➤ Tussen **27v.C en 68n.C.** het die eerste Europese loterye plaasgevind gedurende die aanvang van die Romeinse Ryk. Vir 'n begin het die loterye plaasgevind as vermaak by aandetes vir koninklikes en hooggeplaastes. Tydens die regering van Keiser Augustus is daar lotery kaartjies verkoop om fondse bymekaar te maak vir die herstel van Rome. Wenners het waardevolle artikels gewen. **Loterye was gebruik om eiendom en slawe weg te gee** gedurende die feeste van Saturnus en ander vermaaklikhede deur die Romeinse Keiser Octavian **Augustus** (63v.C.-14n.C.)(Stigter van die Romeinse Ryk en Keiser in Christus se tyd op aarde), asook Keiser **Nero** (37-68n.C.)(Hy het Christus se dood vervolgd). (New Encyclopedia Britannica, Lottery, 1990, Vol 7, ISBN 0852295111, p.489-491.)



Augustus



Nero

2.2 NUWE-TESTAMENTIESE TYDPERK

	Voorbeelde	1933/53 AOV N.T. Bybel Tekse
1	Diens Reëlings	1 Luk. 1:9
2	Leiers aangewys	1 Hand. 1:25-26
3	Verdeling van klere	1 Mat. 27:35, Mar 15:24, Luk. 23:34, Joh. 19:24

- Tussen **8 v.C. – 5 n.C.** was **Sagaria** se priesterlike diensbeurt met die lot bepaal. Luk. 1:9 het die lot volgens priesterlike gewoonte op hom geval om in te gaan in die tempel van die Here en reukwerk te brand.
- Tussen **25-33 n. C.** was **Jahshua Messias** (Jesus Christus) se klere verdeel deur die werp van die lot. Luk. 23:34 En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie. **En hulle het sy klere verdeel en die lot daarvoor gewerp.** Die Godslasterlike aard van hierdie loting was geprofeteer in Psalm 22:19.
- Tussen **33-35 n.C.** was **Matthias** gekies as apostel om die plek van Judas in te neem. Daar was 'n vergadering van omtrent 120 persone. Onder leiding van die Heilige Gees is Matthias met die lot verkies nadat daar tot God gebid is. Hand. 1:23-26: “En hulle het twee voorgestel: Josef wat genoem is Bársabas, met die bynaam van Justus, en Matthias. En hulle het gebid en gesê: U, Here, wat die harte van almal ken, wys uit hierdie twee die een aan wat U uitverkies het om die lot van hierdie bediening en apostelskap te verkry, waarvan Judas afgewyk het om heen te gaan na sy eie plek. **Toe werp hulle die lot, en die lot het op Matthias geval;** en hy is gekies om saam met die elf apostels te wees.”
- Tussen **33-35 n.C.** was die **Apostel Tomas** deur die lot aangewys om die evangelie in Indië te gaan preek. Saint Thomas Eastern Orthodox Church: “The Lord said to Thomas: ‘Reach hither thy hand, and thrust into my side; and be not faithless, but believing’, and Thomas cried: ‘My Lord and my God!’ (John 20). After the descent of the Holy Spirit, **when the Apostles cast lots to see who would go where** to preach the Gospel, it fell to Thomas to go to India.” http://stteoc.com/about_church/, http://en.wikipedia.org/wiki/Acts_of_Thomas
- Tussen **33-35 n.C.** was die **Apostel Matteus** deur die lot aangewys om na die stad Marmadonië te gaan om die evangelie te verkondig.
The Acts of Matthew and Andrew in the City of Cannibals
¹Here it says that after our Lord Savior Christ ascended to heaven, the apostles were together, and **they cast lots among themselves** to learn where each of them should travel. ²It says that the blessed Matthew was given by lot the city of Marmadonia.”
<http://www.scribd.com/doc/132615188/The-Acts-of-Matthew-and-Andrew-in-the-City-of-Cannibals>

2.3 VROË KERKESKIEDENIS TYDPERK

- In **75 n.C.** skryf **Titus Flavius Josephus** (37–100 n.C.) oor die Groot Joodse Rebelle teen Rome in “*The Jewish War*”. Hy berig oor die geskiedenis van die beleg van die **Masada** Bergvesting (73–74 n.C), waar ongeveer een duisend Jode selfmoord gepleeg het, waarby die lot gebruik was. Twee oorlewende vroue het vertel van die tragiese gebeure: “They then **chose ten men by lot** out of them to slay all the rest; every one of whom laid himself down by his wife and children on the ground, and threw his arms about them, and they offered their necks to the stroke of those who by lot executed that melancholy office; and when these ten had, without fear, slain them all, they made the same rule for **casting lots for themselves**, that he whose lot it was should first kill the other nine, and after all should kill himself.” (Bron: Josephus, Wars of the Jews, 7.9.1.)

- In **98 n.C.** skryf Tacitus (56-117), 'n Senator en Geskiedskrywer van die Romeinse Ryk, in Hoofstuk X van sy boek "Germania" oor die gebruik van die lot deur die Germaanse stamme in Skandenawië: "The practice of casting lots as a practice used by the Germanic tribes. **To divination and casting of lots, they pay attention beyond any other people.** Their method of casting lots is a simple one: they cut a branch from a fruit-bearing tree and divide it into small pieces which they mark with certain distinctive signs and scatter at random onto a white cloth. Then, the priest of the community if the lots are consulted publicly, or the father of the family if it is done privately, after invoking the gods and with eyes raised to heaven, picks up three pieces, one at a time, and interprets them according to the signs previously marked upon them." (Bron: "Introduction to Runes". Sunnyway.com. Retrieved 2013-06-02.)
<http://en.wikipedia.org/wiki/Cleromancy>
- Ongeveer **100 n.C.** maak Tacitus (56-117n.C., senator en geskiedskrywer van die Romeinse Ryk) gebruik van die lot. Tacitus se voorbeeld van eerbaarheid: "Uit beskeidenheid wys Tacitus van die hand om self 'n assistent te kies wat hom moet bystaan met die herstel van die tempel te Smyrna." "**Die keuse moet liewers volgens gebruik deur die lot bepaal word.** Aangesien Lepidus uit beskeidenheid geweier het om self te kies, is Valerius Naso uit die geledere van die eks-praetores **deur loting aangewys.** Weer eens is hy versigtig om op niemand se tone te trap nie." (Bron: Hetta Conradie de la Bat, 2008 Tesis, "Van Republiek tot Keiserryk" ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister Artium in Klassieke Letterkunde aan die Universiteit van Stellenbosch met Dr. S. Thom as studieleier: Par. 2.6.4)
- In **185-254** het die werk van Origene van Alexandrië die Christelike mistiek as 'n omvattende *proses* of *lewenswyse*, eerder as 'n enkele ervaring of insidentele vereniging met God gevestig. Die invloed hiervan kan regdeur getrek word tot ons Teologie vandag. (McGinn 1994:xi, xii). (Bron: Prof. A.W.G. Raath, Gereformeerde mistiek en die neerslag daarvan in piëtistiese ego-tekste van manlike gelowiges in die Suid-Afrikaanse pionierslewe.)
<http://www.hts.org.za/index.php/HTS/rt/printerFriendly/1123/2429#4>
- Ongeveer **305** het die nageslag van die Altlanders reeds vir 282 jaar geen Eremoeder gehad nie. Terwyl alles verlore gelyk het, het hulle gegaan om een te kies. **Die lot het op Gosa, haar naam was Makonta, geval.** Sy was Burgmaagd van Fryasburg in Teksland. (Bron: Die Oera Linda Boek, Vaandel-Uitgewers, Aug. 1998, p.141)
- In **305-306** vereis die **Sinode van Elvira** dat "toordokters" wat Christene geword het hulle roeping afsweer voordat hulle lidmaatskap van die Kerk verkry.
www.ccel.org/s/schaff/encyc/encyc03/vol3c.rtf
- In **306-337** het Constantius, seun van die Romeinse Keiser Konstantyn die Grote, **die doodstraf uitgevaardig vir waarsêers.** Die owerhede het gevrees dat sommige profete sou word, wat met geweld hul voorspellings oor die dood van konings in vervulling laat gaan. (Bron: Catholic Encyclopedia.) <http://www.newadvent.org/cathen/05048b.htm>
- In **314** veroordeel die **Sinode van Ancyra** "*manteuomenai*", die beoefening van die **kunste van toekomsvoorspelling**, es.convdocs.org/docs/index-15911.html?page=28 waarvan daar 75 soorte is. <http://users.adam.com.au/bstett/PaManticArts89.htm> 'n Boete van 5 jaar was gegee aan diegene wat **toekomsvoorspellers raadpleeg.** (Bron: Catholic Encyclopedia.)
- In **354-430** het Augustinus, *Aurelius Augustinus Hipponensis* (St. Augustine/St. Austin), Biskop van Hippo Regius, een van die vroeë Kerkvaders en Christelike Teoloog van sy tyd, die mistiek as 'n blywende deel van die Christelike godsdiens gevestig. Psalm 30:16 (31:15)(31:16) word in verband gebring met die werp van die lot: "a gloss of Augustine on Ps. 30:16, "**My lots are in**

Thy hands," says: **"It is not wrong to cast lots, for it is a means of ascertaining the Divine will when a man is in doubt."** (Bron: Summa Theologica, Question 95, Article 8)

2010 Rick Meyers E-Sword Bybelporgram vergelyking van Ps. 31:16 se bewoording:

1611 King James Bybel	"My times are in thy hand."
1899 Douay-Rhims Bybel	"My lots are in thy hands."
Brenton se Engelse Septuagint	"My lots are in thy hands:"
Kontemporêre Engelse Bybel	"My life is in your hands."
God se Woord in Engels	"My future is in your hands."
1933 Afrikaanse Ou Vertaling	"My tye is in u hand;"
1965 Bybel in basiese Engels	"The chances of my life are in your hand;"
1983 Afrikaanse Nuwe Vertaling	"My tye is in u hand;"

Verder was Augustinus uitgesproke teen die gebruik van die "oopslaan van die Bybel" as 'n vorm van die gebruik van die lot, en heeltemaal gekant teen die raadpleging van demone: **"the use of the Bible as in the Vergiliano sortes to divine by was condemned by Augustine,** though he regarded it as a less evil than consulting demons." (Bron: Summa Theologica, *Epist., iv., ad Januarium, xxxvii., NPNF, 1st ser., i. 315*)

- In **360** verbied die **Konsilie van Laodicea** geestelike geleerdes/priesters/geestelike leiers om amulette te maak of te dra. (Amulette is hangertjies vir "beskerming" teen die bose, wat waarskynlik verband gehou het met pendulums, wat ook in raadpleging gebruik word). Diegene wat hulle gedra het, was uit die Kerk verban. (Bron: Catholic Encyclopedia.)
- In **398** het die 4^{de} **Sinode van Carthage** diegene wat toekomsvoorspelling beoefen verban. Wetgewing van die tyd raak al hoe intenser tot en met die Codex Theodosianus in die jaar 439 (ix. tit. 16, leg. 4). (Bron: The New Schaff Herzog Religious Encyclopedia)
- Tussen **401-500** het die **Sinodes van Gallië** in die vyfde eeu dit nodig gevind om die geestelike geleerdes/priesters/geestelike leiers te dreig met boetes wat betrokke raak by toekomsvoorspelling. (Bron: The New Schaff Herzog Religious Encyclopedia)
- In **452** by die **Konsilie van Arles** was drie-talle gebruik in die verkiesing van Biskoppe wat met die lot aangewys is. "Sometimes we find the People and Clergy were confined in their Choice, to take one of Three, that were first nominated by Bishops in Council. Thus it was in France in the time of the 2nd Council of Arles, when the Council made an Order about Elections to this purpose: That in the Ordination of a Bishop shall nominate Three, out of which the Clergy and People shall have Power to choose one. Other Laws appointed the Clergy and People to nominate Three, and **the Metropolitan and Provincial Bishops to cast Lots which of the Three should be ordained;**" (Bron: The Works of the learned Joseph Bingham. London, M DCC XXVI.)
- In **465** verbied die **Sinode van Vannes** die gebruik van die lot deur geestelike geleerdes/priesters/geestelike leiers. Skuldiges word verban uit die Kerk. **"The synod denounces the use of the lot.** But, as is frequently the case, the theory and the practise of the Church were at variance. To the common mind the fact that things were sacred seems to have justified their use in this manner, and this tendency spread upward from the common people to the clergy. **The employment of the lot was based upon both Old Testament and New Testament usage and the application by Jews of the method of the Vergilirsnce sorter to the Old Testament were carried over into the Christian Church as early as the 5th century"** (Bron: The New Schaff Herzog Religious Encyclopedia, 451 Divination)

- In **506** verklaar die **Sinode van Agde** dat “Sortes Sanctorum” (Bibliorum) teen vroomheid en die geloof is. “Sortes Sanctorum” (Bibliorum) is die metode waar iemand op ‘n plek in die Bybel oopgeslaan, en die gedeelte waar die persoon se oog op val, is dan betekenisvol in die saak. Wanneer ‘n ernstige gebedsvraag die oopslaan van die Bybel voorafgaan, is die teksgedeelte ‘n vorm van loting, en die teksgedeelte ‘n antwoord van God af. (Bron: Catholic Encyclopedia.) http://en.wikipedia.org/wiki/Sortes_Sanctorum
- In **511** het die **Kanon van Orleans** almal verban wat deelgeneem het aan toekomsvoorspelling en towery. “those who practised divination auguries, or **lots falsely called Sortes Sanctorum** (Bibliorum), i.e. deciding one's future conduct by the first passage found on opening a Bible. This method was evidently a great favourite. (Bron: Catholic Encyclopedia.)
- In **538-594** in die tyd van **Gregory van Tours** was van ‘n Bybel-lot metode gebruik gemaak om skuldiges uit te wys. “Gregory of Tours used to see fortune tellers and to cast lots, *he* relates that in the presence of a concourse of bishops and priests at a celebration of the mass at Dijon the Gospels and Epistles were solemnly consulted regarding the fortunes of a son of Iathalr I. Especially did the Ordeal (q.v.) as an appeal to God to indicate the guilty receive the practical sanction of the Church by the presence and often the participation of Church dignitaries and officials. The use of the Bible and the key (another form of bibliomancy) was particularly persistent. A key was loosely fastened to the Bible at Pa. 1. 18, the Bible made to revolve, while names of suspects were mentioned, and he at whose name the book fell was regarded as guilty.” (Hist. rag. Franc., iv. 16) (Bron: The New Schaff Herzog Religious Encyclopedia)
- In **599** het die Spaanse Kerk drie-talle gebruik in die verkiesing van Biskoppe wat met die lot aangewys word. “the Rule of the Spanish Church in the Time of the Council of Barcelona was to appoint the Clergy and People to nominate Three Bishops, and the Metropolitan and Provincial Bishops to **cast Lots** which of the Three should be ordained.” (Bron: The Works of the learned Joseph Bingham. London, M DCC XXVI.)
- In **630** het die **Lex Ripuaria** en in **802**, die **Lex Saxonum** wetgewing ontstaan. Hierdie Germaanse wetgewing het die gebruik van die lot vervat. (Ripuarian Code, xxxi. 5) (Bron: The New Schaff Herzog Religious Encyclopedia)
- Na **664** was die gebruik van die lot goedgekeur deur die vroeë **Ierse Sinodes** (Whitby, ens.) The lot was sanctioned by early Irish synods (*Excerptionea*, ascribed to Egbert of York (732-766), ed. Thorpe, ii. 108). (Bron: The New Schaff Herzog Religious Encyclopedia)
- In **831** het Biskop Anskar opgemerk dat die Denemarkers die lot algemeen gebruik: “The practise of casting lots was still in use in the 9th century, when Anskar (801-865), a Frankish missionary and later bishop of Hamberg-Bremen observed the practice several times in the decision-making process of the Danish peoples. In this version, the runes were believed to determine the support or otherwise of gods, whether Christian or Norse, for a course of action or act. For example, in one case a Swedish man feared he had offended a god and asked a soothsayer to cast lots to find out which god. The soothsayer determined it was the Christian God and he later found a book that his son had stolen from Bishop Gautbert in his house. Bron: "Rimbert's Life of Anskar", in Carolingian Civilisation: A Reader (2nd ed.), ed. P.E Dutton, 2009. <http://en.wikipedia.org/wiki/Cleromancy>

2.4 ROOMS-KATOLIKE TYDPERK

2.8.2 NGK - Nederduitse Gereformeerde Kerk (Sedert 5 November 1842)

- In **1844** het die NG kerkraad van Stellenbosch sommige kerksitplekke **deur loting aangewys.** <http://bennozuidam.com/NGKS2.htm>
- In **1908** beroep die NG Kerk Joubertina haar eerste predikant. Die tweede beroep het **die lot het ten gunste** van ds. A. D. Lückhoff beslis. Derde is ds. M. J. de Kock met algemene stemme beroep. Die vierde beroep het op 19 Julie 1908 met dertien uit die veertien stemme op ds. P. J. Retief van Knysna geval. Hy was die man vir wie dit in die Godsraad beskore was om die fundamente van die jong gemeente te kom lê. www.ngkerkjoubertina.org.za/eersteleraar.html
- In **1913** besluit die NG gemeente Beaufort-Wes se kerkraad oor vervoer vir Ds. Steytler: “Om dit vir hom makliker te maak om hierdie buitewyke te besoek en te bearbei, het die kerkraad in Mei 1913 die kwessie van die aankoop van 'n vervoermiddel ernstig oorweeg. Een voorstel was ten gunste van die aanskaf van 'n kar en perde vir sowat £100 en die ander vir dié van 'n "motor car". **Toe die stemme staak, het die lot ten gunste van die ou boere-vervoermiddel beslis.** Drie jaar later is daar weer ernstig gedink aan die koop van 'n motor vir gemeentelike bediening, maar die swaar tye vanweë die wêreldoorlog laat die kerkraad vir die onkoste terugdeins. http://af.wikipedia.org/wiki/NG_gemeente_Beaufort-Wes



- In **1994** maak die NGK Algemene Sinode hul standpunt duidelik oor Lotery en Dobbelary:

1. Inleiding: Die Algemene Sinode spreek sy diepe teleurstelling uit oor die feit dat dobbelary nou amptelike goedkeuring ontvang en 'n werklikheid in Suid-Afrika word. Die Algemene Sinode is uitermate besorgd oor die uitwerking hiervan op die gees en die morele lewe van die inwoners van ons land. Dit kan spoedig lei tot allerlei maatskaplike euwels.

2. Motivering: Die Algemene Sinode gee kortliks die volgende argumente as motivering vir ons standpunt:

2.1 Tussen die lot en dobbelary moet duidelik onderskei word. Ofskoon daar wel raakvlakke is, is daar ook ingrypende en selfs prinsipiële verskille.

2.2 Ofskoon die kans-element deel van die lot of lotery is, moet dit, teologies gesien, in die nouste verband met **Gods voorsienige bestel en sy soewereine heerskappy gesien word.** Waar 'n beslissing gegee moet word en daarvoor geen redelike wyse of metode gevind kan word nie, soos bv by die staking van stemme, of by die bepaling van die orde of die plek van 'n spel, kan van die lot gebruik gemaak word. In die werp van die lot ontduik die mens nie sy verantwoordelikheid nie, maar gebruik hy die lot as't ware as gebed tot God, juis om in staat gestel te kan word om aan sy verantwoordelikheid uitvoering te kan gee. **As die beslissing nie deur die lot gegee word nie, kan daar immers nie voortgegaan word nie.** In die Skrif is daar dus ook inderdaad dikwels van die lot sprake (vgl oa Num. 26:55; 33:54; Jos. 14:2; 1 Sam. 14:42; Spr. 18:18; Hand. 1:23-26). In die Skrif word die beslissing deur middel van die lot steeds beskou as 'n bekendmaking van die wil van die Here.

2.3 Maar wanneer die lot gebruik word as middel om geldpryse of ander vorme van eiendom te verkry, word dit dobbelary en word die kans-element dus 'n wyse van eiendomsverwerwing en hieroor bestaan daar ernstige morele besware.” (www.kerkweb.org.za/besluitregister/)

- In **1995** neem die Sinode van Natal standpunt in teenoor Lotery en Geluyskompetisies. (Sien aanhangsel 6.)


- In **1999** maak Mev. Susan Marais, 46-jarige NG Kerk-lidmaat van Germiston haar nuwe “bybelse-kaartspel” bekend waarmee ‘n mens volgens haar “met God kommunikeer”. Die artikel berig onder andere: **“Die spel, wat ‘n gelowige met homself speel, berus op elemente van toeval.”** “En dis nie onbybels nie, ... Daar’s talle voorbeelde in die Bybel van keuses wat met die werp van die lot gedoen is. Saul is op die manier as koning en Matteus as apostel gekies.” “Marais se eie predikant Dr. Berni van Zyl van Germiston sê dis “post-modern en pret”. “Dit fokus op afgeskepte vorms van basiese menslike kommunikasie”. Die pak Bybelse kaarte lyk nogal na 'n familielid van die welbekende Tarot-kaarte. Maar hulle is, volgens Marais, net vir inspirasie bedoel. Gewis nie vir waarsêery nie. Vir die volle berig sien die aanhangsel 7.



'n Voorbeeld van Tarot kaarte

<http://152.111.1.87/argief/berigte/rapport/1999/11/7/4/3.html>

Opmerking: Volgens Bybelse beginsels, Hervormers se standpunte, artikels van die Heidelbergse Kategismus en Nederlandse geloofsbelydenis is dit baie duidelik dat bogenoemde “**Christelike kaartspel**” as toepassing van die lot, op geen manier deur die Christen geregverdig kan word nie! Daar is ook ander sootrgelyke “lootjie-Bybel-boodskappe” wat by Christene voorkom. Kommersialisering druf die groei van hierdie konsepte. Die gebruike hiervan behoort ernstig ondersoek te word in term van die Bybelse vereistes wat op die lot van toepassing is.




Cowboy Bybel-speelkaarte



Teksvers-kaartjies



Bible Bingo



Teksvers-kapsules

- Die **2002** Lotto-Verslag aan die Algemene Sinode maak melding van die tradisioneel Gereformeerde siening van die gebruik van die lot: “Om aan lotery deel te neem, is om 'n ongeoorloofde gebruik van die lot te maak. **Die Bybel leer ons dat die lot 'n heilige handeling is waarin 'n beroep op God gedoen word om in sy besondere voorsienigheid self 'n beslissing te neem** (vergelyk tekste soos: Eks. 28:30; Jos. 17:14; 1 Sam. 14:42; Jona 1:7; Spr. 16:33; Hand. 1:26). Om hierdie handeling te misbruik vir allerlei onbenullighede (soos lotery) kom neer op 'n misbruik van die Naam van God - omdat Hy by implikasie aangeroep word - en is daarom 'n oortreding van die derde gebod.”
- Die **2007** Kerkorde en Aanvullende Bepalings van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se Noord Sinode bepaal insake die gebruik van die lot dat:
 - **Bepaling 7.3 Bykomende vereistes by beroep deur die kerkraad**
7.3.8 Die finale stemming geskied uit die tweetal wat so gevorm is en indien die stemme staak, **beslis die lot wie beroep is.**
 - **Bepaling 15.3 Hoe die verkiesing van kerkradslede plaasvind**
15.3.3 Indien daar net soveel of minder name op die nominasielys verskyn as die aantal persone wat verkies moet word, kan die genomineerdes by wyse van 'n onbestrede mosie verkose verklaar word. Indien daar nie 'n onbestrede mosie verkry word nie, word sonder verdere bespreking met stembriewe gestem. Verkosenes word met 'n volstreekte meerderheid van stemme verkies of in die geval van staking van stemme deur **die lot aangewys.**
15.3.4 Indien daar meer name op die groslys verskyn as die aantal wat gekies moet word, moet elke lid soveel name op die stembrief plaas as wat verkies moet word. Diegene wat 'n volstreekte meerderheid van stemme verkry, is verkies. Indien dit nie die vereiste aantal oplewer nie, word oorgestem tussen die oorblywende name op die groslys, totdat die benodigde aantal persone met volstreekte meerderheid van stemme verkies is. As die stemme by die finale stemming staak, **beslis die lot wie verkies is.**

- **Bepaling 15.4 Die dienstryd van kerkraadslede**

15.4.4 In die geval van die eerste kerkraadslede wat in 'n pasgestigte gemeente gekies word, verstryk die helfte (**soos deur die lot aangewys**) se eerste dienstermyn aan die einde van die eerste volle kerkjaar, met dien verstande dat hulle op versoek ook kan instem om daarna vir 'n volle dienstermyn diens te doen. Dit word op so 'n wyse gedoen dat waar kerkraadslede wyksgewys verkies is, telkens slegs óf die ouderling óf die diaken van 'n bepaalde wyk na die eerste jaar uittree.

➤ Die **2007** Kerkorde en Bepalinge van die Sinode van Wes-Transvaal word die gebruik van die lot soos volg bepaal:

- Artikel 7.4.5 – Wyse van beroeping: Daar word finaal tussen die tweetal gestem en indien die stemme staak, word die Naam van Here aangeroop om deur die lot te beslis wie beroep word.
- Artikel 15.4.2 - Die dienstryd van ouderlinge en diakens: “In 'n nuwe gemeente of waar daar addisionele poste geskep word, tree die helfte van die verkosenes af na die helfte van die vasgestelde dienstryd. Hulle word deur die lot aangewys, na aanroeping van die Naam van die Here.”
- Artikel 25.5.7 – Stemming: “Die verkiesing van persone geskied per geslote stembrief uit 'n groslys wat vooraf saamgestel is, behalwe by die aanwysing van kommissies. Met inagneming van Bepaling 7.4 en 15.3 bring elke stemgeregtigde een stem op een van die name op die groslys uit. Indien niemand 'n volstrekte meerderheid behaal nie, vind 'n verdere stemming(s) plaas tussen dié name wat die hoogste getal stemme gekry het en wat saam 'n volstrekte meerderheid van die stemme getrek het totdat een 'n volstrekte meerderheid verkry. Indien twee of meer name dieselfde aantal stemme gekry het en dit nie duidelik is wie saam met die naam (name) wat die meeste stemme gekry het die volstrekte meerderheid vorm nie, word daar eers tussen hierdie name gestem om te bepaal wie by die volgende stemming betrokke moet wees. Indien die stemme by die finale stemming staak, **beslis die lot na aanroeping van die Naam van die Here.**”

➤ Die **2009** Reglement en Handleiding van die Sinode van die NG Kerk in die OVS (Kerkorde OVS 2009 – Bylae 2) is soos volg bepaal insake die gebruik van die lot in die behandeling van sake en verkiesing van ampsdraers:

- Behandeling van Sake:

Art 6. “By die voorbring van sake neem die voorsitter die orde in ag wat vir hom die geskikste voorkom. Hy dra die sake wat behandel moet word, duidelik voor, gee by die behandeling die nodige inligting en kan, as die saak dit vereis, wenke aan die hand doen om die vergadering te help om tot 'n beslissing te kom, en bring sy stem gelyktydig uit saam met die ander lede.”

Art 7. “As die stemme staak, beslis die voorsitter wat naas sy gewone ook 'n beslissende stem het. **Die voorsitter mag die lot gebruik in stede van sy beslissende stem te gee.** In 'n saak van kerklike opsig en tug word by staking van stemme uitspraak in die guns van die aangeklaagde gegee.”

- Verkiesing van Ampsdraers:

Art. 32.2.6 **“As die stemme by die eindstemming staak, moet die lot tussen die twee name beslis.”**

- Die **2011** Algemene Sinode bepaal in Reglement 3: Reglement van Orde soos volg aangaande die gebruik van die lot: Artikel 2.2.5 – Stemming (**Verkiesing van persone en Behandeling van Sake**) “Indien daar ‘n staking van stemme is wat nie deur verdere stemming opgelos kan word nie, **geskied die beslissing deur die lot.**”
- Die **2012** Notule van die Sinode van die NG Kerk in Namibië bepaal insake stemming: Artikel 7.2.6 “Indien daar ‘n staking van stemme is word die benodigde getal deur die beslissing van **die lot gevel.**”
- Die **2012** NG Kerk Oostelike Sinode Reglement vir die Sinodale Diensraad bepaal soos volg aangaande die gebruik van die lot:
 - Artikel 3.2 – Verkiesing: “Elke stemming geskied deur die lede wat aanwesig is. Sinodale en diensleiers asook sekundi, moet met ‘n volstreckte meerderheid van stemme van die aanwesige lede verkies word. Verkiesing van persone geskied op ‘n geslote stemwyse. Uit die name in die nominasielys stem elke stemgeregtigde vir soveel name as die getal persone wat in ‘n bepaalde hoedanigheid verkies moet word. Indien vir ‘n bepaalde hoedanigheid nie ‘n volstreckte meerderheid van stemme op ‘n persoon verenig is nie, vind ‘n verdere stemming plaas uit die name wat die hoogste getal stemme gekry het en saam ‘n volstreckte meerderheid vorm. **Indien die stemme staak, vind ‘n volgende stemming tussen dieselfde persone plaas, waarna die lot beslis.**”
 - Artikel 5.6 - Stemming
 - 5.6.1 Oor elke saak moet afsonderlik gestem word.** Die amendemente word eers tot stemming gebring en wel so dat oor die wat laaste ingedien is, eerste gestem word. Amendemente wat aanvaar word, wysig die voorstel. Daarna word vir en teen die oorspronklike (as al die amendemente verwerp is) of die geamendeerde voorstel gestem.
 - 5.6.2** Oor alle sake word met volstreckte meerderheid van stemme besluit. Indien die stemming op die verkiesing van persone betrekking het, geskied dit, tensy anders bepaal (kyk byvoorbeeld verkiesing van kerkraadslede in nuutgestigte gemeentes), op ‘n geslote stemwyse.
 - 5.6.3** Geen lid mag sonder verlof van die vergadering buite stemming bly nie. Indien verlof toegestaan is, word die volstreckte meerderheid van stemme deur die oorblywende stemme bepaal.
 - 5.6.4 By die staking van stemme beslis die lot.**
<http://www.sinoos.co.za/familieels>
- In **2012** op Saterdag 28 Januarie verskyn ‘n artikel oor lotery getiteld “DIE GOGGA HET GEBYT” in reaksie op die “NUUS 24 berig oor **LOTTO ADVIES**” op die webwerf van die NG Kerk Tsumeb skryf Ds. T.J. de Koning onder andere: Sommige wil dobbel Bybels regverdig vanuit die gebruik om die **lot te werp** wat ons in die Skrif teëkom. Die Bybelse manier van die lot werp was ‘n manier waarop God Sy wil bekend gemaak het. Dit is in gewigtige gevalle aangewend en was ‘n erkenning van God se beslissingsmag. Die laaste keer in die Skrif waar ons van die praktyk lees, was in die aanwysing van Mattias in die plek van Judas as apostel (Hand 1:26). Daar is dit ‘n aanduiding van Jesus se direkte betrokkenheid as Here van die kerk by hierdie uiters belangrike saak. **Om die werp van die lot wat ‘n soeke na die heilige wil van God was, as ekskuus of regverdiging vir dobbel te gebruik waar dit oor die gierigheid van die mens gaan, maak tog duidelik nie sin nie.** Dis ‘n tipiese voorbeeld van hoe die sondige mens selfs God se Woord wil verdraai om by sy eie sondige begeertes te pas.
<http://skattegemynuitgodsewoordintsumeb.blogspot.com/2012/01/lotto-advies.html>

2.8.3 GKSA - Gereformeerde Kerk (Sedert 10 Februarie 1859)



- In **1869** is in Mei tydens 'n sinodevergadering te Potchefstroom besluit om met 'n Teologiese Skool te begin. Dat dit op Burgersdorp sal wees en dat die Predikant van Burgersdorp, ds. Postma, die onderrig sal behartig. **Jan Lion Cachet is toe met die lot aangewys** as die tweede dosent om vir Postma by te staan. (Die Kerkpad 3 Sep. 2012).
- In **1873** besluit die **GKSA Sinode** dat indien daar by die verkiesing 'n staking van stemme is, word die lot gewerp met plegtige aanroeping van die Naam van die Here. (Sinode 1873, Handeling p. 46, art. 173). Dr. Jan Visser lewer kommentaar in “Die Kerkorde in Praktyk” van April 1999, soos volg:

“In beginsel is dit God Self wat beroep (kyk p. 7 [Art 3]). Hy doen dit deur die lot wat gewerp word (Handelinge 1:15-26); of Hy gebruik mense as sy instrumente wat sekere persone verkies (Handelinge 6:5, 14:23) of aanstel (Titus 1:5).

Die basis van Gereformeerde kerkregering is dat Jesus Christus self sy kerk regeer; Hy doen dit deur middel van mense wat hy daartoe roep (byvoorbeeld by wyse van meerderheidstem); Hy kan dit egter ook doen sonder die bydrae van mense, (byvoorbeeld deur die lot wat gewerp word), veral wanneer die regering deur middel van mense nie gewenste resultate oplewer nie (soos by staking van stemme).

Prinsipiël is daar geen verskil tussen stemming oor persone en stemming oor sake nie.” “Wanneer die stemme staak, kan daar weer gestem word. By herhaalse staking van stemme geld gewoonlik die volgende (kyk Sinode 1873, Handeling p. 46 art 173):

- By staking van stemme oor persone moet met plegtige aanroepng van die Naam van die Here geloot word;
- By staking van stemme oor sake is die saak normaalweg daarmee van die tafel af. Dit hoef egter nie rigoristies altyd so toegepas te word nie; dit kan of uitgestel word vir heroorweeg by 'n volgende vergadering; die belangrikheid en/of dringendheid van elke saak sal hier rigtinggewend wees.” Bron: www.enigstetroos.org

- In **1877** word **Petrus Postma** (1854-1919), seun van Ds. Dirk Postma en swaer van Totius, aangestel as eerste voltydse professor literarium aan die Teologiese Skool te Burgersdorp. “Sy verkiesing het nie sonder spanning verloop nie. Daar was 'n staking van stemme en **die lot moes uiteindelik gewerp word.**” (Van der Schyff 2003:23) Bron: Pastorale sorg aan oorlogsbannelinge: Petrus Postma se werk in Ceylon deur Rikus Fick. <http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-07012008-152711/unrestricted/05chapter5.pdf>
- In **1897** sien die **GKSA Teologiese Skool** die uittrede van prof. Stephanus Postma. As waarnemende assistent was Snijman in sy plek en waarnemende assistent J.A. du Plessis in die nuwe pos aangestel, **soos dit deur die lot beslis was**, na 'n staking van stemme tussen hom en ds. T. Hamersma. <http://dSPACE.nwu.ac.za/>
- In **1910** besluit die **GKSA Sinode** weer oor hierdie aangeleentheid. **Prof. Spoelstra** lewer in 1989 kommentaar op die Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering v.d. GKSA:
 - Artikel 5: “Die vroegste gelowiges het meegewerk in die nominasie of verkiesing van die dienaars (Hand. 6:3; 14:23). **Die lot het aanvanklik die verkiesing ná nominasie beslis** (Hand. 1:14-23).”

- Artikel 22: Hoe die verkiesing plaasvind: “Wanneer "stemme" staak, is vroeër soms die oudste van die twee kandidate aangewys. Tans moet die lot gewerp word.” (GKSA 1910: art 176; kyk bis 54v). (www.kerkrecht.nl)
- Verder sê Prof. Spoelstra oor die “meerderheidstem”: “Wanneer oor persone gestem word, kan een stem en by staking van stemme **die lot beslis** (vgl GKSA 1873 t.a.p.). Wanneer by gravamina, appèlle en essensiële sake nie 'n tweederde meerderheid beslis nie, behoort so 'n saak vir pre-advies in 'n volgende vergadering of na 'n sinodus contracta vir hierdie doel verwys te word. Die sestiende eeu het 'n eerste stemming as advies beskou. Die advies is daarna weer tot stemming gebring sodat almal kon konformeer en die besluit daarna met "algemene stemme" (art 86) aangeneem kon word. Hierdie behoefte aan konsensus beklemtoon dat "meerderheid" in gereformeerde taal baie meer as die helfte plus een beteken. 'n Kerklike "stem" impliseer selfs meer as die getal een. 'n Stem hou oordeel en keuring in (art 33). Stemme in kerkvergadering behoort derhalwe volgens a Lasco (Forma ac Ratio 1550) nie getel nie, maar teenoor norme geweeg te word. Wie nie tot 'n oordeel kan geraak nie, moet buite stemming bly. Omdat die meerderheidstem moontlik te lig mag weeg, is appèl daarteen moontlik.”
- Insake “Kerkregering” sê Prof. Spoelstra: “Dit lê klem op die voortdurende en dinamiese verband tussen gebed en handeling in kerkregering. Gevolglik word dikwels tydens die vergadering die Here nog weer spesiaal aangeroop in 'n saak waarin menslike onmag, afhanklikheid of verootmoediging te pas kom, byvoorbeeld om **die lot by verkiesing te werp**, spanning in die vergadering te besweer, 'n proponent tot die bediening toe te laat, ens.”

➤ Vanaf **1922 tot 1949** het **prof. Jacob Daniël du Toit (Totius)** (1877–1953) ses artikels in die Gereformeerde Kerkblad geplaas waarin lotery veroordeel word. In drie van hierdie artikels was die Bybelse gebruik van die lot bespreek: Staatslotery (1922), Lotery en die wortel daarvan (1931), Al weer die staatslotery (1934). Enkele aanhalings word gemaak wat wys wat die ingesteldheid was; waarmee die lot-saak hanteer is:

1. **Staatslotery.** (Die Kerkblad, 1 Nov. 1922) Totius veroordeel op bybelse gronde lotery en dobbelspel. Uit die Heilige Skrif word drieërlei soorte lot onderskei: (1) die lot van **voorspelling**, (2) die lot van **raadpleging** en (3) die lot van **verdeling**. Die lot van verdeling is steeds geoorloof vir die volgens die hervormers. Hierdie lot moet slegs gebruik word by regverdige en geoorloofde, ernstige en belangrike sake.
2. **Die dobbelgees.** (Die Kerkblad, 15 Aug. 1923) Totius skryf oor publieke lotery: “Een van die ontbindende, selfverlagende faktore wat onder ons volk werksaam is, is die dobbelary.” Hy sê: “Nie so lank gelede nie het ons uitvoerig aangetoon dat lotery 'n sonde is teen die **eerste, derde en agtste gebod**, en dat so 'n afskuwelike wetsoortreding in 'n Christelike maatskappy nie geduld mag word nie.” Hy sê die mens misbruik die skoonste gawes van God tot sy eie verderf en ondergang. Hy veroordeel lotery as geldmaker by kerkbasaars: “Deur hierdie duiwelse gebruike toe te laat maak die kerke dit soveel makliker vir die jongmense om af te sink na die **meer gemene vorms van dobbel**. Dit mag nie geskied nie, selfs nie in die naam van **liefdadigheid** nie, en ook nie op die veronderstelling dat die **doel die middele heilig** nie.” “Hieraan voeg ons toe dat ouers moet toesien dat hulle kinders nie tydverdryf gaan soek in allerlei dobbelspel, veral kaartspel nie. Ons maatskappy word deurtrek van 'n gees van wetteloosheid en onreinheid”
3. **Lotery, en die wortel daarvan.** (Die Kerkblad, 7 Okt. 1931) Totius beskryf lotery as “**volksonde**”. Hy sê: “dat vir 'n volk op dobbelary gebou, daar geen bestendigheid, geen sterke volkskarakter en daarom **geen toekoms** kan wees nie.” Alleen die wet en wil van God kan beslissend wees. Stelselmatig word in ons volkslewe ontken die **beskikking van 'n Skepper en Onderhouer** wat alles laat leef en beheer. Wanneer “iemand eenmaal versot geraak het op **kans, geluk en fortuin**, laat hy daarby sy Christelike beginsel en tradisie meer en meer los, dan sal die godin **Fortuna** so langamerhand sy hele lewe beheers.”

4. **Waarom ons lotery veroordeel.** (Die Kerkblad, 18 Nov. 1931) ‘n Aanpassing en herhaling van die 1922 artikel oor Staatslotery.
5. **Al weer die staatslotery.** (Die Kerkblad, 21 Mar. 1934) “Dit is juis wat die Christendom in alle geldlotery veroordeel: dat dit weier om **God te erken as die Beskikker van ons lot.**” Totius verwys na die voorsienigheid van God soos beskryf is in die Heidelbergse Kategismus Vraag 27. Hy noem dat dr. Steenkamp tydens die staatslotery debat in die volksraad genoem het dat: “daar is nie minder as **80 gevalle in die Bybel** waar dinge van **groot betekenis met die lot beslis** is nie.” Totius tref weer onderskeid in die gebruik van die lot by: voorspelling, raadpleging en verdeling, soos in 1922 en 1931.
6. **Die geluksgod.** (Die Kerkblad, 22 Jul. 1949) Totius veroordeel dobbelary uit die staanspoor omdat die Woord van God dit veroordeel as **kansspel**, iets wat beheers word deur geluk en toeval. “Die mens vertrou op geheimsinnige magte waar hy niks van weet nie, en gaan naderhand sover om dit te stel in die plek van die lewende God wat Hom in sy Woord openbaar het. Op honde en perde word gesteun om geld te maak. Agter die hond en perd sit dan die geluk wat hulle kan bring, en agter die geluk sit die geluksgod wat vereer moet word!” Die nagmaalsformulier is ook teen “*alle dobbelaars*”. Die **mag en beskikking** oor wat *ons* “*toevallig*” noem, is nie by die fontein (*wensfontein*) nie, ook nie by die duiwel nie, maar **by die Lewende God alleen.**” Totius sluit af: “as aan die kind op skool dit duidelik voorgehou en ingeprint word watter sonde dobbelary is teen die hoë God, dat die kind vir sy hele lewe daarvan ‘n afskrik sal kry. En so sal dit wees as die hele lewe onder die **tug van strengte beginsels kom.**”
(Bron: Die Eeufees-uitgawe - Versamelde Werke van Totius (prof. dr. J.D. du Toit), Dr. V.E. d’Assonville (voors.), 1977, Volume 7, pp. 540-553, ISBN 0624009513)

- In **1931** verskyn in die **GKSA Kerkblad** ‘n artikel deur **Totius** genaamd “**Waarom ons lotery veroordeel**”. Hy sê onder andere:

“Eerder het ons gesien wat die wortel van lotery is, naamlik verlating van God en verwerping van die gesag van sy Woord.”

“Gebruikmaking van die lot is 'n ernstige saak. Die Christelike moraliste of sedeleraars het dit beskou as 'n streng godsdienstige handeling, waarby feitlik plaasvind 'n aanroeping van die Here se hoogheilige Naam. Vandaar dat hulle die onderwerp behandel onder die derde gebod.”

“Uit die Heilige Skrif is ons drieërlei soort lot bekend: (1) die lot van voorspelling, (2) die lot van raadpleging en (3) die lot van verdeling. Die eerste het betrekking op toekomstige dinge. 'n Voorbeeld van dié loting vind ons in die raadpleging van die Urim en Tummim in die borstas van die Hoëpriester (Num. 27:21; Eks. 28:30). Die tweede soort, naamlik die raadpleging, vind ons in die geskiedenis van Israel toe deur loting uitgemaak is dat Agan diefstal gepleeg het by die inneming van Jerigo (Jos. 7). Van die laaste soort lot, aangewend om tot verdeling of tot opheffing van 'n geskilpunt of moeilikheid te kom, vind ons 'n voorbeeld by die apostelkeuse, toe tussen Josef en Matthias geloot is (Hand. 1:26). Dit is dié lot waarvan Salomo sê: Die lot laat die geskille ophou en maak die sterkes uitmekaar (Spr. 18:18).”

Nou was dit die gevoele van ons groot moraliste dat vir die Christen nog net die laaste soort loting geoorloof is, naamlik dié wat oplossing bring in gevalle waarin daar vir ons geen ander oplossing moontlik is nie. Die ander twee behoort spesiaal by die diens deur God vir die Ou Bedeling ingestel. Van dié twee soorte lot kom daar dan ook in die Nuwe Testament geen voorbeeld voor nie. Dit is wel opmerklik.

Alleen van die lot van verdeling mag dus deur ons gebruik gemaak word en dan onder bepaalde voorwaardes: daar moet geen ander weg oop wees om die moeilikheid op te los nie; waarby ons dan nog vermaan word om met eerbied en vrees tot die lot te nader, omdat loting feitlik 'n gebed is om 'n besondere openbaring van die Here se voorsienigheid. Ten laaste het ons sedeleraars nog gestel dat die lot alleen gebruik moet word by regverdige en geoorloofde, ernstige en belangrike sake. Ook hier geld die Skrifwoord: "Die Here is naby almal wat Hom in waarheid aanroep" (Ps. 145:18)." Volledige artikel is in aanhangsel 5.
(Bron: Die Kerkpad, Jaargang 4, No 6, Nov. 2000)

- In **1966** skryf **Ds. H.L.M. du Plessis** in die "Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika"
 - Artikel 4.b.1.c. op p.59: "In geval van 'n staking van stemme, meen sommige dat daar weer 'n herstemming moet wees, en dat by herhaalde staking van stemme die oudste in jare verkose verklaar moet word of die lot moet beslis. **Die aangewese weg is egter om dadelik die lot te laat beslis.** Die gereformeerdes het in die kerklike lewe die lotsbeslissing nie te dikwels toegepas nie, dog die regte toepassing daarvan is altyd beklemtoon. Die besluit van die Sinode van 1910 (artikel 176) is nog van krag: "As hulle staak oor persone, moet met die aanroeping van die Naam van die Here, geloot word."
 - Artikel 22.2.e. op p.141: "By die staking van stemme, waar kandidate eweveel stemme het, moet met die aanroeping van die Naam van die Here die lot gewerp word." (1910, art. 176)
 - Artikel 31.A.3. op p.193: "Indien die stemme oor 'n saak staak, is dit onbeslis van die tafel af. Indien stemme oor persone staak, word die lot gewerp."

- In **1983** skryf **Dr. G.P.L. van der Linde**, Hoogleraar aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en PU vir CHO oor die gebruik van die lot met betrekking tot die hantering van sake en verkiesings in "Die Kerkorde, 'n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde":
 - Artikel 22: Oor hoe die gemeente kies: "Wanneer daar in die verkiesing 'n staking van stemme voorkom, moet deur middel van die lot met aanroeping van die naam van die Here beslis word. (Sinode 1910, art. 176, vgl. Hand. 1:26; ook Rutgers 1921, p.155). Die aanbeveling van Rutgers en andere om te bepaal dat by staking van stemme die oudste in jare as verkies verklaar word, is vir my willekeurig."
 - Artikel 31: Oor die wyse van stem: "Wanneer stemme staak oor sake, insluitend die toelating van 'n teologiese kandidaat tot die diens van die Woord, is die saak van die tafel af (1873) en oor persone moet die lot gewerp word na aanroeping van die naam van die Here (Sinode 1910)."

- In **1988** skryf **Ds. Wouter ten Haaf**, Geëmeriteerde Gereformeerde Predikant (1974-1992), oor die lot in sy dagstukkies oor die Bybelboek Jona, onder die opskrif "**GOD BEHEER DIE LOT**". Hy bespreek Jona 1:7 en bring dit in verband met Spr. 16:33 net soos Calvyn. Ds. Ten Haaf skryf: "Trouens, hoe kon Jona bid as hy besig is om van God af weg te vlug? Hoe kon hy bid voordat daar berou en smeking vir vergifnis was? Die matrose bly die verband tussen sonde en straf sien – 'n heidense gedagte maar soms ook 'n kerklike gedagte. **Om nou uit te vind wie die oorsaak van die dodelike gevaar is, trek hulle lootjies.** Jona was daar by en die lot het op hom geval. Hierin sien ons hoe geweldig baie moeite God doen om Sy verlore kind tot inkeer te bring. Maar van berou is daar by die profeet nog geen sprake nie. Hy dobbel saam en verloor. **Die Here bepaal hoe dit uitkom as mense loot sê die Spreukedigter (16:33).**" (Bron: 1988, Ds. W. ten Haaf, Wonders per dosyn, p.18) <http://www.gkbellville.org/bybelstudies/Jona.pdf>

- In **2000** word die onderskeid wat getref word deur **Prof. Dr. W. Geesink** in 1908 tussen Lotery en Dobbelspel in 'n artikel gepubliseer in die GKSA Maandblad "Die Kerkpad":

Onder die positiewe sy bespreek hy die goeie gebruik van die lot. Die lot is 'n buitengewone religieuse handeling waarby God aangeroep word om 'n beslissing te gee oor 'n saak waar ons menslike oordeel tekort skiet. So 'n siening is 'n logiese uitvloeïing van die geloof in 'n God wat alle dinge bestuur en dit word ook so gesê in Spreuke 16:33 - "In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die Here".

Prof. Geesink onderskei drie soorte gebruik van die lot:

1. Die gebruik van die lot om openbaringe oor die toekoms te verkry (Num. 27:21).
2. Om God te raadpleeg oor twyfelagtige sake (Jos. 7: 1; Sam. 41:42; Lev. 16:8-10).
3. Die gebruik van die lot om dinge te verdeel tussen twee of meer partye. Hiervan is vele voorbeelde soos onder andere die verdeling van die land onder die stamme, die verdeling van priesterdienste, die lewering van hout ensovoorts. Ook word die lot gebruik om Matthias as apostel te verkies (Hand. 1:26).

In lyn met sy gereformeerde voorgangers Amesius (Dr. William Ames, 1576 – 1633, Engelse Puriteinse Protestant) en Voetius (Gijsbert Voet, 1589-1676, Nederlandse Teoloog), sê Geesink dat die eerste twee gebruike van die lot nie meer vir die Nuwe Testamentiese Christen geoorloof is nie.

Die gebruik van die lot om dinge te verdeel, is egter nog steeds geoorloof aangesien dit in die Nuwe Testament gebruik word en aangesien dit volgens Spreuke 18:18 ("Die lot laat die geskille ophou en maak sterkes uitmekaar") 'n middel is om onheilige tweedrag te beëindig. As voorbeelde van hierdie goeie gebruik van die lot word die volgende voorbeelde genoem: die verdeling van erfenis, goedere, eerbewyse, laste, arbeid, gevare by epidemies, ensovoorts, en die gebruik by die staking van stemme." (Sien aanhangsels)
(<http://home.mweb.co.za/ke/kerkpad/julie2000/art1.html>)

- In **2003** het die Gereformeerde Kerk Waterberg amptelik besluit om oor te gaan tot 'n staat van doleansie, ("treurend" en "beswaardheid")

"1.5 Die Skrif leer ons dat die verskillende plaaslike kerke mekaar in die regering van die kerk van Jesus Christus moet bystaan en help; saam oor moeilike sake sal oordeel en mekaar tot diens behoort te wees. (p.10)

3. In die lig van pt. 1.5, hierbo, is sinodebesluite kragtens die gemeen-akkoord bindend op elke plaaslike kerk, maar vanweë die selfstandigheid van elke plaaslike kerk is hy self verantwoordig verskuldig alleen aan die Hoof van die Kerk naamlik Jesus Christus. 'n Sinodebesluit staan dus nooit bokant die Skrif nie. Sinodes kan dwaal al is daar vooraf gebid. Daarom moet besluite getoets word aan die gesag van die Skrif en kan dit nie sondermeer aanvaar word nie. **Andersins kan sinodes na vooraf bid by elke besluit net sowel die lot werp.**" (Bron: GKSA, Die Kerkpad Jaargang 7 No 2 Maart 2003)

- In **2003** word ook hieroor verslag gelewer deur "Kerk en Woord" - Maandblad van die Gereformeerde Kerk "Die Kandelaar" te Pretoria. 51e Jaargang April 2003 No 4.

Punt 5. Enkele grondbeginsels van die Gereformeerde Kerkregering soos aangehaal uit die Kerkordeboekie 1998: "Daarom moet besluite getoets word aan die gesag van die Skrif en kan dit nie sondermeer aanvaar word nie. Andersins kan sinodes **na vooraf bid by elke besluit net sowel die lot werp.** In die geheel beskou is daar etlike sinodebesluite wat goed en diensbaar aan die kerke is. Daaroor is daar geen probleem nie. Wanneer besluite egter geneem word waardeur die suiwer leer en die gesag van die Woord van God aangetas word, word dit onhoudbaar en mag dit nie uitgevoer word nie."

- In sy **2010** Thesis getiteld “Die plek van gebed in die Gereformeerde kerkregering” skryf Dr. P.K. Lourens met Prof. A. le R. du Plooy as promotor:

“Dit bring die analogie in die kerkregering ter sprake dat ‘n beroep op ‘n ampsdraer wat met die lot aangewys is na die voorgaande gebed, meer intens sou wees as die gebruikelike verkiesing na voorgaande gebed. Sulke optredes laat vrae ontstaan oor die belydenis van “**geestelike bestuurswyse**” (NGB 30) en die gevaar wat kan ontstaan dat sulke uitsonderings die indruk kan skep dat ander besluite op ander oorwegings geneem is as so ‘n saak of dat daar ander bronne as die Woord is waarop die besluit berus en of daar ander oortuigingsmeganismes is as dat die Heilige Gees harte in alle sake moet verlig?”

(Bron: Thesis (Ph.D. (Church Polity))--North-West University, Potchefstroom Campus, 2011.)
space.nwu.ac.za/bitstream/handle/10394/8413/Lourens_PK.pdf

- In **2011** word melding gemaak op die Gereformeerde webwerf <http://enkelgereformeed.wordpress.com/> van die Nuwe Testamentiese Bybelse metode van verkiesing deur gebruikmaking van die lot onder Artikel 22 en 24 van die GKSA Kerkorde: **“Die Jode het tweetalle gestel waaruit een met die lot aangewys is.** (Hand. 1:23,26)”

- Die **2012** studiegids vir Etiek van die Teologiese Fakulteit van die Noordwes-Universiteit saamgestel deur Prof. JM Vorster en Prof. N Vorster, met Prof. HG Stoker as dosent, bevat leerstof oof **Lotery** in Leergedeelte 5.4. Daarin word geleer dat dobbelary en lotery in die verlede as dieselfde “ding” beskou was. Hierdie siening is blykbaar egter verkeerd. Daar word geleer dat; tenspyte daarvan dat lotery in dobbelary gebruik word, lotery in opsigself nie dobbelary is nie, en sodoende behoort dit apart gehanteer te word. Lotery moet hiervolgens onder die derde gebod, en dobbelary onder die agste gebod beoordeel word. Om lig op die onderwerp van lotery te plaas; word in die studiemateriaal die standpunte vergelyk van die bekendste gereformeerde etici Geesink, Kuyper en Douma:

- **Prof. Dr. Wilhelm Geesink** (1854-1929), welbekende Calvinistiese Teoloog en Professor van Gereformeerde Etiek aan die Vrye Universiteit van Amsterdam.
- **Prof. Herman Hubert Kuyper** (1864-1945), professor aan die Vrye Universiteit van Amsterdam, seun van die bekende joernalis, politikus, Gereformeerde Teoloog en staatsman **Dr. Abraham Kuyper** (1837-1920).
- **Prof. Dr. Jochem Douma** (1931-), Nederlandse teoloog van “de Gereformeerde Kerken vrijgemaakt” en professor in “ethiek aan de Vrije Universiteit Amsterdam”. Prof. Douma skryf vanaf 1966 tot 2007 skryf verskillende boeke oor Christelike Etiek.

Wanneer daar na hierdie bekende gereformeerde etici se standpunte gekyk word, word klem geplaas op Douma se besware teen die sienings van Geesink en Kuyper, wat in die verlede alle vorme van gelukspel (speletjies waar ‘n lot gewerp/getrek word) verwerp het. Die rede vir die verwerping was dat die gebruik van die lot as ‘n gebed tot God beskou was. ‘n Gebed ter wille van speletjies was as onydlike gebruik van die Naam van die HERE beskou. Volgens Douma is Geesink en Kuyper se verwysing na die Skrif nie geldig nie. Volgens Douma is Geesink en Kuyper se teksverklaring van Spreuke 16:33 nie korrek nie, en daarom kan die gebruik van ‘n lot in lotery nie as ‘n gebed beskou kon word nie. Daar kan gevolglik nie bely word dat God se voorsiening ook bepaal hoe die dobbelstene val nie.

Verder word in die studiemateriaal hierdie gebruik van die lot met ‘n rugby-bal vergelyk. Volgens hierdie vergelyking sou dit beteken dat; volgens “Geesink en andere” se sienings; ‘n ovaalvormige bal nie in rugbyspel gebruik kan word nie omdat die hop van ‘n ovaal-bal onvoorspelbaar is. (Bron: ETIE 121 PAC, NWU, cdn-lnx1.nwu.ac.za/P_13/ETIE_2012_PAC_2013.doc)

- In **2014** skryf **Dr. M.J. (Thinus) du Plessis**, Geëmeriteerde Gereformeerde Predikant (1973-2011) oor die gebruik van die lot in sy boek: “**Ek glo en bely en Openbaringsgeskiedenis – ‘n Handleiding van die Gereformeerde Geloof**” (ISBN 978-0-620-57918-6). In die geskiedenis het die **LOT** ook as **OPENBARINGS-INSTRUMENT** gedien, byvoorbeeld wanneer die HERE drome (Gén. 40:8, 1 Sam. 3:1) gegee het; was die lot gebruik om die HERE te raadpleeg wat die betekenis van die drome is. Dr. du Plessis hanteer die lot onder Geloofsleer: Etiek: Lotery: Die openbaringsmotief: punt 10.2 op bladsye 213-214.



Dr. Du Plessis

Hy sê: “By die werp van die lot leer die Bybel ons dat dit nog altyd ‘n **ernstige handeling** is waar alles daarop dui dat die mens nie meer kan sê watter kant toe nie. God se hulp word dan ingeroep en Hy besluit, byvoorbeeld by verkiesing van kerkraadslede na stemmestaking.

In ander gevalle in die Ou Testament was die werp van die lot daarop gerig om die **wil van God te openbaar** waar die mens dit glad nie op enige ander manier kon bekom nie. Vergelyk hier die geskiedenis van Akan of Dawid se aanval op Jebus.

Die hoëpriester het inderdaad ook **twee stene** in ‘n sakkie op sy bors gedra. Die twee stene het name gehad, naamlik **Urim en Tummim**.

Die **gebruik van die lot** was dus van vroegs af bedoel as deel van ons aanbidding aan die Here.

Mag ons hierdie heilige en besondere openbaringsmiddel van God dan vir allerhande ligsinnige speletjies gebruik?” <http://www.publikasiesthinusduplessis.com/>

2.8.4 NH of G: Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk (Verenigde Kerk).

- Op 7 Desember **1885** het die **Nederdeutsch Hevormde of Greformeerde Kerk** tot stand gekom; maar meer as die helfte van vroeëre lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk het aan die denominasie getrou gebly.

- In **1889** word die naam van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk **met die lot vasgestel**. Dr. W.J. Pretorius vermeld in 2008 die gebeure in sy boek getiteld “Die Britse owerheid en die burgerlike bevolking van Heidelberg, Transvaal, gedurende die Anglo-Boereoorlog” soos volg: “Kerkvereniging tussen die NHK en NGK het na die Eerste Vryheidsoorlog, 1880-1881, sterk op die voorgrond getree. Ten spyte daarvan dat dit wel in 1885 deurgevoer is, het dit tot groot twis en verdeeldheid onder die lidmate van beide kerke in Transvaal en gemeentes op Heidelberg gelei. Vanuit die staanspoor het dit geblyk dat ernstige kwessies soos die plek van sendelinge, gelykstelling tussen blank en swart en naamgewing vereniging sou bemoeilik. Veral laasgenoemde het die pogings tot vereniging byna verongeluk. Ds. Van Wermelo wou die naam Hervormd behou, terwyl ds. H.L. Neethling weer aan die naam Nederduits Gereformerd vasgeklou het. Twee voorstelle is ter tafel gelê, naamlik die van Van Wermelo en die van Neethling. Van Wermelo het as naam **Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk (NH of G)** voorgestel, en Neethling **Nederduitse Gereformeerde of Hervormde Kerk (NK of H)** tot stemming wou bring. **Nadat die stemmery op ‘n staking van stemme uitgeloop het, is die lot gewerp en Van Warmelo se voorstel voorlopig aanvaar.** Die gesprek oor hierdie saak is op 6 Mei 1889 op die Algemene Vergadering verder gevoer, waar die benaming NH of G Kerk toe as amptelike naam van die Verenigde Kerk bekragtig is.” <http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-07012008-152711/unrestricted/05chapter5.pdf>

“**Nadat die lot gewerp is**, is die kompromie-voorstel aanvaar dat die nuwe Kerk bekend sal staan as die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk.”

<http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-07012008-152711/unrestricted/02chapter4-5.pdf>

2.8.5 APK - Afrikaanse Protestantse Kerk (Sedert 1987)

➤ Die **2012** Kerkorde van die APK bepaal dat die lot gebruik word waar stemme staak:

- Artikel 11E (p.11) insake Beroeping van 'n bedienaar van die Woord.
“By die eerste stemming stem elke stemgeregtigde vir een naam op die groslys. Totdat een naam 'n volstreekte meerderheid behaal, word die groslys vir elke volgende stemming soos volg verkort: eerstens word die name wat twee of minder stemme behaal het, geskrap; tweedens word slegs die name behou wat saam 'n volstreekte meerderheid van stemme behaal het, met dien verstande dat indien twee of meer sodanige name ewe veel stemme gekry het, sodat 'n tweetal nie gevorm kan word nie, eers tussen diesulkes gestem word. **Indien die stemme vir 'n finale stemming tussen die tweetal staak, word na gebed met die lot beslis wie beroep is.**”

- Artikel 23B: (p.23) insake Verkiesing en Bevestiging
“'n Groslys word vooraf saamgestel soos die kerkraad bepaal. Elke belydende lidmaat en elke kerkraadslid mag, ooreenkomstig die aantal vakatures, name op die groslys plaas. Die kerkraad finaliseer voor die verkiesingsvergadering die groslys met inagneming van Art. 23.3 (*manlike lidmate, nie onder sensuur*). Daarna volg die verkiesing. Elke stemgeregtigde stem per geslote stembrief vir soveel name as wat verkies moet word.

Diegene wat 'n volstreekte meerderheid verkry het, is verkies. Vir die ontbrekende vakatures word gestem tussen die oorblywende name totdat die benodigde aantal persone met volstreekte meerderheid van stemme verkies is. As die stemme met die finale stemming staak, word na gebed met die **lot beslis.**”

- Ordereëling 21 (p.69) Insake staking van stemme.

“By staking van stemme oor **sake** mag die voorsitter naas sy gewone stem ook 'n beslissende stem uitbring.

By staking van stemme oor **persone** word deur die **lot beslis.**”

(Bron: 2012 Afrikaanse Protestantse Kerk, Kerkorde Bepalings – Ordereëls vir vergaderings bylaes en sinodebesluite.)



2.9 REPLUBLIEK VAN SUID-AFRIKA TYDPERK

- In **1971** verskyn Dr. E.A. Venter se boek “Die volheid van die tyd”. Hy skryf oor die **WIT KEURSTEEN** soos volg:

“Die daaglikse diens in die tempel is deur die gewone priesters vervul. Van laasgenoemde was daar ‘n geweldige groot aantal. Gevolglik moes die verskillende daaglikse dienste in die tempel deur die lot verdeel word. Die mees begeerde diens was die bediening van die reukoffer; elke gelowige priester het die ideaal gekoester om tog eendag die voorreg te mag smaak om hierdie heilige taak te verrig. Die bepaling is neergelê dat ‘n priester slegs eenkeer in sy lewe die reukoffer mag bedien; daarna kon hy nie meer aan die loting deelneem nie. Hierdie gunstige lot, wat aangewys is deur ‘n **WIT KEURSTEEN**, het uit die aard van die saak slegs ‘n geringe deel van die priesters te beurt geval. So het die lot eers toe hy “op gevorderde leeftyd” was op die vrome Sagaria geval; sy blydschap en vreugde oor die onderskeiding kan lig begryp word (Luk. 1:7-9) (Die volheid van die tyd, Dr. E.A. Venter, p.60).

Die **WIT KEURSTEEN** van Openbaring 2:17 word hiermee in verband gebring in ‘n Afrikaanse studie oor die Orde van Melgisedek, waarvan die skrywer onbekend is:

“Punt bb) Hierdie wit keursteen (Op. 2:17) word aan die oorwinnaars gegee wat kwalifiseer om as priester-konings saam met die Priester-Koning Melgisedek (Koning Jahshua Messias/Jesus Christus) te regeer vir ewig, in die **nuwe koninkryks-orde op aarde.**” (Bron: Melgisedek, p.9, skrywer onbekend.)

- In **1988**, volgens **Prof. Dr. A.D. Pont** (1927-) het W. a Brakel se boeke ‘n groot Teologiese invloed gehad op die Voortrekkers en gevolglik die Geloofte. (Bron: Die teologiese agtergronde v.d. Voortrekkergeloofte (1838), A.W.G. Raath, UOVS, 2001.) Brakel bespreek deeglik die gebruik van die lot in Volume 3 van 4, van sy boek “Redelike Godsdienst”, Punt 48, onder die Derde Gebod, wat heel waarskynlik gedien het as motivering vir Andries Pretorius om eers te vra of God hom deur die lot aanvaar as Voortrekker Leier voor die Slag van Bloedrivier.

- Vanaf **1990** werk tante **Hildrun Aschenborn** (1948 gebore in Pretoria, ma van 3 seuns, tans woonagtig in Duitsland, aangetroude familie van die Uijse van Orumbo in Namibië) met haar hande om die HERE God te raadpleeg. Sy leef haar gawe van genesing uit wat sy van die God ontvang het deur die toepassing van die beginsels van Kliniese Kinesiologie. Sy het aanvanklik bewus geraak van Goddelike genesing deur die getuïenisse van Dr. Husset (Oorspronklik van Ierland, Dokter in homeopatie in Pretoria) in samewerking met Dr. Spencer van Cullinan. In 1980 is ‘n babaseun (Völker Witkopfski) in Hildrun se familie gebore deur ‘n tangverlossing, wat hom ernstige skade aangedoen het. Dr. Husset het Völker gehelp om te leef en te herstel, terwyl ander dokters geen hoop vir hom gehad het nie. Dr. Husset het die HERE God met ‘n pendulum geraadpleeg om uit te vind wat die werklike oorsaak is van pasiënte se ongesteldhede: struktureel, fisies, voeding, geestelik, emosioneel, ens. Opeenvolgende vrae was dan aan God gevra om **foutopsporing** te doen om die spesifieke oorsake vas te stel en gevolglik gepaste remedies voorgeskryf. Tante Hildrun getuig: “as jy van ganser harte soek, sal die HERE jou antwoord.” (Bron: Persoonlike getuïenisse aan die skrywer. Jak. 5:14, 1Ti. 5:22)



Tante Hildrun

- In **2001** voltooi **Prof. A.W.G. Raath** (1954-) die studie getiteld “Die teologiese agtergronde v.d. Voortrekkergeloofte (1838)” waarin aspekte van die Voortrekkers se Teologie bespreek word. Hieruit is dit duidelik dat die skrywes van W. a Brakel die Bybelse gebruik van die lot deel maak het van die Voortrekkers se Godsdienste beskouing.

- Vanaf **2005** raadpleeg **oom Christo Smit** (1938-) die HERE God om raad te vra oor die voortbestaan van die blanke Christendom aan die suidpunt van Afrika. Vanuit die antwoorde wat God aan hom gee besef ons weereens ons verantwoordelikheid in die Koninkryk van God onder die direkte Hoëpriesterskap en Koningskap van Jesus Christus. Oom Christi se opregte, nederige, liefdevolle, diepgelowige, afhanklike toenadering tot die HERE God in raadpleging dien vir baie as 'n voorbeeld en inspirasie. (Bron: Skrywer se persoonlike getuienis. 2010-2014)



Oom Christo

- In **2007** word **Dr. Ronnie vd Merwe** (1943-) saam met ander medegelowige Karooboere ingelig deur Ds. Gideon Grobler oor die gebruik van die lot om die HERE daarmee te raadpleeg.
- In **2008** het die **Volkvergadering Reëlingskomitee** vergader by die CVO Dankbaar in Bloemfontein. Die VVR het die HERE geraadpleeg deur gebruik te maak van die lot om te verneem of dit die HERE se wil is dat 'n Volkvergadering belê moet word, waarop die HERE God Ja geantwoord het. www.volkvergadering.co.za
- In **2009** vanaf 22-24 September was die **1^{ste} Volkvergadering** in baie jare gehou by Vegkop Geloftefeesterrein tussen Heilbron en Lindley in die Vrystaat. By hierdie vergadering het die volk besluit dat die toekoms van ons volk vervat is in die onderhouding van ons Volksgeloftes, waar die **Gelofte van Bloedrivier** die stigting van 'n Volkshuishouding vereis tot eer van die HERE God se Naam binne 'n Teokratiese staatsmodel. 'n Teokrasie komitee was gekies met Dr. Jann Schlebusch as voorsitter en die Gelofte Koördinerings Komitee (GKK) met Dr. Ronnie van der Merwe as voorsitter.
- Einde Oktober **2009** besoek Flip Swanepoel en Johan Erasmus die Uijs Broers van Orumbo: Baldwin en Frits, asook Pieter Hayward in Namibië (Suidwes). Die besoek handel oor hulle ervaring rondom raadpleging oor die afgelope 40-65 jaar. Die besoek was baie insiggewend. Drie dae lank was daar saam met hulle gebed en die HERE geraadpleeg. Vir elke gebedsessie en onderwerp was die HERE se toestemming gevra om Hom te raadpleeg d.m.v. die lot. Alle vrae en antwoorde is noukeurig aangeteken vir latere verwysing. Sake was deeglik deurgewerk en 'n hele paar aspekte wat 'n ban is binne ons volk is was geïdentifiseer.

- Vanaf **2009** tot **2014** word die saak om die HERE God met die lot te raadpleeg ernstig ondersoek deur 'n groep van meer as 40 medegelowige volksgenote. Individue en gesinne wat deelneem is van Suid-Afrika, Namibië (Suidwes), Botswana en Duitsland. Hierdie groep Christen gelowiges is lidmate van verskillende Kerkverbande: Afrikaanse susterskerke (NHK, NGK, GKSA, en APK), Hebreeus-Messiaanse Gemeentes, Afrikaanse-Israel Gemeentes, asook Lutheraanse Duitsers. Die gesamentlik praktiese ondervinding van genoemde individue, om God-3-Enig fisies te raadpleeg, is meer as 350 jaar. Binne hierdie groep gelowiges was die Soewereine Raad van God beleef deur raadpleging met die lot, en God se oneindige Liefde en Trou, asook Geestelike en Fisiese genesing. Meer as 15,000 vrae was in raadpleging gestel aan God-3-Enig: Vader, Seun,



Oom Bollie en Tannie Gisela Uijs



Pieter en Sulette Steenkamp

Heilige Gees. Die hoofsaak is dat God onveranderd bly, en die Bybelse waarhede en beginsels dieselfde gebly het tot vandag toe. God die Vader wil dat elkeen tot Hom nader deur Sy Seun, ons Losser en Verlosser, Jahshua Messias (Jesus Christus), wat betaal het met Sy Bloed vir al ons sondes. Christus is die **ENIGSTE WEG** (Joh. 10:7-9, Joh. 14:6, Opb. 3:8). God die Vader wil dat elkeen in 'n vroom lewe van Heiligmaking groei omdat geen ongeregtheid by God aanvaarbaar is nie! (Rom. 12:1, Jud. 1:20)

Die HERE het dit verskeie kere duidelik gemaak dat Hy verkies dat ons raadplegingstye gesinkroniseer sal wees met sy **Goddelike Maankalender**. Raadplegingsittings was voorafgegaan deur reiniging, waarna toestemming dan gevra is, en na sake afgehandel is was afgesluit met danksegging. Hierdie ordelikheid vind ons in die **Tabernakel van God** van Moses se tyd: Voorhof, Heiligdom en Allerheiligste. Nadat die HERE gevra was vir toestemming om Hom te nader met die lot, was gevra of daar nog iets is wat ons verhoed om aan te gaan met raadleging. Indien die HERE Ja geantwoord het was ons oortuig deur die Heilige Gees waar die sonde is.

Na verootmoediging en belydenis in gebed (stil of hardop) was die HERE gevra of daar nog iets is wat ons verhoed om voort te gaan. Ons het begin let daarop dat ons sake met God reg is voordat ons na God se raadplegings tafel gaan. Niemand hou daarvan dat sy/haar vuil klere voor almal gewas word nie. Ons het begin regmaak met ons medemens en met God in al ons sake. Indien sake nie reg is nie het die HERE ons nie geantwoord nie soos in Saul se geval! (1 Sam. 28:6) Daar was ook noukeurig daarop gelet dat daar 'n wesentlike verskil is wanneer die HERE self die sake op die agenda plaas (óf deur Heilige Gees inspraak, óf drome/visioene, óf deur raadplegingsgetalle, óf raadplegings-tabelle, teenoor wanneer ons as mens 'n agenda met ons eie sake opstel. Daar was toenemend meer ernstig gewaak teen die subtile vorme van eiebelang en eiewysheid!


Individue het weereens tot die besef gekom dat ons hier voor die Aangesig van God leef, omdat alles wat 'n mens dink, voel, doen of sê voor God sigbaar is. Elke sonde bring skeiding tussen die mens en God, en die HERE laat nie toe dat ons Hom raadpleeg indien daar onbeleide sonde is nie! Daar is geen manier waarop 'n mens God se guns kan wen nie. Sonder vergifnis van elke individuele sonde is die mens voor God onrein, en daarom moet elke enkele sonde teenoor Christus bely word, ter vergifnis voor raadpleging, omdat Hy met Sy kosbare Bloed betaal het. Daar is geen ander losprys nie! Aan ons Messias al die dank tot in ewigheid. Hallelu-JAH!!!



V.l.n.r.: Johan, Kitty, Anneline, Angelique, Daniël, Nikosau Erasmus



Armand, Yolandie, Ben-Yisra'el du Preez




Tabernakel van God-3-Enig.

- In **2010** vanaf 8-10 Oktober is die **2^{de} Volksvergadering** gehou by die Nampo skouterrein naby Bothaville. Dr. Jann Schlebusch bied die 2010 Verslag van die Teokrasie-komitee aan die Volksvergadering van die Geloftedolk aan, wat met dank aanvaar word. 'n Visuele aanbieding word deur J.G. Erasmus gemaak waarin al die Bybel teksverse oor die gebruik van die lot en voorbeelde (ongeveer 140) opgesom word. www.volksvergadering.co.za
 - In **2011** vanaf 28-30 Oktober is die **3^{de} Volksvergadering** gehou in die Orania gemeenskapsaal. Die voorgestelde konsep Grondwet van Gelofteland word aan die volksvergadering voorgelê en eenparig aanvaar. Na die afloop van die vergadering word die HERE geraadpleeg om aan te toon of 'n persoon wat versoek het om op die komitee te dien kan dien? Die HERE se antwoord is nee. Twee persone word voorgestel as Onder-voorsitter vir die Teokrasie Komitee. Met die lot sê die HERE nee vir B. Meyer en ja vir J.G. Erasmus.
 - In **2010** stel **Dr. Gideon Grobler** sy Proefskrif beskikbaar getiteld "**Volkshervorming** - 'n Woordbegronde prosesbeskrywing vir die terugkeer van die Geloftedolk na JHWH." Hierin maak hy melding van die gebruik van die lot in die terugkeer proses van ons volk tot die HERE. Die gemeente waar Dr. Grobler die HERE God dien, VDM Gelofte Gemeente, funksioneer op die Teokratiese beginsels soos dit in die Woord van God vervat word. <http://www.dsgideon.co.za/wpcontent/uploads/2011/01/proefskrif.pdf>
-
- Dr. Grobler
- In **2011** raadpleeg die dagbestuur van die **GKK** (Gelofte Koördinerings Komitee) die HERE om te vra oor die volgende vergaderplek en vergadertye van die Geloftedolk. Deur die lot sê die HERE dat die vergadertye in ooreenstemming moet wees met: **Deut.16:16** "Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van die HERE jou God verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die aangesig van die HERE verskyn nie."
 - In **2012** vanaf 5-7 Oktober is die **4^{de} Volksvergadering** gehou te **Majuba** feesterrein naby Volksrust. Na die volksvergadering het die voorgestelde GKK-lede vergader om voor te berei vir die werp van die lot. Enkele lede oorweeg om te onttrek, waarna Flip Swanepoel die Bybel oopslaan by Spr. 18:1: "**Hy wat hom afskei, soek sy eie begeerte; hy bestry alles wat waarlik tot voordeel strek.**" Almal aanvaar die terregwysing van die HERE af. Daarna aanvaar die HERE met die lot 7 (**sewe**) persone as groep om op die GKK te dien. Later die jaar vergader die GKK en nog 3 persone word individueel deur die HERE met die lot aangewys vir GKK diens.
 - In **2012** publiseer **Prof. A.W.G. Raath** "Gereformeerde mistiek en die neerslag daarvan in piëtistiese ego-tekste van manlike gelowiges in die Suid-Afrikaanse pionierslewe". Alhoewel Raath nie na die gebruik van die lot as deel van die mistieke verwys nie, word geraak aan die geloofsgeskiedenis en geestesingesteldheid van 'n vroom Godvrugtige lewenswandel, wat deel was van ons diep gelowige Voortrekker voorouers, wat direk in verband staan tot die Bybelse gebruik van die lot. Dit is waarom God nie getalm het om die Voortrekkers wat by Bloedrivier vir Sy hulp gevra het, kragdadig te help nie! Prof. Raath se artikel sluit in:
 - Christelike mistiek en gereformeerde piëtisme in die Westerse godsdiensgeskiedenis
 - Middeleeuse wortels van die Christelike mistiek in die Westerse wêreld
 - Christelike mistiek en die Nadere Reformasie
 - Mistiek-piëtistiese ego-tekste in Nederland
 - Mistiek-godsdiensstige lektuur van die Nadere Reformasie
 - Neerslag van die mistieke piëtisme aan die Kaapse volksplanting van die 18de en 19de eeu
 - Die kultuur van mistieke piëtisme onder gelowiges in die binneland<http://www.hts.org.za/index.php/HTS/rt/printerFriendly/1123/2429#4>

- In **2013** vanaf 26-28 Maart, was die **1^{ste} Konsilie** gehou by die Majuba feesterrein.

Ons volk het reeds by 'n kruispad gekom van voor 1994. Die skrif was reeds teen die muur. Vanaf 2009 het die opeenvolgende Volksvergaderings besluit dat die nakoming van die Geloofte van Bloedrivier 'n Teokratiese bestel vereis en dat 'n Teokratiese lewenswandel nou al nagestreef moet word.



Dr. Schlebusch,
Voorsitter van die
Teokratiese komitee

Die Teokratiese komitee o.l.v. **Dr. Jann Schlebusch**, het die gebruik van die lot opgeneem in konsep wetgewing, waarvan die gebruik van die lot 'n integrale deel vorm. In 2012 by Majuba was die eerste 7 lede met die lot gekies deur die HERE vir diens in die Gelooftevolk Koördineringskomitee.



v.l.n.r. Tienie Dumas, Flip Swanepoel, Dr. Ronnie van der Merwe (GKK Voors.) Majuba-berg in die agtergrond met die Almagtige Skepper se reënboog, direk na die afsluiting, na 'n kort reënbui, op dag 1 die Konsilie van Majuba. Al die eer aan ons Hemelse Vader, ons Ewige Koning!

(GKK). Vanaf 2013 implementeer die GKK die Teokratiese beginsels in alle verkiesings, asook in raadpleging van die HERE God d.m.v. lotsbeslissing, om die Wil van ons hemelse Vader te wete te kom in toepaslike sake. Na afloop van die Konsilie van Majuba raadpleeg lede van die GKK die HERE oor die plek en reëlings rondom die hou van die volgende byeenkoms wat in die tyd van die Oesfees plaas sou vind. Later die jaar op die bestemde tyd word die Oesfees die eerste keer in Suid-Afrika gevier op die plaas Papkuilsfontein in die Noordkaap.

- In **2013** vanaf 27-29 September is die **5^{de} Volksvergadering** gehou by CVO Dankbaarskool te Bloemfontein. Insake die gebruik van die lot is besluit:

- **Ordereëlins van die Volksvergadering sluit in:**

8. Die besluite van die vorige volksvergaderings van die Gelooftevolk is bindend op hierdie vergadering, vernaamlik:

8.5 Die volgende Teokratiese beginsels word reeds deur die komitee geïmplementeer:

8.5.1. Raadpleging d.m.v. lotsbeslissing as Teokratiese beginsel word toegepas om die Wil van ons hemelse Vader te wete te kom. Dit word verder omskryf in dokumentasie wat deur die GKK en die TK [Teokratiese komitee] opgestel is, nl. Die Teokratiese verslag [Hoofstuk 2.6.2] asook in Die Konsep Grondwet, par.77.2 en verder. **Spr. 16:33** In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die HERE.

- **Besluit 12: “DOBBELARY AS VOLKSONDE”**

“Die vergadering aanvaar met dank die voorlegging. Dobbelary moet as 'n volksonde beskou word. Die statutêre bevordering en toelating daarvan vergroot die ellende wat daaruit voortspruit. Die Skrifte waarsku direk teen dobbelary by wyse van die gebruikmaking van die geluksgodin vir eie gewin. Aangesien jy geen ander gode voor die HERE se Aangesig mag bring nie en hulle nie mag dien nie, word die 2de en 3de gebooi daardeur verbreek. Volgens Jes.65:11-12 is hierdie misdad strafbaar met die dood. Op sterkte van Eseg.33:1-11 waarsku die vergadering hiermee die volk om hul te bekeer van hierdie volksonde.”

- **Verkiesing van nuwe GKK lede.**

Die volksvergadering stel 2 nuwe lede voor vir die GKK. Die HERE word geraadpleeg met die lot en altwee lede word individueel aanvaar deur die HERE met die lot vir diens.

www.volksvergadering.co.za

3 HEDENDAAGSE GEBRUIKE VAN DIE LOT IN SUID-AFRIKA.

3.1. GODSDIENS

- In 1988 word daar gepleit deur die NG Kerk Predikante van Windhoek dat ons nie ons eie planne sal maak sonder dat elkeen van ons die Here geraadpleeg het nie.

DIE SUIDWESTER, 6 – 12 MEI 1988		
Oomblik van stilte		
1 Kronieke 10:13 <i>"Saul is dood oor die troubreuk wat hy teenoor die Here begaan het..."</i>	Net voor die geveg op Gilboa stuur Saul gou 'n skietgebedjie op, met die verwagting die Here dadelik 'n antwoord aan hom sal gee en toe dit nie dadelik gebeur nie, wend hy hom tot 'n waarsêer. Toe dit Saul gepas het, het hy al wat waarsêer is uitgeroei, maar ironies genoeg, raadpleeg hy nou self een. Tot op die einde volg Saul sy eie kop.... sonder om die Here se wil te vra in die krisis.	mense en die aanvaarding van die mense rondom u, dat u die Here verloën en u eie kop volg sonder om die Here te ken in u besluite?
HIERDIE is 'n tragiese verhaal van Saul en die groot en dodelike flater wat hy gemaak het. Hy het die bevel van God om die Amalekiete uit te roei, verontagsaam. Hy het dit gedoen ter wille van sy aansien en goedkeuring van die volk. Sy gehoorsaamheid het net gestrek sover as wat hy en sy volk tevrede gestel kon word. Hy het sy eie kop gevolg en gemaak soos hy gedink het dit goed was.	Ons het vrye toegang tot God, maar die vraag is: Volg ons nie maar ons eie kop in ons besluite nie? 'n Ope vraag aan ons huidige regering en lesers: Kan u sonder skroom sê dat u in elke besluit, seker is daarvan dat u die Here se wil gedoen het, reeds omdat u Hom geraadpleeg het? Of is dit miskien waar dat u vir die kantlyn speel.... ter wille van die aansien van	Weet asseblief verseker dat u 'n groot fout maak as dit waar is, want wie met God speel, sal inderdaad die gevolg daarvan moet dra. Mag ons by u pleit, om nie u eie planne te maak sonder dat u die Here geraadpleeg het nie. Daar is 'n oop kanaal na die Here in gebed. God wil en sal met u praat op Sy besondere manier, om vir u leiding te gee, wat om te doen ...


(Bron: DIE SUIDWESTER, 6-12 Mei 1988, "Oomblik van stilte")

- **1 Desember 1988** verskyn in die Burger 'n artikel: **"Mag Christene wel soms die lot werp?"**
- E.B. GEVERS, Marmionweg 11, Oranjezicht, skryf: Ek beskou die rubriek Geestelike Waardes Saterdag in Die Burger altyd as die beste artikel van die week. Bo die beskeie ondertekening WDJ kry ons as lesers 'n stukkie Christelike lewenswysheid van een van die beste bekende teoloë in die land. Maar nou het ek 'n probleem met enkele gedagtes in sy artikel "Verantwoordelik vir Keuses" in Die Burger van 16 Julie. Dit gaan vir my om die sin wat soos volg lui: **"Andere bid weer en werp die lot omdat hulle meen dat God hulle op dié manier reg sal lei."** Aan die einde van die artikel sê hy selfs ons mag nie met die lot 'n antwoord van God probeer "afdwing" nie. SALOMO Hoewel ek nie 'n teoloog of kundige op dié gebied is nie, wil ek tog met respek die vraag stel of u rubriekskrywer reg het. As jy vir 'n belangrike beslissing ernstig bid en jy sien nóg nie watter keuse jy moet doen nie, mag jy dan God nie vra of Hy jou deur die lot wil lei nie? Is dit "afdwing"? Salomo verset hom nie teen die lot nie. Hy sê volgens Spr. 16:33: "Mense kan loot, maar die Here bepaal hoe dit uitkom." (N.V.) Ons sien dat in die O.T. by verskillende gebeurtenisse die lot gewerp word onder aanroeping van die Naam van die Here. Ook in die N.T. sien ons dit, bv. in Hand. 1:23-26. Selfs op ons huidige kerklike vergaderings word dit soms nog gedoen as die stemme staak. Toegegee, dit is vir ampsdraers, maar lê die saak anders as dit gaan om belangrike beslissings in die persoonlike lewe van die gelowige? Amosius, die groot Engelse teoloog van die einde van die 16de en die begin van die 17de eeu, **het gesê die lot is 'n gebed om 'n Goddelike getuienis te kry**, want dit is Hy wat die uitkoms bepaal. Dieselfde benadering vind ons by Geesink, die Nederlandse teoloog van die einde van die 19de en die begin van die 20^{ste} eeu, wat gesê het: **"Die lot werp, is om te bid."** Dit is ook die agtergrond van die gereformeerde beginselbeswaar teen loterye: Jy mag so 'n heilige saak soos die lot nie misbruik vir eie geluk nie. My vraag is nou: Kan die teologie op hierdie gebied normatiewe voorskrifte gee waar die Bybel dit nie doen nie? WDJ antwoord: My dank aan mnr. Gevers vir sy vriendelike woorde oor die rubriek, asook vir sy **duidelike uiteensetting oor die regte gebruik van die lot**. Ek kan geen fout daarmee vind nie. Ek het nie bedoel om die korrekte gebruik van die lot af te wys nie, maar die ligvaardige gebruik daarvan, wanneer mense wel kan weet wat die regte beslissing is, maar die lot gebruik om te ontkom aan die sedelike beslissing wat hulle self in gehoorsaamheid aan die wet van God behoort te neem. Dit spyt my as my artikel dit nie duidelik genoeg na vore laat kom het nie. Brieuwe Godsdiens
<http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/1988/12/01/32/2.html>

- In **1997** skryf **Dr. van Dam** sy boek oor die **Urim en Thummim**. Alhoewel hy nie van Suid-Afrika is nie bestaan daar bande tussen die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika met Gereformeerde kerke regoor die aarde:

Dr. Cornelis Van Dam of the Theological Colleges of the **Canadian Reformed Churches** recently published a book titled **The Urim and Thummim: A Means of Revelation in Ancient Israel**.

(Bron: Cornelius Van Dam, The Urim and Thummim: A Means of Revelation in Ancient Israel. Winona Lake, Indiana, Eisenbrauns, 1997; ISBN-10: 0931464838, ISBN-13: 978-0931464836)



WIT = JA, SWART = NEE

- In **2014**, op 31 Januarie skryf **Ds. Kobus van der Westhuyzen** in **Landbouweekblad** 'n artikel oor die gebed wat Eerwaarde Joe Wright gebid het in die senaat van die staat Kansas van die VSA. Daar word die sonde van dobbelary belei met die woorde: "Here, ons het die geluksgod aan armes voorgestel en dit die onskuldige naam "**Lotto**" gegee. Dis niks anders as uitbuiting van die armes nie." (Bron: Landbouweekblad, 31 Januarie 2014, p.89)

- In **2014**, op donderdag 13 Maart, het daar 'n artikel verskyn in die Republikein van Namibië, se Kollig afdeling op bl. 10. Die artikel handel oor die mens se sielkundige ingesteldheid wanneer dit by moeilike besluite kom. Die artikel is 'n samevatting van 'n studie van prof. Aaron C. Kay van die Duke Universiteit se FAQUA Besigheidskool. In die artikel word 'n paar sieninge oor die "**noodlot**" behandel.

<http://www.psmag.com/navigation/politics-and-law/belief-fate-way-avoid-tough-decisions-74566/>

'n Mens kan net wonder tot watter mate hierdie tendense by die Christen vandag posgevat het?

AOV Jes. 65:11 "Maar julle wat die HERE verlaat, wat my heilige berg vergeet, wat 'n tafel dek vir die **geluksgod** en die mengsel inskink vir die godin van die **noodlot** —"

MKJV Jes. 65:11 "But you *are* those who forsake Jehovah, who forget My holy mountain, who prepare a table for **Fortune**, and who furnish the drink offering to **Fate**."

As dit by moeilike besluite kom...

Ons verkeer miskien onder die indruk dat ons in beheer van ons lewens is, maar as dit by moeilike besluite kom, gooi die meeste van ons handdoek in en laat dit oor aan die noodlot, sê navorsers aan die Duke Universiteit in Amerika.

Sielkundiges het bevind alle kulture doen dit en dit is 'n manier om met moeilike of ongemaklike besluite saam te leef. Mense sê glo vir hulself die besluit is uit hul hande en hulle kan niks meer doen nie.

Die studieleier Aaron Kay sê om in die noodlot te glo, beteken jy glo in die bona-

tuurlike.

"Dit het verskeie positiewe en negatiewe uitwerkings op gesondheid, aanpassing, aksie en passiwiteit. Die oortuiging dat wat ook al gebeur, veronderstel is om te gebeur en dat uitkomst eintlik vooraf bepaal is, is baie handig as ons voor moeilike besluite te staan kom.

"Geloof in die noodlot kan die sielkundige las van 'n moeilike besluit verlig, maar die vraag ontstaan of dit 'n kortpad is in plaas dat 'n doeltreffende besluitnemingsproses onderneem word."

- Daily Mail

3.2. POLITIEK/REGERING

- Die **1910** verkiesing se uitslag in die Natalse kiesafdeling Vryheid was gelykop. **“Die lot is gewerp** en genl. Marthinus Myburgh was die *gelukkige wenner.*”
<http://www.rapport.co.za/Opinie/Hoofartikels/1910-Selfde-gebou-ander-manier-van-doen-20100911>
- In **1966** het die **WET OP DOBBELARY** (Wet 51 van 1965) in werking getree.
- In **1987** op 1 April is die nuwe **WET OP DIAMANTE, 1986 (WET 56 VAN 1986)** uitgevaardig in die Staatskoerant deur Goewermentskennisgewing No. 10684. Artikels 8(9) en 9(9) bepaal dat:
- Artikel 8: Waardering van geslypte diamante wat vir uitvoer geregistreer is.
8(9) Indien twee of meer tenders wat ontvang is, vir presies dieselfde bedrag is, en dit ook die hoogste tender is, moet die registrasiebeampte **die hoogste tender deur loting aanwys.**
 - Artikel 9: Waardering van ongeslypte diamante wat vir uitvoer geregistreer is.
9(9) Indien twee of meer tenders wat ontvang is, vir presies dieselfde bedrag is, en dit ook die hoogste tender is, moet die registrasiebeampte **die hoogste tender deur loting aanwys.**
<http://www.sadpmr.co.za/upload/Government Gazette No 10684 of 1 April 1987.pdf>
- In **1988** is die debat tussen Mnr. F.W. De Klerk (1936-) as NP Leier en Dr. A.P. Treurnicht (1921-1993) (NG Predikant, Skrywer van die boek *Noodlottige Hervorming*) as KP leier op 29 Februarie op Televisie uitgesaai.




“Ingevolge die ooreenkoms wat die SAUK met die twee leiers beding het, sal die debat op 29 Februarie opgeneem word vir uitsending dieselfde aand. Die SAUK het teenoor albei partye onderneem dat die opname nie geredigeer sal word nie. Dit sal onveranderd van omstreeks 8.30 nm. tot 9.20 nm. in die program Netwerk uitgesaai word. Die debat sal uit drie dele bestaan.

Twee onderwerpe waaroor die twee partye teen Maandag 22 Februarie moet ooreenkom, sal elk 16 minute lank gedebatteer word. Ten opsigte van die eerste onderwerp sal die inleier drie minute lank praat gevolg deur 'n antwoord van drie minute deur die ander deelnemer. **Die lot sal gewerp word om te bepaal wie eerste en wie laaste oor die onderwerp praat.**”

“Die laaste agttien minute sal 'n vrye bespreking van enige onderwerp wees waaraan die partye om die beurt sal deelneem op die grondslag dat elke deelnemer nie langer as twee minute op 'n keer praat nie. **Die lot sal aan die wenner die keuse gee om te begin of af te sluit.**”

<http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/1988/02/19/1/4.html>


Opmerking: *In terme van die invloed van soortgelyke gebeurtenisse op die lotgevalle van ons volk, behoort in nabetragting gevra te word of dit enige vrug opgelewer het om op die mens staat te maak? **Psa 146:3** Vertrou nie op prinse, op die mensekind, by wie geen heil is nie. Laat ons dan waak daarteen dat daar met ons toekoms gedobbel word! Slegs die Almagtige Skepper kan die lotgevalle van volkere verander. Op wie maak u staat?*



F.W. de Klerk



Dr. Treurnicht



- In **1991** behou die KP hul meerderheid in die stadsraad na vertraging van die proses om die nuwe Burgermeester van Vanderbijlpark deur loting aan te wys na die staking van stemme.

BEELD JHB Vrydag 22 Maart 1991: **KP-meerderheid is te wyte aan dié politieke foefie.**

“Gevolgtlik kon die ses raadslede aan NP-kant op die afgelope drie raadsvergaderings nie 'n burgemeester verkies nie; Op dié manier behou die KP-helfte van die raad ook effektief beheer oor raadsake en **kon hulle die loting van 'n burgemeester vertraag tot ná spertyd. Weens die gelykop verdeling van stemme in die stadsraad word 'n burgemeester deur loting aangewys**, wat deur die KP of die NP gewen kan word. **Deur die vertraging van die loting kan die KP dus nie verloor nie;**”

<http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/1991/03/22/2/11.html>

- In **1998** het die **WET OP LOTERY** (Wet 57 van 1997) in werking getree.
- In **1999** is Busi Sibeko (ANC) as die nuwe burgemeester van Standerton verkies. Hy is tot burgemeester **verkies nadat die lot gewerp is** om te kies tussen hom en Josias Moloji. Hulle het albei 8 stemme gekry. <http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/1999/04/12/4/12.html>
- Die **2004** Akte van Oprigting en Statuut van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bepaal rakende die verrigtinge van die akademieraad: Artikel B.12.1 Die Raadslede kan vir die afhandeling van sake vergader, en hulle vergaderings verdaag of andersins reël soos hulle goeddink. Vrae wat op 'n vergadering ontstaan, word met 'n meerderheid van stemme beslis. In die geval van 'n staking van stemme, het die voorsitter 'n tweede of beslissende stem ten opsigte van sake. Indien persone ter sprake is, **word 'n beslissing geneem deur die lot te werp.** 'n Raadslid kan, en die sekretaris moet op versoek van 'n Raadslid, te eniger tyd, 'n vergadering van die Akademieraad belê. [akademie.co.za/articles/5/akte-van-oprigting](http://www.aksademiesa.co.za/articles/5/akte-van-oprigting)
- Die **2005** Ordereëls vir die Sub-Raadsvergaderings van die stad Kaapstad bepaal by die verkiesing van die Voorsitter. Artikel 4.2 In die geval van 'n staking van stemme, **moet die verkiesing deur 'n loting bepaal word.** (Bron: www.capetown.gov.za)
- In **2009** op 24 April het die Wet op Verbruikersbeskerming (Wet 68 van 2008) inwerking getree. Insake reklamekompetisies bepaal dit:
 36. (1) In hierdie artikel beteken—
 - (a) “deelnemer” iemand wat inskryf, meeding in of andersins geregtig is om 'n reklamekompetisie te wen;
 - (b) “promotor” iemand wat direk of indirek 'n reklamekompetisie bevorder, borg, organiseer of hou, of tot wie se voordeel sodanige kompetisie bevorder, geborg, georganiseer of gehou word;
 - (c) “prys” ook 'n beloning, geskenk, gratis goedere of diens, prysvermindering of toewyding, vermeerdering van die kwantiteit of verbetering van die gehalte van goedere of dienste, of ander afslag- of gratis ding; en
 - (d) “reklamekompetisie” 'n kompetisie, spel, skema, reëling, stelsel, plan of toestel vir die verspreiding van **pryse deur loting of toeval** indien—
 - (i) dit in die gewone loop van besigheid gehou word met die doel om 'n produsent, verspreider, verskaffer of assosiasie van sodanige persone, of die verkoop van goedere of dienste te bevorder; en
 - (ii) 'n prys wat aangebied word die drempel voorgeskryf ingevolge subartikel (11) oorskry, ongeag of daar van 'n deelnemer vereis word om 'n vaardigheid of vermoë te demonstreer voordat 'n prys toegeken word.

- Die **2013** bepaalde reëls soos vervat in die Algemene Jaarvergadering van die “Cape Retirement Fund for Local Government” bepaal dat: (14) Stemming geskied deur opsteek van hande, tensy minstens vyf afgevaardigdes, deur op te staan, stemming per briefie versoek; met dien verstande dat stemming ten opsigte van die verkiesing van enige persoon tot ‘n amp per briefie moet geskied en in geval van ‘n staking van stemme **moet die saak deur loting deur die voorsitter beslis word.** (Bron: www.caperf.co.za)
- Die **2013** statute van die MUNISIPALE GRATIFIKASIEFONDS bepaal:

Artikel 5. Samestelling van die algemene komitee:
5(11)(b) Indien daar 'n staking van stemme is gedurende die bogenoemde verkiesing, bepaal die MUNISIPALE BESTUURDER die uitslag deur loting en toon hy die resultaat van die loting op die opgawe bedoel in paragraaf (a), aan.

Artikel 8. Verkiesing van komitee, voorsitter, onder-voorsitter en uitvoerende komitee:
8(7) Indien daar 'n staking van stemme is gedurende die verkiesings beoog in artikel 8(2) of die aanstelling bedoel in artikel 8(3), word die uitslag van die onderskeie verkiesings of aanstelling, na gelang van die geval, bepaal deur die HOOFBEAMPTTE van die FONDS deur loting. (Bron: www.mymgf.co.za/)
- In **2011** was dit in die Ubuntu-stadsraad in Victoria-Wes gelykop tussen die ANC en die opposisie, **maar toe die lot gewerp is**, was die geluk aan die ANC-kant en daar is nou 'n ANC-burgemeester. (Bron: <http://www.rapport.co.za/Suid-Afrika/Nuus/Noord-Kaap-wil-met-koalises-ANC-in-2014-loop-20110611>)
- In **2013** op 27 Oktober verskyn 'n artikel op die Afrikaner Volksparty se webwerf getiteld: **“As die lot vandag gewerp word in die Afrikanervolk, hoe sou ons bevind word?** Wel deel van die volk maar nie Apostel nie, of selfs 'n Judas?” Die artikel verduidelik hoedat God die hart en lewe van 'n persoon deursoek en dat ons geweeg en te lig bevind mag word. Die artikel word afgesluit met 'n verootmoedigingsgebed: **“Hoe ver het ons nie gedwaal nie O Vader. Maak ons tog dissipels sodat U Naam verheerlik mag word. In die Naam wat gegee is bo alle name, ons Middelaar en Verlosser, Jesus Christus, amen.”** (Bron: <http://www.afrikanervolksparty.org>)



3.3. VERDEDIGING

- Vanaf **1810** word nasionale dienspligtiges gekies deur loting om diens te doen in die Nederlandse weermag. Lotelingen voor de Nationale militie: “In Nederland werd de militaire dienstplicht, indertijd "conscriptie" genaamd, in 1810 ingevoerd na inlijving van het Koninkrijk Holland in het Franse Keizerrijk. Iedere man van 20 jaar of ouder moest zich inschrijven. **Door middel van loting werd bepaald wie dienst moest nemen in het Franse leger.** Het systeem werd na de verdrijving van de Fransen en de stichting van het Verenigd Koninkrijk der Nederlanden in stand gehouden voor deelname aan de zogenaamde Nationale Militie. Tot 1898 kon iemand die ingeloot was echter een vervanger (remplaçant) inhuren. Lotelingen konden soms op basis van kostwinnaarschap of broederdienst voor een jaar worden vrijgesteld van de dienstplicht. <http://nl.wikipedia.org/wiki/Loteling>
- In **1903** bepaal die Natalse Milisiewet dat die sterkte van die Verdedigingsmag se Vrywilliger eenhede **deur ‘n stelsel van loting aangevul word.** Bron: Voorgeskiedenis tot die stigting van ‘n Unieverdedigingsmag deur Lt (SAV) E.M. Meyers, Mil. Info Buro v.d. SAW. <http://sciamilitaria.journals.ac.za/pub/article/viewFile/617/621>

3.4. REGSTELSEL

- In **1897** word erwe in Pretoria aan behoeftige burgers deur die landdros deur loting aangewys vir verhuring. So skryf J.P. Kotze in sy verhandeling “Die runderpes in die Transvaal en die onmiddellike gevolge daarvan” ter vervulling van die graad Magister in Lettere en Wysbegeerte aan RAU onder leiding van Prof. E.L.P. Stals in 1974. “Reeds aan die begin van 1897 is daar aan behoeftige burgers of weduwees van burgers stukkie grond in Pretoria verhuur. Die doel daarmee was om aan burgers wat geen grond of vee besit het nie, ‘n heenkome te bied. Hierdie grond was geleë tussen Vermeulenstraat en Bloedstraat, ten ooste van president Kruger se huis. Die grond is in erwe verdeel en teen 12 shielings per jaar verhuur. **Die landdros van Pretoria het die huurders deur loting aangewys.**” (Bron: A.N, Pelzer: Die Armblanke in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1899, Historiese Studies, Jaargang 2, 1941, p.180). <https://ujdigispace.uj.ac.za/bitstream/handle/10210/.../kotze%20jp.pdf.txt>
- Vanaf ongeveer **1979** het die Wet op Prokureurs, No 53 van 1979 betrekking - die Grondwet van die Mpumalanga Sirkel van die Prokureursorde van die Noordelike Provinsies (ingelyf as die Prokureursorde van Transvaal) bepaal soos volg:

8.2 Verkiesing of aanwysing van lede van die Mpumalanga Prokureursraad

8.2.4.5 Dan moet die Sekretaris en die skeidsregter die stemme tel wat uitgebring is op die stembriewe wat toegelaat is en die uitslag van die verkiesing aanteken;

8.2.4.6 Indien die laaste twee kandidate ewe veel stemme trek, moet die skeidsregter onmiddellik **by wyse van loting** bepaal wie verkies word;

8.2.4.7 **Die loting bedoel in 8.2.4.6 geskied deur die name van die kandidate wat ewe veel stemme getrek het op afsonderlike stukkie papier te skryf, dit toe te vou en in ‘n houer te plaas, sodat die stukkie papier nie sigbaar is nie, die houer te skud, ‘n stukkie papier uit die houer te trek en die persoon wie se naam daarop verskyn, word verkies;** www.northernlaw.co.za/.../GRONDWET-Mpumalang

3.5. LANDBOU

- In **2000** bepaal die Grondwet van die Groenland Watergebruikersvereniging (Onderhewig aan Nasionale Waterwet Nr 36 van 1998) soos volg:

Artikel 13: Lidmaatskap en Bestuurskomitee:

13.11 Sou die samestelling van die Bestuurskomitee bedoel in Item 13.1 na ‘n verkiesing en benoemingsproses tot gevolg hê dat daar geen verteenwoordiging vir ‘n bepaalde gemeenskap, ras en/of geslag op die Komitee is nie, moet die Voorsitter van daardie Komitee alle lede versoek om binne 14 (veertien) dae na kennisgewing, persone van daardie gemeenskap, ras en/of geslag wat daartoe ingestem het en wat nie lede van die Vereniging of watergebruikers hoef te wees nie, te nomineer om op die betrokke Bestuurskomitee te dien met dien verstande dat hulle ‘n belang in waterverbruik in die bedryfsgebied moet hê. Die Voorsitter moet, na verstryking van die nominasietydperk, **deur loting een van die benoemdes uit elke belangegroep vir ‘n tydperk van een jaar as lid van die Komitee aanwys.**

13.8 Indien, met enige verkiesing van lede van die Bestuurskomitee,;

13.8.1 Twee of meer kandidate ‘n gelyke aantal stemme ontvang het, **sal die verkose lid deur loting onder toesig van die kiesbeampte aangewys word;**

13.8.2 Geen stemming nodig is nie omdat nie meer nominasies ontvang is as die aantal lede wat verkies moet word nie, sal die onderskeie ampstermyne van die betrokke lede deur **loting onder toesig van die kiesbeampte bepaal word.**

13.9 Indien meer persone in 'n belangegroep benoem word as wat daar vakatures is vir daardie belangegroep op die Bestuurskomitee wat deur benoeming gevul moet word, sal die benoemde lid aangewys word **deur loting onder toesig van die kiesbeampte, of in sy/haar afwesigheid onder die toesig van die hoof-uitvoerende beampte.**
www.groenlandwater.co.za

- In **2001** berig Landbouweekblad oor die bekende Nampo-Oesdag waar werktuie en trekkers aan die demonstrasies deel neem. Die volgorde waarin vervaardigers demonstree, **word vooraf deur loting bepaal.**

<http://m24lbarg01.naspers.com/argief/berigte/landbouweekblad/2001/05/4/36/1.html>



- Die **2013** grondwet en reglemente van **AGRI Weskaap** bepaal dat die lot gebruik kan word in die volgende gevalle:


- Verkiesing van President en Vice-President:
4.4.1.3.2. “.. **gelykop stemme word met die lot beslis ..**”
- Verkiesing van Voorsitter en Vice-Voorsitter vir die Dagbestuur:
5.3.3.1.3.2. “indien die maksimum van 5 (vyf) kandidate vir die tweede stemming beïnvloed word deur gelykoptellings, **daar met die lot beslis word watter van die persone met gelykoptellings** op die kandidaatlys geplaas moet word om die vyftal vol te maak vir die volgende stemming, ..”
5.3.3.1.4 Indien by die tweede stemming geen kandidaat 'n volstrekte meerderheid kry om verkies verklaar te word nie, word die een met die minste stemme (**gelykoptellings word met die lot beslis**)
- Verkiesing van Komitee of Bestuur:
7.1.2 **In die geval van 'n staking van stemme word deur die lot beslis.**



- Die volgende landbou organisasies maak ook van die lot gebruik by die staking van stemme:
 - Noordwes Rooivleisprodusente Organisasie, 2012 NWRPO Grondwet, www.nwrpo.co.za
 - Noordkaap Rooivleisprodusente Organisasie, 2012 NKRPO Grondwet, www.nkrpo.co.za
 - Vrystaat Landbou, Grondwet van Vrystaat Landbou, www.vrystaatlandbou.co.za
 - Graan Suid-Afrika, 2013 grondwet, www.grainsa.co.za

- In **2014** raadpleeg die Uijs-broers van Orumbo die HERE oor hul beesboerdery. Die 600 Nguni beeste is een-vir-een voor die HERE gebring vir GENETIESE SELEKSIE. 'n Kern genetika kudde is so geselekteer vir 'n nuwe boerdery program. Die HERE het ook 'n seker aantal diere vir Homself uitgekies wat deel vorm van die kern kudde.

(Bron: Die Uijs-broers se persoonlike getuienis aan die skrywer.)



Teel- en seleksie praktyke, en kruisteling: Sommige wetenskaplikes/landboukundiges maak ook van loting gebruik wanneer dit kom by die seleksie van diere in hul teelprogramme.

http://scholar.sun.ac.za/bitstream/handle/10019.1/58086/ackerman_studie_1993.pdf

3.6. ONDERWYS

- In **1891** is die **Fordsburgse Publieke Skool** gestig naby wat ons vandag ken as die Braamfontein spoorwegstasie in Johannesburg. “Toe die Verenigde Kerkskool in Fordsburg gestig is, is daar **geloot wie die hoof sou word**. G.F. Cillie het gewen en Herbst het toe sy assistent geword.” (Bron: Die begin van die ontevredenheid met die onderwys, Hoofstuk III, P. Venter, 1950, p.126)
http://dspace.nwu.ac.za/bitstream/handle/10394/8561/Venter_P_Chapter_3.pdf?sequence=4
- In **1963** bepaal Klousule D van die “AANSOEK OM PERSELE” van die S.A.O.U. (Suid-Afrikaanse Onderwys Unie) rakende die toekenning van die huur van persele van die Strandoord soos volg: D. TOEKENNING VAN PERSELE
 - (a) **Toekenning van persele sal geskied deur ‘n stelsel van loting**. Persele 53 tot 105 sal eerste oopgestel word en indien daar meer aansoeke is as genoemde persele, sal persele 1 tot 52 gelyktydig oopgestel word. Aansoekers moet aandui of hulle in aanmerking wil kom vir die erwe teen R25 of teen R20 per jaar. Indien daar meer as 27 aansoeke is vir persele in die voorste ry aan die seefront, sal die huurders deur loting aangewys word.
 - (b) **Nadat die persele deur loting toegeken is**, sal die huurooreenkoms tussen die verhuurder en die huurder onderteken word. Vanaf die datum waarop die huurder die huurooreenkoms onderteken, sal die huur van krag wees.
<http://dwarswegstrand.co.za/geskiedenis/1959-1988/1962-en-1963-artikels-uit-die-unie/1-julie-1963-volledige-teks-van-aansoek-om-persele>
- Die **2006 ARSO** (Aksie Reformatoriese Gereformeerde Skoolonderwys) Lewensoriëntering Handboek vir graad 6 leerlinge handel in Les 24 oor Lotery en Dobbelry:


Die werp van die lot

In Hand. 1:21-26 word beskryf hoe die lot gewerp is om daar tussen Bársabas en Matthías te kies as apostel in die plek van Judas. Voor die lot gewerp is, is eers tot die Here gebid en is Hy gevra om (deur die lot) die opvolger aan te wys wat Hy wil hê. Deur die gebed is hierdie handeling heilig gemaak.

In verskeie ander plekke in die Skrif lees ons hoe die Here ‘n direkte bevel gee dat geloot moet word (Num. 26, Jos. 21 en Jes. 34). Deur die lot te werp, word God se wil geopenbaar.

Nooit strek hierdie lot tot voordeel van iemand self, of ten koste van ‘n klomp ander nie. Vandag nog kan die lot gewerp word om tussen twee ampsdraers (ouderlinge of diakens) te kies. Die lotwerping moet altyd eers deur gebed vooraf gegaan word.

<http://www.christelikebiblioteek.co.za/sites/christelikebiblioteek.co.za/>



Toe ‘n nuwe dissipel in die plek van Judas gekies moes word, het hulle die lot gewerp om tussen Matthías en Bársabas te kies (Hand. 1:26).

- Die **2011** “Vergaderprosedure vir skool beheerliggame” van **FEDSAS** (Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole) bepaal die gebruik van die lot:

“Dit is problematies as daar ‘n staking van stemme is, met ander woorde daar presies gelykop vir ‘n bepaalde saak gestem word. Die voorsitter het gewoonlik ‘n beslissende stem, behalwe as dit uitdruklik deur die grondwet verbied word. Indien daar ‘n staking van stemme is en die voorsitter nie sy/haar beslissende stem uitbring nie, verval die voorstel.


Indien daar oor persone gestem word en die voorsitter nie ‘n beslissende stem wil uitbring nie, word ‘n tweede stemming versoek. Indien daar steeds nie uitsluitel verkry kan word nie, **kan daar besluit word om die lot te werp. Die uitslag is finaal en bindend vir alle lede.**”

[http://www.fedsas.org.za/downloads/8_28_11_Vergaderprosedure%20vir%20skoolbeheerliggame%20\(red\).pdf](http://www.fedsas.org.za/downloads/8_28_11_Vergaderprosedure%20vir%20skoolbeheerliggame%20(red).pdf)
- Die **2013** handleiding van die SAOU (Suid-Afrikaanse Onderwysers Unie) bepaal rakende die lot vir aanwending by die E.G. JANSEN REDENAARSKOMPETISIE, aangebied deur die SAOU (KZN) met finansiering deur die Natalse Onderwysersunie:
 - Artikel 4.4 ONVOORBEREIDE TOESPRAKE
 - 4.4.3 Al die deelnemende spanne verlaat die saal om **deur loting die volgorde vir optrede** tydens die onvoorbereide toespraak te bepaal. Die span wat eerste optree, ontvang die onderwerp en gaan na 'n afsonderlike lokaal vir voorbereiding.
 - Artikel 4.6 PLIGTE V.D. VERTEENWOORDIGER TYDENS STREEKUITDUNNE
 - 4.6.2 Van die organiseerder word verwag om reëlins te tref vir die volgende (o.a.):
 - Die **loting** van spanne om die volgorde van optrede te bepaal vir die voorbereide toesprake.
 - Die **loting** van spanne om die volgorde van optrede te bepaal vir die onvoorbereide toesprake.

3.7. HANDEL/NYWERHEDE/BANKWESE/BEFONDSING/LOTERYE

- In **1897** finansier die Skotte op versoek van die Caledoniese vereniging die nuwe stadion in Pretoria se Pretoriusstraat deur die uitreiking van 750 £10-skuldbriewe. Die skuldbriewe sou jaarliks 5% rente verdien en sou na 10 jaar aflosbaar wees teen 200 skuldbriewe per jaar wat **deur loting bepaal sou word.** (Bron: www.gautrairieia.co.za/.../appendix_c_page_23.pdf)
 - Vanaf **1978** ken ons bonusobligasies in die RSA. Die obligasie-effek is 'n finansiële instrument wat belowe het om sekere verpligtinge (gewoonlik rente en kapitaal) op vaste datums te betaal. Bonusobligasies het pryse, **deur loting**, in plaas van rente betaal. Christina Landman gee haar mening oor die Lotto: “Ek praat nou van **1991**, toe die vorige regering **bonusobligasies ingestel het om geld te kry om die weermag uit te brei.** Die NG Kerk het heftig teen die bonusobligasies kapsie gemaak. Hulle het gesê dubbel is dubbel en dis klaar. En watwou, mense moet eerder werk vir hul geld as om te hoop op geld wat hulle nie verdien het nie. **Hierdie was die een keer in die geskiedenis toe die kerk hom regtig teen die staat verset het.**”
- <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/1989/08/11/15/8.html>
<http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2002/10/07/10/5.html>

- In **1978** het die RSA regering weermagfondse aangevul deur o.a. loting: “Wat skryf artikel 36 van die NGB voor aan die staat oor sy swaard? Ons sinode het byvoorbeeld in **1978** (via sy deputate) aan die Eerste Minister ‘n brief van vermaning geskryf. Ons kerke skryf sy edele daarin voor met die gesag van Christus en wys dat die regering nie met die verkoop van bonus obligasies mag voortgaan nie. Bonus obligasies was immers iets wat neergekom het op ‘n tipe lotery. Die regering het geld nodig gehad vir wapens vir die weermag, want ons land was op daardie stadium in ‘n oorlog gewikkel. Die ministerie skryf toe terug, dat alhoewel hulle ons voorskrif respekteer, hulle van ander oortuiging is en dus voortgaan daarmee. Ons kan dit opsom deur te sê dié korrespondensie met die owerheid was ‘n oor en weer geskryfery. Ons het vir die staat geskryf en hulle het ons voorskrif afgeskryf. Ons het voorgeskryf dat hulle swaard met goeie geld moet bekom en hulle het geantwoord dat hulle **hulle swaard (ook) met dobbelgeld gaan aanskaf.**”



<http://www.christelikebiblioteek.co.za/..Nel P-Korrespondensie met die owerheid.pdf>

- In **1979** het **Sun City** geopen in Bophuthatswana. *Sun City* het vermaak begin verskaf soos **dobbel** en *topless revue shows* wat verban was in Suid-Afrika. Hierdie faktore en die naby afstand vanaf Pretoria en Johannesburg het verseker dat Sun City vinnig ‘n gewilde vakansie en naweek wegbreek destinasie geword het.



http://en.wikipedia.org/wiki/Sun_City,_North_West

- Vanaf **1995** bestaan die Suid-Afrikaanse Chemometika Vereniging. Die SACS Konstitusie bepaal in artikel 5 – Lidmaatskap en Stemreg: Art. 5.7: “**By ‘n staking van stemme oor ‘n aangeleentheid wat betrekking het op ‘n individu se status sal die lot gewerp word en beslissend wees.**”

http://academic.sun.ac.za/wine_biotechnology/SACS_web/KONSTITUSIE VAN SACS.pdf

- In **2000** het **LOTTO**, die Suid-Afrikaanse Nasionale Lotery tot stand gekom, wat vandag die mees populêrste vorm van dobbelary uitmaak in Suid-Afrika. In 2007 was die totale inkomste R3.972 billion, met ‘n gemiddelde van 5 miljoen transaksies per week.



http://en.wikipedia.org/wiki/South_African_National_Lottery

- **Moderne loterye** word vandag in die algemeen gebruik vir kommersiële promosies waar eiendom soos huise en karre en geld as pryse weggegee word.

3.8. SPORT EN ONTSPANNING

- Die **2007** Reëls van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging uitgevaardig kragtens die Grondwet - Verkiesing van Ampsdraers:

Artikel 4.12. ” ‘n Komitee van stemopnemers sal, nadat die algemene jaarvergadering ‘n aanvang geneem het, die stemme tel en die uitslag onmiddellik aan die voorsitter van die vergadering, per geslote verslag, bekend maak. Indien twee of meer genomineerdes tot dieselfde amp, dieselfde aantal stemme verkry, sal die lede op die vergadering teenwoordig, geregtig wees om ‘n tweede keer te stem. Indien daar by hierdie stemming weer eens ‘n staking van stemme is, sal die ampsdraer vir die betrokke amp, **deur die lot bepaal word.**”


<http://www.safpa.za.org/information on safpa/grondwet/bylaws2007.pdf>



- Die **2010** Reglement van Jukskei Suid-Afrika bepaal in Artikel 9 – Organisasie en Werkzaamhede:

“Die President het op alle vergaderings ‘n beslissende, sowel as ‘n gewone stem, en hy moet by staking van stemme oor enige voorstelle, anders as by die verkiesing van ‘n persoon, sy beslissende stem uitbring. In gevalle van staking waar persone verkies moet word, **sal die lot gewerp word.**”

http://www.limpopojukskei.co.za/lju/images/stories/Korrespondensie/Meesters_Reglement_Konsep_23.07.2010.pdf



- Die **2012** Bella-Vista Rugby Klub reëls maak die volgende voorsiening vir loting:

2.6 Indien die aantal drieë ook gelykop is, sal die wenner deur **loting** bepaal word.

2.7 **Loting** sal deur die twee kapteins en die hoofskedsregter op die speelveld, op die middellyn plaasvind.

<https://www.facebook.com/permalink.php?id=213678688022&story>



- Die **2013** Grondwet van die Bronkhorstspruit Gholfklub vereis dat die lot gebruik word by die staking van stemme:

Artikel 24. Prosedure by Algemene Vergaderings 24.7 Oor elke saak het die Voorsitter ‘n gewone stem, en daarbenewens, in die geval van ‘n staking van stemme, ‘n beslissende stem, met dien verstande dat, waar ‘n staking van stemme plaasvind by die verkiesing van enige persoon in enige hoedanigheid, die aangeleentheid deur die lot beslis word op ‘n wyse wat die Voorsitter bepaal.

http://www.bhsgolf.co.za/documents/DIE_GRONDWET_2013.pdf



- Die Reglemente van die Puma Rugbyvereniging vereis die gebruik van die lot, deurdat loting die wenner bepaal ingeval enige uitspeelwedstryd onbeslis is. Nadat al die genoemde kriteria (bv. drieë, doele, punte) steeds gelykop is, word die wenner deur loting bepaal.


<http://www.pumasrugby.co.za/Dokumente/Reglement.pdf>



3.9. WETENSKAP/WATERWESE/GEOLOGIE/MYNBOU

Historiese figure en wetenskaplikes soos Albert Einstein, Leonardo Da Vinci, Robert Boyce, Charles Richet, en V.S.A. Generaal Patton het almal van "dowsing" gebruik gemaak.

(Bronne: <http://en.wikipedia.org/wiki/Dowsing>, en vele andere.)



Albert Einstein (1879 –1955) het gesê: “Dowsing is an accepted scientific fact, we do not know how it works, and we must not waste our time trying to find out how it works, but to use it to the benefit of mankind.”

Bron: Quoted by Dwell Winders – Dowsing and Long range Locators. Copyright 1996. Treasure America.

- Vanaf die **1300's** word in die Europese geskiedenis melding gemaak van die gebruik van die wiggelroede (gevurkte mikstok): “Wichelroedes zijn in de eeuwen daarna vooral gebruikt voor het bepalen van **de wil van de goden**, het **voorspellen van de toekomst** (wichelarij), **het aanwysen van schuldigen bij rechtszaken** enzovoorts. In de middeleeuwen wordt de wichelroede geassocieerd met de duivel, **hoewel veel priesters er gebruik van maakten.**”
<http://nl.wikipedia.org/wiki/Wichelroede>



Foto van 'n wikkelloede (byvoorbeeld 'n rosyntjebos-, karee-, kweper- of wilgermikstok) wat as 'n lot-instrument aangewend word om te soek na ondergrondse water/minerale.

Die genadegawe van die werkinge van kragte:

Vir getalle en rigtings as antwoorde van die HERE af draai die wiggelroede in die hande van die Christen gelowige deur die **kragvolle werking van die Heilige Gees van God** as gevolg van **die genadegawe van die werkinge van kragte** (1 Kor. 12:4-12). Dieselfde is die geval wanneer 1 of 2 L-drade, pendulum of stafstok in die hande van 'n Christen gelowige beweeg. Die rigting en hoeveelheid rotasies is die antwoord wat God-3-Enig gee. Positiewe (kloksgewys) of negatiewe (anti-kloksgewys) getalle is die antwoorde op elke vraag. Verskeie boeke bestaan wat gebruik word om die betekenis van die getalle met God-3-Enig in raadpleging uit te klaar deur ons opeenvolgende vrae en antwoorde van God-3-Enig af.

Die HERE het ons gewaarsku dat demoniese kragte ook die instrumente kan draai wanneer ons die duisternis bewandel soos by afvalliges, heidene, okkultiste, towenaars, spiritiste, fortuinvertellers,...!

- In **1659** verklaar die **Jesuiet** Gaspar Schott dat die gebruik van 'n wiggelroede “satanies” is.
<http://nl.wikipedia.org/wiki/Wichelroede>
- In **1701** verwerp die Inkwisisie die gebruik van die **wiggelroede by regsake**. “1701 verwerpt de **inquisitie** (een **rechtbank** van de **katholieke Kerk**) het gebruik van de wichelroede bij rechtszaken. Tegen het einde van de achttiende eeuw, de tijd van **de verlichting**, wordt de wichelroede als een gewoon instrument beschouwd en niet langer het werk van de duivel.”
<http://nl.wikipedia.org/wiki/Wichelroede>

- In **1868** word mikstokke (wiggelroedes) gebruik in Duitsland om minerale erts te vind: “In de vijftiende eeuw duikt het gebruik van de gevorkte stok voor het vinden van erts voor het eerst op onder mijnwerkers uit het Duitse Hartzgebied. In de volgende eeuw vinden veel van deze mijnwerkers werk in Engeland en brengen de wichelroede mee. Duitse wichelroedeloopers werden ook in Cornwall uitgenodigd om (tin) mijnen te zoeken. Saksische mijngereedschappen (tussen 1664 en 1749) tonen gravures van figuren die wichelroedes en pendels gebruiken. Het zijn de Engelsen geweest die de wichelroede vooral zijn gaan gebruiken voor het vinden van water in plaats van erts.” <http://nl.wikipedia.org/wiki/Wichelroede>
- Vanaf **1903** tot **1948** het Dr. Alexander Logie du Toit (1878–1948), die mees bekendste geoloog wat Suid-Afrika nog opgelewer het, ‘n wiggelroede (waterwys mikstok) as hulpmiddel gebruik ten tye van sy kartering van die geologie van Suid-Afrika. Hy het die wiggelroede geleer ken by die ou Noordkaap boere toe hy gewerk het in die departement Waterwese. Hy het ook so heelwat van De Beers se diamantmyne geidentifiseer wat vandag bestaan.

Dr. Du Toit vertel hoekom hy met die wiggelroede (mikstok) begin werk het: “I completed my university studies during the middle 1900’s and was appointed to the Geological Survey. Wagner had Diamonds, Mellor had the Witwatersrand; Hall and Molengraf had the Bushveld Complex; only “Water” remained unclaimed and that study was assigned to me. Drought came upon Africa, and cattle were dying by the thousands. I was distraught; **water, I couldn’t find for the farmers**. One – in disgust – said: “Forget your university science and use a **forked stick**”. (Bron: Geobulletin, 2nd Quarter 1985, Prof. Gevers.)




In terme van die geofisiese wetenskap, het Dr. du Toit die wiggelroede gebruik om die geologiese kontakvakke te bepaal.

Akademici en professionele persone wat waarskynlik kennis gedra het van sy werksmetodes:

- **Prof. Dr. Gewers.** In sy 1985 artikel in Geobulitin.
- **Dr. Buzazza.** Dr. du Toit se assistent.
- **Dr. Haeger.** Konsulterende geoloog en tydgenoot van Dr. du Toit.
- **Prof. Dr. F Tromp.** Professor by Fouad Universteit, toon aan in sy boek Physical Physics.
- **Dr. Armand Vire.** Nasionale Museum Parys.


([Bronne info.ngwa.org/GWOL/pdf/850139266.pdf](http://Bronne.info.ngwa.org/GWOL/pdf/850139266.pdf), en ander.)

- Vanaf **1946** tot **15 Julie 1997** werk oom Frikkie Uijs (F.J.)(1905-1997)(Skagsinker, Mynbouer, Direkteur van Asbesmyne, Boer, Visioenêr), tot op ‘n hoë ouderdom van 92 saam met sy broer Kowie Uijs as ‘n span op dieselfde basis as Dr. Alex du Toit (en ook die Russe) om water en minerale hulpbronne vir die Afrikanervolk te identifiseer wat ontgin kan word. Vlak proposisies was geteiken met lae insetkoste. Na bestaande myne is ook gegaan om toetsing te doen, soos waterwysers na bestaande boorgate gaan vir toetsing. F.J. Uijs se 2 seuns, Baldwin (1939-) en Frits (1947-) was so blootgestel vir baie jare in Suidwes aan die gebruik van lotinstrumente om die HERE God te raadpleeg oor sake. So was hulle deur verskeie insidente voorberei vir die Geestelike openbaringe wat sou volg. Hulle het aanvanklik nie die Geestelike verwantskap en wisselwerking van oom Kowie se mikstok verstaan wanneer hulle na ondergrondse water/minerale soek nie. In die volgende gevalle het die mikstok opgehou draai of beweeg:



Oom Frikkie

- Wanneer 'n plastieksak voor oom Kowie gehou word as hy na ondergrondse water soek nie.
- Wanneer sy oë toegemaak word, of die kaart waarop hy werk omgedraai word.
Daar's 24 kaarte in die pak wat as die “hoofopenbaring” bekend staan en 15 kaarte elk in vier stelle kaarte wat fokus onderskeidelik op die speler se verhouding met God, sy verhouding met sy medemens, beginsels in die Bybel en die negatiewe aspekte van menswees. Hulle heet onderskeidelik die stelle van die lig, die duiwe, die arende en die dorings. Die kaarte het 'n Nagmaalskelkie op die rug en 'n illustrasie van 'n Bybelse tema op die gesig. Alles is so fatsoenlik dat selfs die lendene van Michelangelo se Dawid op een van die kaarte met 'n lappie bedek is.

Hoe speel mens die kaartspel van God? Jy bid eers 'n spesiale gebed vir inspirasie, skommel die kaarte en sny dit met die linkerhand, die hand wat met die Heilige Gees verbind word. Jy pak die kaarte onderstebo in een van 'n reeks voorgeskrewe formasies uit. Een daarvan is 'n kruis. 'n Ander 'n J vir Jesus. Jy draai hulle een vir een om en vertolk elkeen na aanleiding van die handleiding wat saam met die kaarte verskaf word. Só bedien jy jouself van inspirasie en openbaring uit God's Woord, sê Marais. Daar is geen negatiewe vertolkings nie.

Elke kaart bevat van die “brood van die lewe”, selfs die donkere kaarte waarop die aangesig van Satan verskyn. Die doel van die spel, sê Marais, is om met die keuse van kaarte die seën en die troos van God te soek. Die omslag van Soultidings bevat aanbevelings van verskeie Suid-Afrikaanse teoloë uit die Rooms-Katolieke, Metodiste en NG Kerk.

Sommige kerkvaders hou klaarblyklik van die kaartspel. Marais se eie predikant, dr. Berni van Zijl van Germiston, sê dis “post-modern en pret”. Dit fokus op “afgeskepte vorms van basiese menslike kommunikasie”, 'n sin van spel, simboliek en fantasie. Dit voeg 'n nuwe dimensie by die “proklamering van die Woord”. Vir hom draai dit om kommunikasie wat die totale mens raak. “Ons het allerhande mooi woorde in die teologie wat vir mense min beteken. “Ons het heeltemal vergeet dat die mens ook spelende mens is wat voed op fantasie en humor.”

AANHANGSEL 8: VOLKSHERVORMING:

‘n Woordbegronde prosesbeskrywing vir die terugkeer van die Geloftedolk na JHWH

2010 Proefskrif deur Gideon Grobler

<http://www.dsgideon.co.za/wp-content/uploads/2011/01/proefskrif.pdf>

Hoofstuk 1

Opmerkings

1. Behalwe wanneer anders vermeld, is alle Bybel aanhalings uit die 1933/53 Afrikaanse vertaling.
2. Die skrywer is bewus van die spelreël dat ‘n besitlike voornaamwoord nie met ‘n hoofletter geskryf word nie, maar verkies om uit respek vir die Vader die besitlike voornaamwoord “Sy” met ‘n hoofletter te skryf.

INLEIDING

‘n Deel van die volk Israel kom uit ballingskap terug, waarheen hulle uitgeban was omdat hulle die rug gekeer het op hulle God, die DrieEnige God wat hulle uit Egipte verlos het, en herbou uiteindelik, nie net hul stede nie, maar ook die hele volkshuishouding. Nehemia lei ‘n hele volkshervormingsprogram om sy volk, nie in die eerste plek weer hulle materiële voorspoed te gee nie, maar Godvresend te wees, terug na die aanbidding soos wat God self aan hulle voorgehou het met hulle verlossing uit Egipte. Daaruit sou voorspoed kom. (Neh. 813)

Jan van Riebeeck kom plant, sonder dat hy dit waarskynlik besef, ‘n volk hier in 1652, en word van die plantingsdatum af, as’tware in die Gereformeerde gelóof geplant. Hierdie feit is duidelik sigbaar uit die dokumentasie van dié tyd, maar veral uit die gebed (Van Jaarsveld 5) van Jan van Riebeeck en die Gelofte wat hy aflê twee jaar na hulle aankoms. (Kerkboek APK 147)

Oor die volgende, byna twee honderd jaar kry hierdie groepie mense, wat deur die Hollandse Oos Indiese Kompanjie (maatskappy) hierheen gebring is om ‘n verversingspos vir verbygaande skepe te stig, vorm aan as ‘n volk in wording. Hulle word veral aangevul deur die Franse Hugenate (Bruwer 52), wat ter wille van hul Protestantse Gereformeerde geloof hierheen vlug sowel as die Britse Setlaars. (Muller 132) Deur die gure omstandighede en grootliks deur die Britse owerheid, wat ondertussen die bewind in die Kaap oorgeneem het, trek ‘n groot deel enersdenkendes van hierdie bevolking in 1835-1838, die binneland in. (Muller 149)

In 1838 word hulle, hoewel hulle nie as een enkele groep getrek het nie, in hul voortbestaan bedreig deur verskeie inboorlingstamme in die binneland. So word ‘n groot groep van hulle aan die einde van 1838 bedreig met totale uitwissing, by wat later bekend sou word as Bloedrivier. (Duvenhage 151)

Hier kom die besondere geloofsverankertheid en eenheid waarmee Van Riebeeck die volksplanting gedoen het, weer só sterk na vore. Die Trekkers laat haal vir hulle ‘n leier wat toe nog in die OosKaap was, ‘n man van geloof en dapperheid. Hierdie feit kom onder andere sterk na vore uit sy hantering van sy aanstelling as hoofkommandant. In November 1838, kort voor die slag van Bloedrivier, moes ‘n hoofkommandant uit ses Trekkerleiers aangewys word. Pretorius word eenparig aangewys, maar wys dit van die hand en dring daarop aan dat hy deur die lot, dit is deur YHWH sêlf (Spr. 16:33), aangewys word. Die lot is gewerp en hy is inderdaad deur die Vader aangewys, waarna hy dit aanvaar het. (Beeld 30.8.2008: 4)

Onder Pretorius se sterk (Gereformeerde) geloofsverankertheid en die uitlewing daarvan lei hy die trekkerkommando tot die tweede Gelofte aan die Drie-Enige God. (Duvenhage 141). Hulle vra in afhanklikheid vir God om hulle van uitwissing te red en sou dan die dag as 'n, aan God gewyde dag deurbring in die toekoms, sodat ook die nageslag moet weet dat hulle hul voortbestaan te danke het aan die verlossende hand van YHWH. Verder, "een huis tot Zynes Grooten Naams gedachtenis te stigten alwaar het Hem sal behagen –" soos opgeteken uit die notules van die Trekkers wat Jan Bandjies as Trekkersekretaris opgeteken het. (Duvenhage 147).

Die Vader aanvaar hierdie Gelofte en laat die wonderwerke van Bloedrivier gebeur. Teen alle menslike logika in, bewaar YHWH die trekkerkommando en kom hulle ongeskonde aan die anderkant van die geveg uit met derduisende Zoeloes wat gesterf het en uiteindelik die aftog geblaas het. (Duvenhage 168)

Binne hierdie gebeure was daar steeds die wonderlike eensgesindheid in die geloof. Almal het God dieselfde aanbid en hulle optrede spreek van 'n wonderlike ingesteldheid van afhanklikheid van YHWH en 'n gehoorsaamheid aan Sy gebooie, natuurlik binne die mens se swakheid.

Hierna kon die Trekkers hulself vestig op die groot stukke niemandsland wat oop gelê het en 'n voortbestaan vir hulle daar uitwerk.

Kort hierna, in 1859, met die afskeiding van die Gereformeerdes van die Hervormers (Engelbreght 125) begin 'n proses wat voortduur tot vandag en die tragiese gevolg van totale kerkverskeurdheid tot gevolg het.

Die vaders kies die weg van skeiding, eerder as om te aanvaar dat die Woord wil hê dat ons YHWH eendragtig moet soek. Rom. 15:6 "sodat julle die God en Vader van onse Here Jesus Christus eendragtiglik uit een mond kan verheerlik." Hierdie studie spreek hom nie uit oor die meriete van die verskillende standpunte nie, maar oor die verskynsel van skeuring of afstigting. Hierna, oor die verloop van baie jare, ontstaan 'n openbare persepsie dat elkeen YHWH kan aanbid na eie goeddunke! Hierdie eiesinnigheid verloop verder dat elkeen ook reken hy kan sy aanbidding vervorm en omvorm, tot dit, so word dit uitgedruk, vir my lekker is. Dié "lekker" van die aanbidding is dikwels/meestal gegrond in die mens se emosionele ervaring en nie in die dankbare uitvoering van die Vader se Woord nie.

Hiermee saam, waarskynlik deels as gevolg van, ontwikkel oor die laaste twee na drie geslagte heen, 'n al verder wegdrywe van die vroom dankbaarheidslewe voor die Skepper en Verlosser. Hierdie volk, wat teen hierdie tyd, 'n vae, byna ondefinieerbare volk geword het, doen mee aan byna al die gruwels waarteen die Woord waarsku. Dit sluit in: leerafwykings waarin vrydenkende eiesinnigheid so belangrik is en lewensafwykings waarin losbandigheid en oor die algemeen gesê, 'n goddelose lewe gely word. Kinders van gelowiges wat willens en wetens die goddelose studiemateriaal van die staat waaronder sedeloosheid en evolusie is, geleer word, ten spyte van die opdrag van YHWH om die kinders tot Sy eer groot te maak.

Wanneer hier bygevoeg word, die PaardekraalGelofte, wat in wese nie 'n gelofte is nie, maar 'n broederlike onderneming, waarin YHWH tot getuie geroep is, word dié saak soveel swaarder. In hierdie onderneming, waarby nou, duisende van die volk teenwoordig is, nie net die paar honderd van Bloedrivier nie, sê hulle voor die Vader: "... en met het oog op God zamen te werken, ..." (Kerkboek APK 149)

Vir 'n volk om te wees wat hulle in die Gelofte beloop het en wêer met nog 'n onderneming hêrbevestig het, is hiêrdie 'n fatale verloop van sake. Hierdie Gelofte beteken tog nie nêr die nakom van wat as't ware die simbole van die Gelofte genoem kan word, die herdenking van die dag nie. Net

so min as 'n gelowige nê gelowige is op die Dag van YHWH en die dae tussenin kan wees wat hy wil nie. Dit beteken tog ook dat die Geloofte, óral en áltyd geleef en uitgeleef sal word! Dat aanbiddingsplekke opgerig/ingerig sal word waar hulle ookal gaan en elke dag voor die kinders leef uit die Woord soos in hierdie Geloofte beloof! Dat Geloftedág gebruik word om vas te maak hoekom só geleef moet word. Die Geloofte beteken eintlik dat hulle, hulleself as eenheid per Geloofte verbind het aan die groot Geloofte naamlik: die verbond wat God met sy volk het, dat julle soos Lev. 26:12 en ander plekke sê: “En Ek sal in jul midde wandel en vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees.”

Kortom: daar kan gesê word dat ons, ons God vergeet het! Natuurlik is daar, deur die beskikking van YHWH, die restant wat hulle nie daaraan skuldig maak nie, maar vir die groot massa geld dit grootliks. Hoe skokkend is dit nie!!! Dit dwing jou om dadelik op die knieë te val en te bid: Vader, wees ons genadig!!

Die groot probleem is dat ons so ver afgedwaal het. Oor geslagte heen het die verkeerde en afgewaterde so gevestig geraak dat ons nie meer die verkeerde in soveel dinge raaksien nie! Die feit dat dit oor die uitwissing van die volk gaan, word nie noodwendig raakgesien nie en word selfs nog ontken in gesprekke. Die ironie is dat daar al etlike jare 'n gesprek onder bekommerde vriende in die buiteland op die internet aan die gang is waarin al uit wetenskaplike ontleding aangedui is dat uitwissing aan die kom is.

In die algemene gesprek word aanhoudend aangehaal dat God liefde is en dat Hy daarom nie sal toelaat dat die uitwissing plaasvind nie. Wat nagelaat word om sáám aan te haal is dat YHWH ook van Homself sê dat Hy 'n verterende vuur is! In die konkordansie van die 1933/1955 Afrikaanse vertaling word hierdie eienskap van die Vader sestien keer aangegee. Daarvan waarsku Deut. 4:24 (“Want die HERE jou God is 'n verterende vuur, 'n jaloerse God.”), Sy volgelingen baie duidelik dat Hy nie Sy eer en gehoorsaamheid aan Hom, sal laat vertrap nie, maar beskerm dit!

Die Skrywer wil graag beklemtoon dat hierdie beoordeling nie vanuit die hoogte op 'n verhewe wyse gedoen word nie. Hy sien in homsêlf die grootste werk en besef elke dag meer en meer van sy eie dwalings.

Volkshervorming wil die proses van terugkeer (soos Nehemia se terugkeer met sy volk) na YHWH beskryf. Soos Rom. 15:6 dit stel, “sodat julle die God en Vader van onse Here Jesus Christus eendragtlik uit een mond kan verheerlik.” Dit wil die waardes van dankbare gelowiges wat 'n Geloofte afgelé het dat hulle 'n gehoorsame Godsvolk/huis sal wees, wat in 'n verbond met Hom leef, beskryf.

Hoofstuk 2

1. Agtergrond

Waarskynlik is die verskynsel van Godvergetelheid nie nuus nie, maar, is die ómvang daarvan bekend? Dit is daarom nodig dat die probleem ter wille van korrektheid en die uitskakeling van enige misverstand, kortliks sal beskryf! As daar gesê kan word dat hierdie volk wat vanuit sy ontstaan, so nou met sy Skepper gewandel het, Hom nou vergeet het, vra die stelling motivering.

In populêre taal sal gesê kan word: die goddelose lewe wat tans waarneembaar is. Bybels sou dit beter vertolk kon word met vreemde vrugte aan die boom. Daar sou ook gesê kon word dat daar ooglopend vasgekyk word in die vrug van die vlees met 'n reuse gebrek aan die vrug van die Gees.

Vir die gelowige bestaan daar geen toeval nie, maar die beskikking van die Almagtige. So was die

skrywer se tien maande lange bediening in Engeland geen toeval nie. Daar was hy gekonfronteer met die resultaat van hierdie volk en kerk (in die algemeen) se opvoeding oor die laaste geslagte. Dit is die resultaat wat voor hom in die straat en in die winkel geloop en Afrikaans gepraat het. (vir sover jy dit nog Afrikaans kan noem!).

Opsommend kan gesê word: 'n Volk wat, behalwe vir 'n klein persentasie, nie spreekwoordelik nie, maar in werklikheid van hulle God vergeet het! Dit lyk uiters onwaarskynlik dat daar meer as 2% van hierdie volk in die die Verenigde Koninkryk (VK) is wat na enige kerk toe gaan! Dit bring die vraag in die gemoed: Is die wese van die verskynsel van kerkloosheid anders in SA? Ja, hier word in groter persentasies dienste bygewoon, maar met watter motivering? Anders gesê: as alle vorme van vormgodsdienste en skyn en fariseïsme weggeneem word, gegrond op die resultaat waarmee beide in die VK en SA gewerk word, gaan die uitkoms nie veel verskil nie! Hier sou ons 'n lang lys voorbeelde kon noem op grond waarvan die stelling gemaak is. Ek noem slegs enkele:

Leerafwykings:

- Afwykings waar die Woord verdraai word om by die mens aan te pas. (dán sal hy nog kerk toe gaan).
- Die érediens moet so wees dat die mense daarvan hóú, ander kom hulle nie.
- Die Bybel is nie meer God se Woord nie, maar mensewoorde oor God.
- Medevolksgenote wat nie kan berus in God se volmaakte oordeel nie en sêlf wil besluit wie die Koninkryk deelagtig kan word en wie nie.
- Ongeloof. Daar word geglo in YHWH, dat Hy Almagtig en Drie-Enig is, maar 'n lewende verhouding met Hom, waarin Hy en Sy wil gesoek word en weggevlug word van die verkeerde omdat ek die sonde haat, is skaars elemente! Daar kan gesê word dat ons kerke vól godsdienstiges sit, maar léég is aan gelowiges.

Saamgevat kan gesê word dat baie volksgenote 'n god aanbid wat niks meer is as nêť 'n afgod nie en wat saamgestel is uit die denke van ons mense: 'n "getekende" afgod wat die eienskappe dra wat die mens hom wil gee. Deur hierdie proses het die Godsbeeld verander. Die algemene beeld wat die uitgesproke gelowiges het is een van voorwaarde! As ek dit en dat, moets en moeinies nakom dan sal God vir my.....

Die Bybelse beeld waarin ek deur my verlossing reeds te veel het om voor dankie te sê in my lewe om ooit daaraan reg te kan laat geskied en daarom kom ek die gebooi van die Vader na om Hom eer en dank uit my lewe te laat kry en ek vra Hom net "my daaglikse brood" wat ek nodig het om vir Hom te werk, is skaars.

Afwykings in lewenswandel

- Kerkloosheid
- Sedeloosheid
- Drankmisbruik
- Haat, verwyt, bitterheid
- Kleingeloof

Namate omstandighede verswak, wend volksgenote hulle al meer na wêreldse hulpmiddele om in ons nood te voorsien; dikwels die redenasie van "die doel heilig die middele".

- Lotery en dobbelary
- Hoe belangrik is status en die prestasies van ons kinders nie! Wanneer hierdie sake opgeweeg word teen 'n Godgefundeerde opvoeding, weeg prestasie en die naam van die skool tog so dikwels soveel swaarder !
- Die ontheiliging van die Dag van YHWH. Daar is soveel Skrifvoorbeelde hiervan in die Koningsgeskiedenis! YHWH verag hierdie ontheiliging en plaas Sy volk daarvoor in die verdrukking en ballingskap. Hoekom sal dit met ons anders wees?

Hierdie proses het sover afgedwaal dat die verkeerde tans nie meer raakgesien word nie. Oor geslagte heen het die verkeerde en afgewaterde so gevestig geraak dat ons nie meer die sonde herken nie!

Hierdie verskynsel het 'n baie belangrike nuwe effek tot gevolg. Ons gewetes is so afgestomp dat ons vermoë om ons eie lewe te ondersoek voordat ons aan die nagmaal deelneem, ernstig aangetas is. Lidmate en selfs ampsdraers wat mekaar nie groet in die straat nie (soms ook nie by die kerk nie), sit saam aan die nagmaalstafel, want die sondige verwyd en dikwels haat en bitterheid, word nou nie meer sonde as gereken nie, maar word net gesien as ek hou nie van hom/haar nie en daarmee gee ek myself toestemming om wel die nagmaal te gebruik.

Die opsieners wat voor Christus onderneem het om toe te sien dat Sy liggaam nie ontreinig word nie, weet nie meer wat in hulle lidmate se lewens gaande is nie en ken hulle dikwels nie eers nie. Daarom bly daar van die uitvoering van hulle opdrag weinig en dikwels niks oor nie.

Hierdie toedrag van sake vorm 'n sneeubal effek. Die reeds verwaterde en afgewaterde geloofslewe kom onder die oordeel van YHWH. Wanneer ek só aan die tafel deelneem, eet en drink ek 'n oordeel oor myself. (1Kor. 11:29) Verder kom die gemeente, omdat daar nie verantwoordelikheid vir mekaar geneem word nie, tot 'n oordeel saam.(Kor. 11: 34) M.a.w. die Vader word toornig op die gemeente.

Hoe meer sake skeefloop in die gemeente, hoe meer snaakse dinge begin gemeentes doen om “die mense te trek” en omdat hierdie dinge dikwels mensgemaakte vindingrykhede (waarvan die Woord sê dat dit tevergeefs is, Matt 15:9) en dikwels selfs heidense praktyke is, word die skuldlas waarmee weer aan die tafel gesit word net al groter.

1.1. Hoe het dit gebeur?

In die VK (onder die lede van hiërdie volk) sowel as in SA, is daar 'n afgestomptheid of afgewaterdheid wat plaasgevind het in die volkslewe. **Sonde-is-nie-meer-sonde-nie!** Dit word beskryf as: nie mooi nie, negatief of bloot die verkeerde. Wanneer geluister word na die gesprek in die algemeen daar buite is die gevolgtrekking dat daar het weinig, indien enige, oorgebly het van die feit dat die God die sonde haat. Waar is die grondige selfondersoek en die uiters noodsaaklike sondebesefting wat daaruit moet spruit? As daar nie 'n sondebesefting is nie, is daar ook nie berou nie! Waarvoor moet ek berou hê as ek dan nie sonde het nie, maar net 'n paar dingetjies wat nou nêr nie so mooi is nie!

Gelowige volksgenote se denkwyses het oor die laaste, plus minus dertig jaar so verander! Daar is talle voorbeelde van sake waarin gelowiges en veral ook bedienaars van die Woord hiërdie sienswyse verandering(paradigma verskuiwing) ondergaan het.

Enkele voorbeelde:

1. Toe daar 'n wet was wat handeldryf op Sondag verbied het, was dit met ons en ons ouers goed en geen kerkverband het gesê dat dit sogenaamd fundamentalisme was nie. Met die skraping van die wet, het almal hul misnoeë uitgedaag! Soos ons daaraan gewoon geraak het, het ons dit begin goedpraat en bied dieselfde mense, wat

vroeër protes aangeteken het teen die verandering van die wet, vandag héftig teenstand wanneer gepredik word dat die dag van YHWH in stand gehou moet word! Géén handel en werk behalwe as dit oor die oorlewing van mens en dier gaan nie! Uiteet op dié dag het duidelik niks met oorlewing te doen nie!

2. Hoeveel van die onkuisheid van vandag (volgens die Váder se beoordeling), is die gevolg van hiérdie verskuiwing? Wat vroeë as pornografies beskou is, is vandag goeie advertensies en word in huise toegelaat op die kassie.

3. Tot watter mate het u en ek daaraan meegedoen dat die ongedissiplineerdheid in ons eie huise bydraend was tot die weerbarstigheid van ons jong volk, wat ons so graag blameer? Hoeveel onthou die herhaaldelike opdrag en waarskuwing van die Vader dat die kinders die ouers moet respekteer. Hy het geweet ongedissiplineerde kinders wat deur 'n aanhoudende gekerm in hul ouers se ore, weet hulle gaan hulle sin kry, gaan 'n weerbarstige, aan Satan gedienstige volk lewer wanneer hulle uitvind dat hulle nie die Vader kan manupileer teen Sý wil in nie.

4. Wat het in ons tyd van die kerklike tug geword? Natuurlik weet ons van die sporadiese toepassing daarvan, maar waar was die kerklike tug byvoorbeeld toe ons as ampsdraers sienderoë waargeneem het hoe ongedissiplineerd die opvoeding van ons kinders geword het? Dit is asof die tug net so dan en wan toegepas word sodat die kerk homself daarmee kan troos dat hy nog aan die vereistes van ware kerk voldoen.

Daar is ook ander vrae oor die verloop van dié saak. **Sommige van hierdie vrae is baie sensitief** en word nie graag oor gepraat nie. Die skrywer stel dit ook duidelik dat hierdie vrae nie veroordelend gevra word nie, maar beoordelend. As die afdwaal van die volk en die terugkeer van die volk ondersoek word kan tog nie selektief te werk gegaan word nie, maar moet na die geheel van die saak gekyk word.

Daar het ook sake in die algemene volkshuishouding ontstaan waaroor geloofs- en gehoorsaamheidsvrae gestel móet word. As die Woord in 1 Konings 12 verhaal van die koningshuis wat skeur na Salomo omdat Salomo agter die afgode aangegaan het, lees ons in verse 22 en verder: “Maar die woord van God het tot Semája, die man van God, gekom en gesê: 23 Spreek met Rehábeam, die seun van Salomo, die koning van Juda, en met die hele huis van Juda en Benjamin en die orige deel van die volk en sê: 24 So spreek die HERE: Julle mag nie optrek en teen julle broers, die kinders van Israel, oorlog voer nie; julle moet omdraai, elkeen na sy huis; **want van My het hierdie saak gekom.**” (eie beklemtoning)

Die Vader verdeel sêlf Sy volk waarmee hulle soveel mag verloor omdat die Koning die weg verlaat het! Die vraag ontstaan of Hy mÍnder rede tot die verdeling en verlies aan mag in hiérdie volk gehad het? Hierdie volk wat teenoor die wêreld wil getuig dat hy aan die Vader behoort, maar dit nie meer is nie! Ons weet hoe die Vader hierdie valsheid beoordeel. In Openbaring skryf Hy oor die Jode wie se naam beteken: Lof aan YHWH, maar dit nie is nie, as die Sinagoge van die Satan (Op. 3:9)

As die Vader hierdie volkie in sy kinderskoene red by Bloedrivier, doen Hy dit natuurlik uit genade, maar hulle het Hom in hul afhanklikheid met hart en siel aanbid en aan Hóm gehoorsaam geleef (geen sprake van volmaaktheid nie, maar van harte)!

Hoewel hulle ten tye van die gebeure totaal eensgesind was in broederskap, kon dit hulle nie red nie. Dit was uit genade dat die Vader hulle gered het omdat hulle met hart en siel op Hom vertrou het.

Kort daarna ontstaan 'n slagspreuk wat later die leuse van die ou Zuid-Afrikaanse Republiek word: Eendrag maak mag. Het die Vader dit nie as 'n belediging beleef nie? Hy het Sy kinders nounêet gered waar hulle ten spyte van totale eendrag, tog totaál onmagtig gestaan het, nou word by wyse van 'n leuse op die landswaapen gesê dat hulle in hul eendrag die mag vind en nie by die Vader nie? Kan dit nie waar wees dat Hy hierdie volk wat hul op Hom beroem, maar aan die wêreld sê dat hul mag in hul eenheid is, soos die koninkryk van Salomo verdeel het nie?

As die Voortrekker monument gebou is in nagedagtenis tot die beskermende Hand van die Vader oor die Trekkers, hoekom staan op die denkbeeldige graf van Piet Retief: "Ons vir jou Suid Afrika" en nie, aan die YHWH al die eer nie?

Was daar nie 'n stelselmatige verskuiwing van vertroue, weg van die Vader en al meer tot die volk en sy eie vermoëns nie? Het die Vader ons nie as gevolg daarvan oorgegee aan ons eie (on)vermoëns om vandag uit te vind dat dit ons nêrens kan bring nie?

Wanneer ons na die **kerklike terrein** gaan is daar nie minder tergende vrae nie. Het die kerk die agteruitgang van sake voor sy oë, met al die mag in die Woord aan haar gegee, gebruik? Is dit dan nie sonde dat kinders disrespekvol teenoor hulle ouers optree nie? Tree die Vader nie nou teen sy ouerhuise en ook die kerk op, omdat hulle, soos Eli, nie hulle kinders streng bestraf het toe hulle gesien het dat hulle skande oor hulle bring nie? (1 Sam.3:13) Hier kan bygevoeg word dat Eli, minstens tot die Vader se eer opgetree het by die aanhoor van die straf toe hy in vers 18 sê: "Hy is die HERE; laat Hom doen wat goed is in sy oë." Is dit nie baie waarskynlik dat vandag eerder met verontwaardiging gevra sou word: hoe God, wat 'n God van liefde is dit kan doen nie? Sal die Vader sienderoë toelaat dat Sy eer van Hom gestéel word in die skole waar die kinders van die gelowiges juis van Hom moet leer nie? Kinders word wys gemaak dat die wêreld uit 'n oerknal ontstaan het, YHWH het dit nie met die spreek van 'n woord gemaak nie. Is hierdie argumente nie daarby ingesluit as Hy van Homself sê dat Hy 'n jaloesse God is nie? (Eks. 20:5)


Is dit nie die toorn van die Vader wat beleef word in gemeentes omdat openbare sondes soos hierbo genoem, aangaan en die opsieners wat bely het dat hulle glo Christus as die hoof van Sy kerk hulle daar gestel het, doen niks aan die sake nie? Soveel te meer, as dit gaan omdat die persoon aangesien word en nie gehoorsaamheid aan die Vader nie?

1.2. Simptome of siekte

Teen hierdie agtergrond is daar tans verskeie pogings en roepstemme wat opgaan. Die vraag in my gemoed is of daarin geslaag word om die siekte te genees of word pille vir die simptome gegee. Vir die doel van hierdie studie en die daarstel van 'n Woordbegronde terugkeerplan is dit belangrik om duidelikheid te kry oor wat is siekte en wat is simptome.

'n Diagrammatiese voorstelling, wat nie aanspraak maak op volledigheid nie, maar tog 'n tipe geheelbeeld skep lyk soos volg: So sou oor die opvoeding van kinders aangedui kon word hoe streng gedissiplineerde kinders, wat weet om hul eie wil te buig of te laat vaar, om in te val by dié van hul ouers, sonder om opstandig te word, wanneer hulle groot is nie opstandig word

wanneer YHWH néé sê nie. Daar ténoor is die wêreld se kinders wat in hul Adamsbeeld sêlf besluit oor hul doen en late en lewens. Hulle word in skole geplaas waar dit juis die uitgangspunt is: hierdie adamsbeeld van die kind moet begelei word tot 'n mooi selfstandige adamsbeeld; jy mag hom nie tereg wys of keer nie! Skreeu dit nie ten hemele nie!? In hierdie volk/geloofsgemeenskap word weer na 'n soort kompromie tussen die twee gesoek, sodat die gewete tog gesus kan word, "ons is in beheer van ons kinders", maar darem nie té vreemd in die wêreld nie, sodat die kind darem sêlf kan besluit waar hy/sy byvoorbeeld wil skoolgaan.



Daar sou sò uitgebrei kon word op elkeen van die bogenoemde dwalings. Feit is: Die Woord sê in 1Joh. 1:5 “En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: **God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.**” (eie beklemtoning) Lig en duisternis kan nie meng nie en tog kom dit voor of die moderne afstammeling van die Geloftedolk, wat per Geloofte trou aan die verbond gesweer het, dus om vir Hom volk te wees, dit tog en nogtans probeer meng!

Die siekte is dus dat die Geloftedolk in hul liefde vir God getaan het en lief geword het vir die wêreld met al wat dit beteken. Die volk sien egter nie kans om God finaal (menslik gesproke) vaarwel toe te roep nie, want dan word die voordele (so word geredeneer) van gelowig wees prysgegee. Daarom word in die illusie geleef dat die beste van albei kante benut kan word! Daaruit volg ‘n magdom simptome wat voortvloei uit hiêrdie drogredenasie!

Hoofstuk 3

Probleemstelling: Met die doel om die Geloftedolk tot ‘n eendragtige Godshuishouding te vorm/hervorm, moet daar ‘n wyse wees waarlangs die bestaande verdelende faktore uitgewis kan word, die eenheid bewaar, en die sondige lewenswyse omgedraai word sodat daar weer ‘n algehele strewe onder die Geloftedolksgenote is, om tot eer van God te leef, soos Hysêlf geëer wil word, nie soos die mens uitgedink het nie.

Omkeer, hoe teenstrydig dit ookal mag klink, is déél van die probleem. Daar is in die algemeen in hierdie land vandag, maar in die besonder tussen die blanke Afrikaaner en ook Engelssprekende gelowiges die wekroep om terug te keer na God. Daar is selfs reuse plakkate wat teen astronomiese koste opgerig is lang die paaie wat sê: SA keer terug na God. Die vraag is hoe? Gaan elkeen wêér sêlf daarvoor besluit en gaan elkeen ook sêlf weer die evalueerder daarvan wees?

Hierdie omkeer moet opsigself op GóD se manier gebeur. Die beginsel in die Woord om terug te keer is duidelik. Paulus beskryf dit in die besonder aan die Efesiërs en die Kolossense: Die sonde moet **ontklee** word, daar móét tog bekering wees, maar daarna moet met die waarheid en in besonder ook met goeie werke **beklee** word. Nie om iets voor God daarmee te probeer bereik nie, maar uit loutere dankbaarheid vir my sondevergifenis!

Hierdie beginsel wat inderdaad deel van oplossing is, wil nie uit plek uit, hiêr aangebied word nie, maar is ook in ‘n sekere sin deel van die probleem wat uitgeklaar moet word. Die algemene indruk van wát goed doen is, val buite die kring van wat God beskou as goeie werke! Hy skryf vóór wat goeie werke is. Die Heidelbergse Kategimus beskryf die opsomming wat die protestants gereformeerde kerkvaders daaraan gegee het soos volg: (hulle gevolgtrekking uit nie minder as agt teksverwysings nie): Vraag 91: Wat is goeie werke? Antw. Net die wat uit ‘n ware geloof (a), volgens die Wet van God (b), alleen tot sy eer gedoen word (c) en nie die wat op ons goeddunke of op insettinge van mense gegrond is nie (d).” Daar bestaan by ‘n groot gedeelte van die Geloftedolk die persepsie dat ons wel volgens God se wil leef. Die dekades lange, stelselmatige wegdrywe en afwatering van wat reg en wat verkeerd is, het tot gevolg dat daar groot “onkunde” oor die sake is. Daar het dus veel waar geword binne die gemeenskap en die volk van wat Jesaja beskryf in 5: 20 “Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter.” In die skrywer se bedieningswerk, onder Afrikaanssprekendes in Engeland sê ‘n jongman een oggend na prediking in hierdie verband: “Dominee, jy hou aan preek van terugkeer, maar ons is op die weg van die Here (sic), dit is tog hoe ons grootgemaak is!” Daar is dus nie noodwendig ‘n onwilligheid tot terugkeer nie, maar ‘n geweldige onkunde. So was daar talle soortgelyke ervarings in gesprekke oor die saak.

Die probleem word vererger as in ag geneem word dat hierdie gesprekke gevoer is met mense wat wel nog na Woordverkondiging kom luister. Hiërdie groep was/is, volgens die skrywer en medewerkende jongmense in die Verenigde Koninkryk, nie meer as 2% van die Afrikaanssprekendes nie! Anders gestel dring die skokkende werklikheid dalk beter in: 98% woon nooit in die tyd wat hulle daar deurbring, enige aanbiddings geleentheid by nie! Onder die 98% is dit 'n ope vraag of daar enige wil is om terug te keer.

Indien die Geloftevolk hom nie hou by die inhoud en uitlewing van die Gelofte wat hy gemaak het nie, wat beteken dat die volk hom moet hou by die waarhede in God se Woord, is die Bybelse implikasies voor die hand. Die Vader gaan beproewing en selfs uiterste beproewing of uitwissing, oor die volk bring, want Hy stel dit duidelik in die Skrif dat dit met sy mense sal goed gaan solank hulle in gehoorsaamheid tot Hom leef, maar as hulle Hom die rug keer, ellende! Deut. 8:1 “Al die gebooe wat ek jou vandag beveel, moet julle sorgvuldig hou, dat julle mag lewe en vermenigvuldig, en dat julle mag inkom en die land in besit neem wat die HERE aan julle vaders met 'n eed beloof het.” Natuurlik beteken dit Nuwe Testamenties dat ons as gelowiges in “die land van Christus” is, maar dit neem nie die ander waarheid dat die Vader Sy eer beskerm en daarom sal bepróéf, weg nie! Die Woord sê ook dat 'n huis wat in homself verdeel is nie kan standhou nie. (Matt. 12:25)

Die probleem dus, om die lede van dié volk, wat elkeen glo dat sý verstaan van die Woord die korrekte is, daarvan te oortuig dat daar net een korrekte is, en dat dié volk met 'n Gelofte onderneem het om daardie verstaan te volg, en dan dáárby te hou.

Hoofstuk 4

Probleemoplossing

Die Vader gee self die oplossing in die Skrif: 2 Kron. 7:13 “As Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as Ek pes onder my volk stuur, 14 en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees. 15 Nou sal my oë oop wees en my ore luister na die gebed van hierdie plek.”

Hierdie gedeelte word baie algemeen aangebied, maar dan word selektief net die verootmoediging uitgelig. Wanneer in die besonder na vers 14, dieper as die oppervlakte gekyk word, merk ons die volgende: hulle (1)**verootmoedig** en (2) **bid** en (3)my **aangesig soek** en (4) hulle **bekeer van hul verkeerde weë**, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.

Voordat tot die bespreking van die saak oorgegaan kan word, kan die volgende nie ongesê bly nie. **Eerstens** kom die vraag in die gemoed op: waarom word daar so maklik en graag om verootmoediging geroep? Is daar van ons wat kan tel hoeveel verootmoedigingsdae oor die wel en weë van dié volk in die afgelope twintig jaar gehou is ? Hetsy of dit oor die veiligheid van die bevolking gaan, die moorde, die verval of droogte? Kan enigeen van ons getuig dat ons enige verskil in die leer en lewe van hulle wat verootmoedig het se lewens gesien het? Was daar enige verandering waarneembaar wat opgemerk kon word, wanneer die lewe van die volk, soos dit daaruit gesien het die dag vóór die verootmoediging teenoor die dag ná die verootmoediging? In 'n sowat twintigtal vergaderings wat die skrywer oor die land gehou het oor die onderwerp en hiërdie vraag gevra het, kon niemand 'n verskil aantoon nie.

Wat is dus aan die gebeur? Die volk is in benoudheid en nou word om hulp geroep, maar dit moet tog net nie iets van ons vra nie. Nee, die offer waarvoor ons ons bereid verklaar het, was die sit in die diens vir 'n uur. Daarna moes, met respek gesê: die Vader nou die uitkoms bied! Hoe word die eer van die Vader nie aangetas nie! As selfs die mens in sy eenvoud kan sien dat dit 'n verootmoediging om redding is en niks met die eer van die God te doen het nie, hoeveel te méér Hy? Ja, hierdie Skrifgedeelte gee die oplossing, as u dit wil, die strategiese plan vir die uitkoms, maar God laat Hom nie deur sulke deursigtelikheid om die bos lei nie. Intendeel, is dit nie presies waarteen YHWH Jeremia waarsku in Jeremia 7 nie? 16 “En jy, bid nie vir hierdie volk nie en hef vir hulle geen smeking of gebed op nie en dring by My nie aan nie, want Ek sal na jou nie luister nie. 17 Sien jy nie wat hulle in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem doen nie? “!

Nee, die weg wat Kronieke aandui is vierledig, waarvan verootmoediging net 'n kwart is! Daar moet gebid word, daar moet na die naam van God gesoek word (Hy moet waarlik gekên word) en, só belangrik, daar moet bekering wees.

Bespreking van die verskillende doelstellings tot die oplossing.

4.1 Volgens watter interpretasie van die Woord wil God gedien word, of is enigeen reg? Waarheen moet bekeer word nadat ons Sy naam gesoek en gevind het?

Inleiding

Daar bestaan vandag 'n persepsie dat binne die Christelike wêreld, daar 'n verskeidenheid van vertolkings van die Woord is. As Christus my Verlosser is en dit my belydenis, dan is dit reg, wat daarop volg is nie so belangrik nie. Dikwels volg op hierdie belydenis totaal verskillende karakterbeskrywings van Christus, Sy eienskappe en rol wat Hy in die mens se lewe vervul. Hierdie verskillende vertolkings dra ook grootliks by tot verskille in Godsbeeld.

Verskille in Godsbeeld het verreikende implikasies in mense se lewens. Daar is byvoorbeeld vandag 'n sterk gevestigde Godsbeeld by baie gelowiges, waarna reeds verwys is dat: God van my sekere dinge ver wag en dan sal Hy vir my sekere dinge doen. Hier teenoor, ek het in my verlossing reeds soveel ontvang, ek vra net dit wat nodig is om vir Hom te werk en in gehoorsaamheid Sy geboorte na te kom. Daarmee kan ek my dank sigbaar maak. Dit is duidelik dat hierdie twee sieninge God totaal verskillend verstaan en sal dien. Hierdie verskil het op sy beurt verskillende uitwerking op die mens, veral wanneer dit by die hantering van 'n krisis of trauma kom, soos nou in die land beleef word.

Eersgenoemde Godsbeeld nl. Ek het sekere dinge moets en moenies, dan sal God vir my.... het tot gevolg dat die gelowige vra hoekom ek? Hoekom gebeur dit of dat met my? Hoe kan 'n God van liefde dit toelaat? Hierdie Godsbeeld lei baie dikwels (byna altyd) tot 'n opstandigheid teen YHWH. In uiterste gevalle lei dit selfs tot Godverloëning. Hierdie Godsbeeld beoordeel YHWH se besig wees met Sy kinders dikwels met 'n tipe menseloga, 'n menslike beoordeling van oorsaak en gevolg. Wanneer God se handeling met die skepsel nie inpas in hierdie kousale verband nie, word God verkwalik.

Die tweede en Bybelse Godsbeeld het 'n totaal ander uitwerking op die volgeling. Wanneer die onverklaarbare oor sy pad kom, redeneer hy/sy dat hy nie verstaan nie, maar hou aan die belofte van Rom.8:28 vas: “En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.” Hierdie volgeling soek eers by hom/haarself of daar nie fout is nie en veronderstel nooit dat God hom/haar sal wil te na kom nie.

Hierdie verskille in verstaan en die implikasies daarvan lei tot 'n totaal ordelose Christelike

samelewing en al die verwarring wat daarmee gepaard gaan. Wanneer hierdie twee groepe in gesprek of debat sou kom, kan hulle mekaar eenvoudig nie verstaan nie en herinner hierdie magtelose onmag wat beleef word aan twee rekenaars wat nie met mekaar kan kommunikeer nie. Nie omdat daar fout met een van die twee is nie, maar eenvoudig omdat hulle verskillend geprogrammeer is.

God is tog 'n God van orde. Dit is waarom Paulus die Kolossense prys in hoofstuk 2:5 "...en ek verbly my om julle goeie orde te sien en die vastigheid van julle geloof in Christus" en Christus vermaan self teen 'n huishouding wat in homself verdeel is. (Matt 12)
Die verdeeldheid van die Godshuishouding het op sy beurt die gevolg dat daar 'n vertrouensbreuk tussen gelowiges kom en vertoon 'n verdeeldheid wat nie tot die Vader se eer is nie.

Op die keper beskou: As deur twee Christen gelowiges die eienskappe van die Drie-Enigheid, en ook Christus, verskillend gesien en verstaan word, beteken dit eintlik dat twee verskillende Christusse aanbid word. Hierdie saak kan vergelyk word met 'n persoon se identiteitsnommer. Elke syfer verwys na verskillende sake ten opsigte van dieselfde persoon. Indien een of meer nommers verander word, kan nie geredeneer word dat ek nog van dieselfde persoon praat nie, al is dit dieselfde naam.

1Kor. 10 verse 17 is 'n duidelike Skrifverwysing waarin die gelowiges meen dat hulle God glo, maar die afwykings/ongehoorzaamhede maak dat Christus deur Paulus vir hulle sê dat hulle eintlik met afgode besig is. Hierdie vermaning is baie ernstig vir ons en die implikasies daarvan spreek vanself.

Beoordeling

In die beoordeling van die saak is dit wêrensbelangrike dat ons uit die Skrif self die leiding kry. Daar is oënskynlik meer as een rede vir die verskillende interpretasies wat ons waarneem in die geloofsgemeenskap. Wanneer meer in diepte waargeneem word, kom dit op een van twee maniere neer.

Eerstens: die meer ooglopende verskil kom by wat seker ook 'n blatante verskil genoem kan word, wanneer aan die teks of die puntuasie daarvan verander word: "Deut. 4:2 Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooe van die HERE julle God mag onderhou, wat ek julle beveel." En " Op 22:18 Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. 19 En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is." Hierdie verskil is duidelik die makliker een om op te merk en te beoordeel.

Die **tweede** is wanneer die betekenis van die bestaande teks verskillend verstaan of geïnterpreteer word. Met verskille word nie verwys daarna dat die diepte van die Skrif nóóit deurgrond kan word nie, dat daar altyd meer en meer is om te verstaan uit 'n bepaalde gedeelte nie, maar na waninterpretasies. Wanneer ek as't ware in die put van die Woord grawe, bly ek grawe agter die waterspoor wat God gestel het, ek gaan nie op sypaadjië wat later droog word nie.
Die baie belangrike vir ons is om te onthou dat daar ten diepste net één leerstellige waarheid in die Woord van God is. Hierdie feit is tog duidelik uit onder andere 2 Tim.

3:16 "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid" Die waarheid van die Skrif lei, " , tot: "weerlegging,

tot teregwyding, tot onderwysing” in hierdie een waarheid: “in die geregtigheid,” nie geregtighede nie. Een waarheid met moontlik baie implikasies en verskillende toepassings op my lewe, maar nie verskillende waarhede nie! Dit is tog duidelik dat God nie die leer van die bekeringsdoop en van die kinderdoop of verbondsbelofte albei kon bedoel nie! Dan sou God self die verdeler van Sy huishouding wees! Daarom kan daar nie verskillende vertolkings daarvan wees nie. Dink net aan die ontsaglike verdeling wat hierdie saak die liggaam van Christus oor die wêreld in die algemeen en in die besonder binne die Geloftevolk aangedoen het! Aangesien ons menslike natuur deur die sonde beplek en deurdring is (Gen.3;Rom 5:12,18,19; Ps.51:7), is ons vermoë om die Skrif te verstaan aangetas. Slegs deur die verligting van die Heilige Gees, is verstaan moontlik.

In enige dokument waar dit oor ‘n bepaalde waarheid gaan en ek sou minder of meer as daárdie waarheid verstaan, my verstaan bevestig deur dit as dié waarheid van die dokument verkondig, neem ek tog in wese óf van die betekenis van die saak weg óf ek voeg by. Om standpunt in te neem oor ‘n bepaalde saak en ek het van die betekenis tot die saak bygevoeg of weggeneem, het ek tog die saak in sy wese verander. My interpretasie van die teks of saak, hou dus in wese ‘n byvoeging of weglating daarvan in, omdat ek as te ware ín lees of uit haal. Verkeerde verstaan van die waarheid van die Skrif, kom ten diepste weer neer op ‘n oortreding van die opdrag in Deut.4: 2 en Op.22:18.

Wanneer die kerkhervormers die Protestantse leer van **sola scriptura** daarstel, met die betekenis: “...teaches that the Bible (the 66 books of the Old and New Testaments) is the divinely inspired word of God and therefore infallible and absolutely authoritative in all matters of faith and life” (Schwertley, 5), bevestig dit dat dit nie net oor teks gaan nie, maar ook betekenis, omdat, om dit in die lewe uit te leef, die interpretasie daarvan aandui.

Enersdenkendheid dus noodsaaklik

Hierdie feit onderstreep die noodsaak daarvan om saam te worstel met die Skrif om by die regte verstaan uit te kom! As hierdie saam soek ons by verskille uitbring, moet daar nog gesoek word en van ander metodes gebruik gemaak word, maar daar mag nie berus word in die feit dat daar verskille in die Woord is nie. Die régte verstaan móét gevind en bepaal word.

Hierdie versugting om saam by die één waarheid van die Skrif te kom, wil as ‘n versugting gestel word omdat daar begrip is vir die menslikheid en liefde vir die naaste, maar is meer as ‘n versugting, dit is ‘n opdrag, ‘n voldonge feit waartoe God roep!

Hoewel hierdie saak, soos elders genoem, ook vir die breë Christendom noodsaaklik is, soveel te meer vir ‘n volk wat per Gelofte aan God beloof het dat hulle vir Hom ‘n Godsvolk/huis sal wees.

Die klaaglike gevolge

Verskillende interpretasies, wat nie gedebatteer word tot ‘n gemeenskaplike verstaan nie, word verskille wat verdeel. Wanneer Christus in Matteus 12 die Fariseërs, wat Hom verdink dat Hy van die duiwel sou wees daarop wys dat ‘n huis nie in homself verdeel kan wees nie, dan geld dit tog ook vir die Koninkryk van God en sy gemeente? Henry lê in sy kommentaar oor Matteus dié gedeelte soos volg uit: “(1.) Here is a known rule laid down, that in all societies a common ruin is the consequence of mutual quarrels: Every kingdom divided against itself is brought to desolation; and every family too: For what family is so strong, what community so firm, as not to be overturned by enmity and dissension?” Dan sê hy verder: “... Divisions commonly end in desolations; if we clash, we break; if we divide one from another, we become an easy prey to a

common enemy; much more if we bite and devour one another, shall we be consumed one of another, Gal_5:15. Churches and nations have known this by sad experience.” (Henry. E-Sword Bibleprogram) Is dit nie ook presies waarteen Paulus die Galasiërs waarsku nie? Gal. 1:6 “Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na ‘n ander evangelie toe, **7** terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai.”

Eiesinnigheid

Eiesinnigheid is so dikwels, of sou dit meestal wees, ons struikeling tot hierdie gebrek aan eensgesindheid. Wanneer ek in ‘n bepaalde tradisie grootgeword het, of deur ‘n proses in my lewe tot ‘n bepaalde verstaan van die Woord gekom het, my daartoe verbind het, is ons nie meer geneig om na ander te luister nie. Paul McKenna skryf in sy boek: “Change your life in 7 days” hoe die selfbewussyn/selfbeeld van die Amerikaanse soldate wat deur die Chinese gevange gehou was, verander is sodat hulle hul eie land later veroordeel het. Let wel dat geen marteling ter sprake was nie! Hy beskryf (McKenna 28 en 29) die suksesvolle verloop van die proses deur die soldate te “herprogrammeer”! Daar is eers net vir hulle, onder die regte omstandighede gesê: dit lyk vir ons julle owerheid het julle vergeet / julle is nie belangrik vir hulle nie. Hulle kon nie antwoord nie. Heelwat later, nadat hierdie opmerking meermale herhaal is, is hulle gelei dat hulle bevestigend daarop moes reageer en nog later om dit wat hulle reeds verbaal bevestig het, vir die media te sê. Daarmee was die koeël deur die kerk en het hulle onomkeerbaar gedraai teen hulle geboorteland. Van daardie tydstep af moes hulle hul eie gestelde standpunt verdedig.

Het die massa Christene nie maar by hulle ingenome standpunt deur so ‘n weg gekom nie? Hoe dit ookal sy, as ek nie bereid is om my eie standpunt te ondersoek en dalk prys te gee vir die waarheid nie, dui dit tog op eiesinnigheid waaroor die Skrif in 1 Sam. 15:23 sê: “Want wederstrewigheid is ‘n sonde van waarsêery, en **eiesinnigheid is afgodery en beelddiens**” (eie beklemtoning). Geldenhuys skryf: “waarsêery: Deut.18:10 Die waarsêer word in die plek van God gestel. By wederstrewigheid neem die mens ook die plek van God in omdat hy meen hy weet beter. By eiesinnigheid dink die mens meer van sy eie gedagtes as van dié van God. Hy aanbid homself – en dit is afgodery.” (Geldenhuys Deel 1 588)

Die absolute noodsaak vir die déúrdring tot die ware bedoeling kan dus nie oorbeklemtoon word nie. Om YHWH dus anders te dien as wat Hy Homself openbaar, sê Hy, is afgodery. Jy dien ‘n god wat jyself, god noem, maar is in wese ‘n ander god met al die implikasies wat daarmee saamgaan.

Dit sou ook nie tot verskoning kon dien om te sê dat jou bedoelings goed was nie. YHWH veroordeel goeie bedoelings wat nie sy opdrag is nie, net soos enige ander sondige optrede. Hy eis gehoorsaamheid, nie goeie bedoelings wat self uitgedink is nie. In Lev. 10: 1:2 waar die Here Nadab en Abihu met vuur verdelg omdat hulle hul eie uitgedinkte diens wou bring en nie gehoorsaam was aan wat YHWH sê nie. Die Bybel met verklarende aantekeninge toon dat daar ‘n wye verskeidenheid van opinies was wat eintlik hulle sonde was, maar op die ouend kom alles daarop neer dat hulle nie in gehoorsaamheid volgens YHWH se voorskrifte gewerk het nie (Geldenhuys Deel 1 230)

Die leiding van die Heilige Gees.

Baie van die verskille wat tussen gelowiges en denominasies bestaan, wil regverdig word deur die aanspraak dat die Heilige Gees (HG) se leiding die betrokke gelowige of denominasie daartoe gelei het. Dit is tog nie moontlik dat die HG twee gelowiges of groepe tot verskillende betekenis sal lei nie! Dan sou die HG juis doen wat Christus in Matt. 12 vir die Fariseërs sê, nié kan gebeur nie, nl. Sy eie huis verdeel!

Hierdie verskynsel en oorsaak van verdeeldheid wil dus baie bepaald uitwys dat dit nié God se wil kan wees nie en daarom nie tot Sy eer is nie!

Om dus 'n stelling te maak, 'n sogenaamde waarheid te verkondig wat nie is wat die Woord bedoel nie en te eis dat dit die leiding van die HG sou wees wat my daarby gebring het, sou dus sonde wees. 'n Oortreding van die derde gebod.

Gevolgtrekking

Om dus as 'n vólk, deel van YHWH se volk te wees, om vir Hom 'n Godshuis/volk te wees, móét ons, behalwe vir 'n vroom lewe, óók tot 'n eendragtige verstaan en uitlewing van die Woord kom.

4.2 Hoeveel het hierdie geloofsverdeeldheid te doen met die algemene verval in gehoorsaamheid?

Is geloofsverdeeldheid 'n teken van verval in geloofsgehoorsaamheid? Indien wel, wat is die uitwerking daarvan op die geloofsgemeenskap?

Een van die heel eerste opmerkings wat geopper word wanneer in gesprekke oor geloofsverdeeldheid gepraat word is: Die Heilige Gees het my so gelei. Daarmee, so wil dit op die oog af lyk, is debat oor die interpretasie kortgeknip. Net een bladsy terug, is reeds aangetoon dat daar tog nie verskil in leiding van die Gees kan wees nie omdat dit die huis van YHWH sal verdeel, presies wat ons tans het, maar dit kan tog nie die werk van die Gees wees nie! Daar moet dus 'n ander verklaring daarvoor kom.

In 1 Samuel 15 waar die YHWH Saul stuur om die Amalekiete uit te wis en met die ban te vernietig, kom Saul terug met die koning as gevangene en die beste van die skape en vee. Saul se argument is: dat hy wel die opdrag van YHWH uitvoer. Hy het nou wel die koning en die beste van die vee en kleinvee saamgebring, maar hulle gaan sterf, met die ban getref word wanneer hy hulle offer. Dan antwoord Samuel in vers 22: “ ... Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers **soos in gehoorsaamheid** aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme.” (eie beklemtoning) Saul het gedink hy doen goed, sy plan sal uiteindelik alles doen wat YHWH gevra het, net met 'n bietjie van 'n verandering, wat tóg, so redeneer hy, tot eer van YHWH sal wees! YHWH beskou dit egter as ongehoorsaamheid, Hy stel nie belang in Saul se offers en goeie idees nie, maar aan gehoorsaamheid om gedien te word presies soos Hysélf voorgeskryf het.

Paulus skryf aan die Galasiërs en vermaan hulle omdat hulle so gou afvallig geword het tot 'n ander evangelie, terwyl, so sê hy in 1:7 “...daar geen ander is nie”. Geldenhuys (deel 3.: 529) skryf in sy aantekeninge oor die brief, die heel eerste punt wat hy maak: “Die suiwer verkondiging van die **enige juiste** evangelie...” (eie beklemtoning). Wat van hierdie enige juiste evangelie verskil, word as afvallig en dus ongehoorsaam aan die bedoeling van die Woord beskou.

Om by 'n ander uitvoering van die Skrif te kom as wat werklik bedoel word, is dus beide in die OT en NT uit die Skrif sélf getoon as ongehoorsaamheid aan die Skrif. Wanneer ons nou, vanuit hierdie perspektief na die totale interpretasie verdeeldheid en die gevolglike geloofsverdeeldheid in die Geloftevolk kyk, kry dit nuwe perspektief. 'n Perspektief wat die Vader **nié wil sien nie!** Hierdie perspektief vernietig grootliks die perspektief wat deur die Gelofte daar gestel is, naamlik dat daar, as vólk geleef sal word volgens die verbond: Ek sal vir julle 'n God wees en julle sal vir My 'n volk

wees. In die NT beteken dit dat hierdie volk as 'n onderdeel van YHWH se volk wat oor die wêreld en oor tye saamgestel is uit alle gelowiges (Gal. 3:7) sal leef. Nie net as individue nie, maar ook as volk.

Hierdie geloofsverdeeldheid kan dus as 'n dubbele ongehoorsaamheid gestel word. YHWH verwag dit in elk geval van Sy kinders om aan Hom gehoorsaam te wees en Sy Woord uit te leef soos Hysélf dit wil. Nou kom die feit dat daar 'n gelofte gedoen is, en dié Gelofte later bevêstig is deur nog 'n onderneming, teenoor mekaar, met God as getuie (Paardekraal) waarvolgens die nageslag eintlik 'n soort monument van gehoorsaamheid aan God, ten aanskoue van die wêreld sal wees, nog daarby! As die voorbeeld wat vroeër genoem is, hoe God Salomo se ryk verdeel het oor sy ongehoorsaamheid, kan die verdeeldheid en verwardheid van die Geloftevolk nie anders verstaan word as dat ook dit van God af kom nie. God is besig om hiêrdie volk te beproef en te sif tot terugkeer na Hom.

Dit is duidelik dat die Geloftevolk hom van hierdie sondige geloofsverdeeldheid, gebore uit hul ongehoorsaamheid, hulle eers sal moet bekeer voor God.

Wat is die gevolge van hierdie ongehoorsaamheid op die geloofsgemeenskap?

Hierdie skynbare magteloosheid van die geloofsgemeenskap in die algemeen, maar van die opsieners wat deur die Christus geroep is in die besonder om die volk by 'n eenheid in verstaan en uitlewing daarvan te bring, maak dat daar 'n passiewe toekyk is terwyl die geloofsvolk in die algemeen, maar in die besonder die Geloftevolk wat formeel per gelofte belooft het om 'n monument van Sy krag en beskikking te wees, eintlik tot bespotting kom voor die verskillende afgodsdienste van die wêreld.

Die Woord het 'n baie strenge en effektiewe voorskrif oor die voorkoming van juis dít. Die Woord leer dat ons mekaar moet vermaan en tugtig indien nodig. Matt. 18:15-18; 1 Kor. 5; 2 Tes. 3: 6 & 14; Titus 3: 10 en talle ander plekke in die Woord waar YHWH sy kinders opdra om die verkeerde onder hulle uit te suiwer en hou Hy die opsieners verantwoordelik om toe te sien dat dit gebeur! Indien die opsieners nalaat, kom sy toorn oor die hele volk/gemeente. Dink in dié verband aan die 36 onskuldige manne wat sterf as Agan die bangoed in Jerigo neem (Josua 7) en drie jaar droogte wat in Dawid se tyd kom oor sonde wat Saul teen die Gibeoniete begaan het. (2 Sam. 21) Die hele land ly droogte omdat Saul en sy huis (vers 1) probeer het om die Gibeoniete om te bring. Dink aan die waarskuwing wat in 1 Kor.11:34 is. Daar waarsku die Vader dat Hy vir die gemeente toornig word as die opsieners nie toesien dat die sakrament van die nagmaal reg geskied nie!

Die oomblik toe die Geloftevolk, vanweë ongehoorsaamheid verdeeld raak in die geloof, is die gesag wat die kerklike opsieners gehad het verbreek en nou kan elkeen as't ware vrye teuels gee aan eiesinnigheid en ongehoorsaamheid. Op sy beurt lei dit tot algehele ongehoorsaamheid aan die Woord.

Oor die tug van die Woord as sódanig en die rol wat YHWH daaraan gee, later meer. Hier wil die uitwerking van ongehoorsaamheid op die eenheid van die geloofsgemeenskap énersyds en die verskeurdheid van die geloofsgemeenskap op gehoorsaamheid andersyds getoon word.

Wanneer daar eenheid oor die vertolking van die Woord is, dan is daar nie net binne gemeenteverband eenheid van geloof nie, maar ook oor gemeentegrense heen. Wanneer ons as geloofsgemeenskap die woord dieselfde verstaan en dus ook saam verstaan dat ons mekaar se hoeders is, soos in die Skrifgedeeltes hierbo oor die tug verwys is, geld dit tog ook óór gemeentegrense heen omdat ook die ander gemeente nou in waarheid my broer of suster is en ons 'n wedersydse aanspreeklikheid teenoor mekaar het. Ons moet mekaar aanspreek sodat ons lewens,

ook dié van die saamgebinde Gelooftevolk, ons dankbaarheid jeens ons verlossing in Y'shua Christus toon!

Wanneer die huishouding verdeel is in homself, soos tans die geval, het ons 'n juiste voorbeeld van die waarheid wat ons God Y'shua Christus in Mattheüs 12 sê: hy kan nie bly staan nie. Ons hét nie bly staan nie, maar gevál!

Hand. 20:28 “Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waarom die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het. 29 Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie.” Die realiteit wat waargeneem word onder die Gelooftevolk wat huis/gemeente moet wees, is dat die wrede wolwe inderdaad nie gespaar het nie! Dit bring ons by die volgende vraag, wat eintlik retories is: waar laat dit die aangestelde opsieners, voor die opdrag van God wat Hy in Hand.20:28 gee? (wat aangestel was toe die wolwe onder hul oë begin werk het, tot vandag waar hulle onder vandag se opsieners hul oorwinnig vier) Die kudde is totaal verskeur!

4.3 Volgens watter vertolking móét die Gelooftevolk dan die Woord verstaan?

In die antwoord van hierdie vraag moet ons nie op die menslike evaluering steun nie, maar kyk hoe die YHWH beoordeel. Daarvoor, en om die absolute noodsaak daarvan te bevestig, nog enkele Bybel voorbeelde om aan te toon dat YHWH Sy opsieners verantwoordelik hou vir vermaning en tug sodat Sy huis juis nié verdeeld raak nie.

Die **eerste** voorbeeld wat ons aandag vra, vind ons in Josua 7. Agan steel van die bangoed, dan straf God die volk as hulle teen Ai optrek, op die vlug moet slaan en ses en dertig man, wat niks met die diefstal te doen gehad het nie, sterf. Wanneer Josua en die oudstes (opsieners) hulle klere skeur, met gesigte op die grond val en stof op hul hoofde gooi oor dié verloop, antwoord YHWH hom deur te sê hulle moet opstaan: “ ...; waarom tog lê jy op jou aangesig?”. (Jos.7:10) YHWH neem hom en die oudstes kwalik, hou hulle verantwoordelik vir die diefstal van Agan, hulle het nie goed genoeg toesig gehou dat YHWH se voorskrifte na behore uitgevoer word nie. Daarom straf Hy nou die volk. Hulle het 'n onderlinge verantwoordelikheid teenoor mekaar om toe te sien dat die opdragte van YHWH noukeurig uitgevoer word.

Om dit reg te maak, moet hulle die ban onder hulle uit verwyder. “Staan op! Heilig die volk en sê: Heilig julleself teen môre; want so sê die HERE, die God van Israel: Daar is 'n ban in jou midde, Israel! Jy sal nie kan standhou voor jou vyande totdat julle die ban onder julle uit verwyder het nie.” YHWH verwag van die opsieners om tug toe te pas op die volk/gemeente. Van der Waal verwys daarna as: “En tereg het die kerk in hierdie gebeure 'n aansporing gesien om ook vandag die tug in die kerk te handhaaf.” (161)

'n Tweede voorbeeld van die verantwoordelikheid wat op die skouers van die opsieners lê, vind ons by die gebeure van 2 Sam. 6. Dawid laat die ark haal, die osse struikel en Ussa steek sy hande uit en hou die ark vas om te verhoed dat die ark val. Dan tref die YHWH hom met die dood. Henry skryf dat te midde van 'n sestal redes, Dawid self vir die sonde en dus die dood van Ussa daar verantwoordelikheid neem in 1Kron. 15:13. 'n Verdere rede vir hierdie optrede van God noem Henry dat God daarmee aantoon hoe noukeurig Hy sy volk by 'n gelofte hou. (E-Sword Bibleprogram)

Hierdie twee voorbeelde vestig ons aandag in die breë op die verantwoordelikheid wat die opsieners (deur YHWH daartoe geroep), het met betrekking tot Sy volk. Hulle moet in gehoorsaamheid geleë word sodat hulle as eenheid tot Sy eer sal lewe!

In Josua 22 het ons 'n nog meer toepaslike voorbeeld op die verdeeldheid en verskille in aanbidding binne die volk van YHWH.

Die stamme van Ruben, Gad en die halwe stam van Manasse, neem hulle grond aan die weste kant van die Jordaan in besit. Hulle bou 'n altaar by die Jordaan (v10). Die nege en 'n halwe stam wat aan die ooste kant van die Jordaan was, neem hulle verantwoordelikheid op om toe te sien dat hulle broers op die regte pad bly en dat die volk nie verdeeld raak nie. Hulle stuur 'n afvaardiging om hulle broers te vermaan en indien nodig te stráf oor die troubreuk wat hulle broers, volgens hulle insig, teen YHWH begaan het.

Hulle veroordeel hulle broers in v16 met die woorde: “ ... dat julle vandag van die HERE afvallig word deur vir julle 'n altaar te bou, deur vandag teen die HERE in opstand te kom?” Die twee en 'n halwe stam het nie 'n altaar vir 'n vreemde God gebou nie, maar vir YHWH. Volgens die nege en 'n halwe stam sou dit 'n afvalligheid wees aan YHWH omdat die brandoffers en spysoffers in Jerusalem by die tempel moet gebeur. Vers 19: “ As die land van julle besitting egter onrein is, trek dan oor na die eie land van die HERE waar die tabernakel van die HERE gevestig is, en verkry onder ons vaste besittings; maar kom nie teen die HERE in opstand nie, en moenie teen ons opstandig wees deur vir julle 'n altaar te bou naas die altaar van die HERE onse God nie.” (eie beklemtoning) Hulle broers kan nie van die voorskrifte afwyk en die aanbidding na eie goeddunke aanpas nie. Dit sou ook verdéeldheid in die volk bring en herinner hulle hul broers aan die beginsel van tug oor die volk wat hulle daar met die inval teen Ai en die sonde van Agan geleer het: “ het daar nie 'n toorn oor die hele vergadering van Israel gekom nie? En hy self het nie alleen weens sy ongeregtigheid omgekom nie.”

In hierdie geval kom geen straf nie, want die twee en 'n halwe stam se verduideliking aan hulle broers dat dit eintlik 'n altaar van herinnering is wat net één doel het en dit is juis om die eenheid van geloof, ook vir die toekoms te bewaar, stel tevrede. Hier het die opsieners egter opgetree, hul verantwoordelikheid nagekom om straf oor die volk en 'n versplintering te voorkom.

In die Nuwe Testament word hierdie beginsel gehandhaaf. Ons lees in 1 Kor. 11:34 “ sodat julle nie tot 'n oordeel saamkom nie...” Hier handhaaf Paulus die beginsel van wedersydse verantwoordelikheid tot mekaar, en by implikasie meer spesifiek die ampte wat verantwoordelikheid moet neem om toe te sien dat alles korrek gebeur sodat die oordeel nie oor almal kom nie.

Daar kan dus geen twyfel wees oor die erns van die saak dat daar tot 'n eenheid, 'n gemeenskaplike verstaan en uitlewing van die geloof moet kom nie, baie bepaald en soveel te meer vir hulle wat per gelofte onderneem het om 'n Godsvolk/huishouding te wees.

In die beantwoording van die vraag oor wat is dan die korrekte verstaan waaraan YHWH ook sy kinders in die algemeen, maar die Geloftevolk in die besonder, gebonde hou, kan dit nie gaan oor die verdediging van 'n tradisionele standpunt nie, maar in 'n oprégte en éérlik soeke na die wáárheid.

Om hierdie rede wil hierdie studie nie die weg van 'n akademiese debat volg nie. Oor die kerkgeskiedenis heen, maar ook met betrekking tot hierdie volk en sy gelowiges, is oor die laaste dertig en meer jare, vele debatte oor die saak gevoer. Nodeloos om te sê, ons het niks daarmee bereik nie, om die waarheid te sê, daar is eerder wigte ingedryf tussen groepe. Hierdie verskillende sienings is tans so diep gewortel dat nog 'n verdere debat daarvoor geen positiewe bydrae tot die debat sal bring nie.

Daar moet nuut gedink word, maar nie buite die Woord om nie. Om hierdie onverkwiklike en sondige verdeeldheid te heel, is totále objektiwiteit nodig. Objektiwiteit wat geen mens het nie! Daarom moet buite onself gesoek word. Ons het nodig om soos Moses met YHWH self te kan praat en Sy antwoord hoor. Dit is al waarna, die wat 'n oor het om te hoor, sal luister. Dit is die enigste wyse waarop alle betrokke partye 'n sekerheid kan hê dat hierdie is die waarheid met YHWH se stempel daarop. In Númeri 12 vers 8 lees ons dat YHWH sê: met Moses het Hy mond tot mond gepraat. By Moses het dit egter gestop. YHWH het ons egter nie daarmee gelos sonder 'n wyse waardeur so 'n finale antwoord tóg gegee kan word nie.

YHWH wys Josua aan as Moses se opvolger. In Númeri 27:21 gee Hy self die wyse aan waarop Josua met Hom moet kommunikeer. “En hy moet voor die priester Eleásar staan, dat dié vir hom die beslissing van die Urim kan vra voor die aangesig van die HERE; volgens sy uitspraak moet hulle uittrek en volgens sy uitspraak moet hulle intrek, hy en al die kinders van Israel saam met hom en die hele vergadering.”

Hierdie weg bestaan steeds. Die apostels gebruik dit wanneer hulle in Handeling 1:23-26 YHWH vra om 'n apostel in Judas Iskariot se plek aan te wys. Hulle werp die lot. Op hierdie punt wil die studie nêr die weg aantoon waarlangs objektiwiteit bereik kan word en só vir elkeen wat wil hoor die weg aanwys om uit hierdie sonde uit te kom.

In Spreuke 16:33 lees ons: “In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die HERE.” Oor die verklaring hoekom die Woord dit sê, kan later gehandel word, maar hier is die belangrike dat dit as voldónge feit gestel word: elke beslissing kom van God. Dit is presies waarna gesoek word. Verder sê dieselfde Spreukeboek, in hoofstuk 18:18 “Die lot laat die geskille ophou en maak sterkes uitmekaar.” Is dit dan nie presies waarna ons opsoek is nie?! Ons vra YHWH om ons sieklike gestry en eindelose debatte op te hef, vir ons die antwoord te gee sodat die geskille tussen ons ontklee kan word en ons, ons kan beklee met 'n geloofsamelewing wat tot Sy eer is. Dit mag nie meer gaan oor die beskerming van 'n tradisie of enige ander persoonlike belang nie, daar moet nou by waarheid gekom word en daarby gehou word!

4.4 Watter keuse het die nageslag van hierdie volk daarin of die Geloofte op hulle bindend is, al dan nie? In die laaste jare word daar toenemend deur blanke Afrikaanssprekende mense wat reeds geslagte lank in die land woonagtig is, die uitspraak gemaak dat die Geloofte nié bindend op hulle is nie. Hulle argumenteer dat hul voorouers nie die reg gehad het om namens hulle so 'n Geloofte aan die Here te maak nie. Hierdie uitgangpunt het uiteraard nie net 'n effek op die herdenking van die dag nie, maar veral op die aandrag dat daar van Geloftedag tot Geloftedag uitlewing, aan veral ook die inhoud daarvan, hierdie Geloofte gegee moet word.

Die vraag wat beantwoord moet word is: Wie beskou Gód, as gebind tot die Geloofte? Dit sou niks minder as blatante ongehoorsaamheid aan die Hom wees as Hý my gebonde ag, maar ek myself daarvan distansiëer nie.

Is dit verder moontlik vir iemand wat duidelik buite hierdie verband gestaan het ten tye van die aflegging, om later homself of haarself onder hierdie Geloofte te stel en so deel van hierdie volk/geloofgemeenskap te word?

Die binding van 'n gelofte

Die eerste logiese stap om bogenoemde vrae te antwoord is om eerstens na die bindingsmag/aard van geloftes in die algemeen te kyk. Uit die onderstaande Skrifgedeeltes is die noodsaak dat 'n gelofte wat gemaak is, betaal móét word duidelik: Ps. 50:14 “ Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste”; Ps. 56:12 “Op my, o God, rus geloftes aan U gedoen; looffers sal ek U betaal”; Ps. 76:11 “ Doen geloftes en betaal dié aan die HERE julle God!”

Hierdie opdrag dat 'n gelofte betaal moet word kan ook nie onklaar gemaak word omdat iemand 'n gelofte onnadenkend gemaak het nie. Wanneer die gelofte gemaak is, is hy gemaak. Spr. 20:25 “ Dit is vir die mens 'n strik dat hy onbedagsaam sê: Heilig! Om dan eers ná die geloftes te oorweeg”. Die 1933/53 Bybel met verklarende aantekeninge sê hieroor: “heilig: d.w.s. aan die Here gewy. 'n Ernstige waarskuwing teen die onbedagsame uitspraak van geloftes. Die oorweging moet **vóór** die tyd plaasvind.” (Geldenhuis Deel II 1389)(eie beklemtoning) As die gelofte gemaak is, is hy gemaak en staan hy dus vas, hy moet betaal word.

Daar kan dus oor die betaal van 'n gelofte geen twyfel wees nie. Hy moet betaal word. As geredeneer wil word dat hierdie waarheid in die NT verval het, sal dit na die studie se mening as moedswillige verdraaiing van die Skrif gesien kon word. Nietemin word hierdie waarheid ook by implikasie in Handelingte beantwoord: 21:23 “Doen dan wat ons vir u sê. Ons het vier manne wat 'n gelofte gedoen het; 24 neem hulle en heilig u saam met hulle en betaal die koste vir hulle,”

Het die geïmpliseerde in 'n gelofte 'n keuse?

Wanneer daar geargumenteer word dat die voorgeslagte, beide in die gevalle van die Gelofte van Jan van Riebeeck en dié Gelofte van Bloedrivier, dat Jan van Riebeeck en Andries Pretorius nie die reg gehad het om die nageslag te bind aan 'n saak waarin hulle geen keuse het nie, is dit by implikasie 'n aantuiging teen die leiers dat hulle onnadenkend opgetree het.

Of dit onnadenkend van hulle was, al dan nie, val nie in die bestek van hierdie studie nie, maar wil bloot met die gevolge of implikasies daarvan handel. So ook met die argument dat die Gelofte net bindend kan wees op diégene wat genalologies aan 'n bepaalde gelofte gekoppel is. Selfs al sou genalologies geredeneer word dat my familie nie afstam uit een van die families wat teenwoordig was tydens die Bloedriviergelofte nie, moet Paardekraal duidelik óók in gedagte gehou word. By Paardekraal, waar agt tot tien duisend volksgenote saamgetrek was (Muller 278), het hulle hul dáár met die Gelofte verbind. Om hiervan as't ware genalologies van hierdie groot getal los te kom, sal nie so maklik wees nie.!

Hierdie studie wil aantoon 1. Of die geloftes in die algemeen bindend is? Hierdie vraag is reeds hierbo beantwoord. 2. Of die nageslag, wie hulle ookal is, daardeur gebind is, ongeag die omstandighede waarin die Geloftes afgelê is.

Ons lees in die boek Rigters van die Rigter Jefta. Jefta het 'n onnadenkende gelofte aan die Here gemaak. Sô sê selfs die opskrif tot die gedeelte by Rigters 11 “onversigtige gelofte”. Rig. 11:30: “ En Jefta het aan die HERE 'n gelofte gedoen en gesê: As U werklik die kinders van Ammon in my hand gee, 31 dan sal wat uitkom, wat uit die deure van my huis uitkom my tegemoet, as ek in vrede terugkom van die kinders van Ammon, aan die HERE behoort, en ek sal dit as 'n brandoffer bring.” Die YHWH gee toe die kinders van Ammon in sy hand. Dan lees ons in verse 34 en 35 verder: “34 En toe Jefta in Mispa by sy huis kom, gaan sy dogter juis uit hom tegemoet met tamboeryne en koordanse; en sy was die enigste kind: hy het geen seun of dogter buiten haar gehad nie. 35 En net

toe hy haar sien, skeur hy sy klere en sê: Ag, my dogter, jy druk my heeltemal neer, en jy stort my in die ongeluk! Want ek het my mond geopen teenoor die HERE, en ek kan nie terugtrek nie. “ (eie beklemtoning) Aan die einde van die verhaal lees ons hoe hy die gelofte moes betaal!

Jefta se dogter het duidelik géén inspraak in hierdie saak gehad nie! Wat opvallend is, is juis haar gehoorsaamheid, haar totale oorgawe aan die saak van Jefta en die YHWH. Sy antwoord in vers 36: “.....: My vader, as u u mond geopen het teenoor die HERE, maak met my soos uit u mond uitgegaan het nadat die HERE u volkome wraak verskaf het op u vyande, op die kinders van Ammon.” Sy, as geïmpliseerde het haar neergelê by die saak waarin haar léwe was, sy het verstaan dat ‘n woord wat aan YHWH gegee was nie deur haar geïgnoreer kón word nie.

In Númeri 30 word die hele hoofstuk gewy aan wanneer mag ‘n gelofte ongedaan gemaak word, al dan nie. Kortliks kom dit daarop neer dat ‘n meisie wat steeds in haar vader se huis is, dus steeds onder sý gesag, se gelofte/s deur haar vader óf bevestig óf ongedaan gemaak kan word. So ook met ‘n man ten opsigte van sy vrou. As, in beide gevalle, die man of die vader, die dag wanneer hy van die vrou of dogter se gelofte/s hoor dit ongedaan maak, dan is dit ongedaan, as hy egter swyg, niks doen nie, bevestig hy daarmee haar gelofte/s. Vers 12 stel dit klinkklaar: “Maar as haar man die dinge uitdruklik tot niet maak op die dag dat hy daarvan hoor, sal niks van alles wat uit haar lippe uitgegaan het, van haar geloftes of van die verbintenis tot onthouding, van krag wees nie; haar man het dit tot niet gemaak, en die HERE sal haar dit vergewe.” Die verantwoordelikheid van die Gelofte gaan oor op die gesagdraer, die vader. Vers 15 sê: “Maar as hy dit uitdruklik tot niet maak nadat hy al daarvan gehoor het, dan dra hy haar ongeregtigheid.”

Dit is dus duidelik dat wanneer ‘n gelofte aan God gemaak is, God die maker van die gelofte sowel as wie ookal daardeur geïmpliseer word, verantwoordelik hou vir die uitvoering daarvan. Anders gestel: mense wat hulleself losmaak van ‘n gelofte sal moet weet dat ál wat op die oueinde saak maak, nie is of die persoon hom/haarself gebind ag nie, maar wie God gebind ag!

Hoe sterk hierdie verantwoordelikheid is, word ook duidelik uit die volgende voorbeeld uit die Woord. In 2 Samuel 21 lees ons van die drie jaar hongersnood wat oor Israel gekom het onder die Koningskap van Dawid. 2 Sam. 21:1: “En toe daar in die dae van Dawid ‘n hongersnood was, drie jaar lank, jaar ná jaar, het Dawid die aangesig van die HERE gesoek; en die HERE het gesê: Vanweë Saul en vanweë sy huis waarop bloedskuld rus, omdat hy die Gibeoniete omgebring het.”

Aanspreeklikheid voor die Vader verjaar nie! Maak nie saak hoe lank gelede ‘n saak voor die aangesig van God gestel was nie, een of ander tyd gaan Hy dit tot orde roep. Hoewel dit moeilik is om hierdie gedeelte te dateer, is dit duidelik dat dit gebeur het nadat Dawid reeds lank koning was. Dawid self was nie aandadig in die oortreding van die saak nie. Die YHWH laat Saul se koningskap en sy lewe eers verbygaan, dan roep Hy hierdie saak tot orde onder Dawid.

Verder moet gemeld word dat hierdie nie eers ‘n gelofte aan die YHWH was nie maar ‘n onderlinge verbond tussen twee volke waarin YHWH tot getuie geroep is deur die eed wat Josua en die owerstes van die volk afgelê het (soos Paardekraal): “En Josua het met hulle vrede gemaak en met hulle ‘n verbond gesluit, dat hy hulle sou laat lewe; en die owerstes van die vergadering het hulle dit met ‘n eed beloof.” Hoeveel te meer, kan geredeneer word, wanneer dit ‘n verbond/gelofte met YHWH sêlf gesluit is! Verder moet gelet word op die feit dat God hier wêér die héle volk straf met droogte omdat daar nie tug was toe die hele volk waargeneem het wat Saul doen nie, maar dit oogluikend toegelaat het. (Geldenhuis 673)

Die gevolgtrekking hieruit is klinkklaar. God eis rekenskap van die opstellers van ‘n gelofte en selfs

van opvolgers of nageslag, wat in vandag se terme sal wil redeneer dat hulle nie aandadig was nie! 'n Gelofte moet betaal word ongeag die verloop van tyd! God, in Sy soewereiniteit besluit sêlf wie hy aanspreeklik hou, nie die mens nie!

Kan mense vrywillig aansluit by die verantwoordelikes van 'n gelofte al was hulle duidelik nie voorheen deel van die saak nie?

Hierdie saak word breedvoering in die Woord beskryf onder die term “vreemdelinge wat by julle vertoef”. Dit is duidelik dat, wanneer vreemdelinge onder die volk Israel wou kom woon, hulle enersyds deur die volk aanvaar moes word en andersyds **dieselfde verantwoordelikhede op hulle geneem het. Lev. 19:34 “Die vreemdeling wat by julle vertoef, moet vir julle wees soos 'n kind van die land wat onder julle is. En jy moet hom liefhê soos jouself, want julle was vreemdelinge in Egipteland. Ek is die HERE julle God.”** Nog sterker word dit gestel in **Lev. 22:18 “Spreek met Aäron en sy seuns en met al die kinders van Israel en sê vir hulle: Enigeen uit die huis van Israel of uit die vreemdelinge in Israel wat sy offer bring volgens al hulle geloftes en al hulle vrywillige offers wat hulle aan die HERE as brandoffer bring. 19 moet dit so bring, dat julle welgevalle vind: 'n dier van die manlike geslag sonder gebrek, van die beeste, die lammers of die bokke”** (eie beklemtoning)

Daar is wel ook duidelike aanduidings dat hulle nie altyd dieselfde voorregte as die volk in die Ou Testament (OT) gehad het nie. Deut. 14:21 “Julle mag geen aas eet nie; vir die vreemdeling wat in jou poorte is, kan jy dit gee, dat hy dit eet, of jy kan dit aan 'n uitlander verkoop; want jy is 'n heilige volk aan die HERE jou God. Jy mag die bokkie nie kook in sy moeder se melk nie.” In Deut. 23:20 “Die uitlander mag jy rente oplê, maar jou broer mag jy geen rente oplê nie, sodat die HERE jou God jou kan seën in alles waar jy jou hand aan slaan in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.”

In die Nuwe Testament word hierdie onderskeid egter opgehef deur die talle uitsprake wat daarop dui dat daar geen onderskeid is nie. Paulus skryf aan die Galasiërs “Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham.” (3:7) aan die Efesiërs: So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, (2:19). Petrus skryf aan die tradisionele vreemdelinge in tradisioneel vreemde lande: “Petrus, 'n apostel van Jesus Christus, aan die vreemdelinge van die verstrooiing in Pontus, Galásië, Kappadocië, Asië en Bithinië, 2 uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus: Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word! (1Pet 1:1&2). Ook Johannes skryf aan Gajus: 3 Joh. 1:5 “Geliefde, jy handel getrou in alles wat jy doen vir die broeders, en dit vir vreemdelinge, 6 wat van jou liefde voor die gemeente getuig het. Jy sal goed doen as jy hulle voorthelp op 'n voor God waardige wyse.

Duidelik is die reël. In die OT was dit toegelaat, maar in sekere sake is hulle uitgesluit omdat hulle nie deel van die geheiligde (aan God afgesonderde) volk was nie. In die NT is almal wat glo deur die bloed van Y'shua Christus geheilig en daarom verval die onderskeid. Die enigste voorwaarde wat dus staan in beide OT en NT vir iemand om van buite aan te sluit by 'n Godsaak, is die onvoorwaardelike aanvaarding van hulle geloof.

4.5 Hoe word hierdie volk by sodanige verstaan en aanbidding gehou, s nder dat daar opnuut verdeeldheid kom?

Inleiding.

Wanneer in die opskrif van “sodanige” gepraat word, moet dit ter wille van duidelikheid net saamgevat word uit die voorafgaande. Hierdie volk moet kom/teruggebring word by ‘n verstaan wat, **eerstens** die stempel dra van YHWH dat dit die suiwer en volledige leer van YHWH is. Dit moet die kenmerke van ware gemeente of kerk dra. **Tweedens** moet die volk daardeur tot ‘n geloofseenheid saamgevoeg word. Met saamgevoeg, word nie strukturele eenheid bedoel nie. Die eenheid van die kerk lê nie in die naam of kerkverband nie, maar in die wyse van aanbidding of belydenis. Hierdie eenheid word sigbaar by wyse van ekumene met die ander gemeentes wat dan dieselfde belydenis het en dit op so ‘n wyse dat oor en weer verantwoordelikheid vir die leer en lewe geneem word.

Die vraag wat in hierdie afdeling van die studie beantwoord moet word, is: op watter wyses gaan bogenoemde eenheid in leer en lewe gehandhaaf word, sodat, menslik gesproke die opsieners weet hulle het alles in hul vermo  gedoen het om te voorkom dat weer in die klaaglike huidige toestand verval word? Hierdie studie bevind die volgende punte as van wesensbelang.

4.5.1 Teokrasie en die rol wat dit hierin kan vervul.

Daar kan bykans nie bespreking oor hierdie saak plaasvind sonder ‘n definisie van die saak nie. Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal (HAT) gee hierdie definisie kort en kragtig: Regering deur God.

Hierdie studie wil nie handel oor teokrasie in die staat nie, maar in die kerk. Dus God se regering oor die kerk, Sy volk. By die aanvang van die studie wil die student dit reeds duidelik stel dat nie van die kerkregering afgewyk of verskil wil word soos dit in die Skrif en ook in artikel 30 van die NGB omskryf is nie. ‘n Volledige teokratiese bestuur is nie uitvoerbaar in omstandighede waar nie heeltyds met God gepraat kan word en Sy stem op watter wyse ookal gehoor kan word nie. Teokrasie soos dit hier gebruik wil word is by daardie punte wanneer die verantwoordelikes onseker is of nie weet nie, maar tog ‘n bepaalde optrede moet uitvoer. Wanneer daar verdeeldheid is en eenheid gesoek word in opregtheid. Wanneer dit nodig geag word omdat die mens nie in die hart kan sien nie en seker wil wees dat God se wil geskied. In hi rdie studie moet onderskei word tussen twee sake: wanneer God met Sy kinders, via Sy diensknegte praat en wanneer hulle met H m wil praat. Teen hierdie agtergrond is dit belangrik om verder in gedagte te hou dat daar in die OT geen geskrifte was nie, dit was nog besig om tot stand te kom. Daarom het God wanneer Hy met hulle wou spreek van verskillende maniere gebruik gemaak.

- In G n. waar ons lees dat God aan Adam en Eva verskyn en gepraat het,
- Ons weet dat God met Noag gepraat het. Hoe, word nie op uitgebrei nie.
- Met Sy uitverkorenes, van Abram af deur die tyd van die aardsvaders, wat toe eintlik nog net die huisgesin en nageslag van Abram was, deur met hulle te praat deur ‘n BoodsAPPER of Engel wat hy stuur.

Tussen die aardsvader geskiedenis en die uittog is daar ‘n ander belangrike onderskeiding wat raakgesien moet word. In Eks. 6 s  YHWH aan A ron: En Ek het aan Abraham, aan Isak en aan Jakob verskyn as God, die Almagtige, maar met my Naam YHWH het Ek My nie aan hulle bekend gemaak nie.

- Wanneer ons by Moses kom verander God (nou YHWH) sy manier om met die volk te praat. Hy verskyn eers aan Moses by die brandende bos in vuurvlamme, maar Hy praat self met Moses.

In Moses se tyd praat YHWH met Aäron (Num. 12:68) en sê vir hom: “Hoor tog my woorde. As julle profeet van die HERE is, sal Ek deur ‘n gesig My aan hom bekend maak, deur ‘n droom sal Ek met hom spreek. 7 So is dit nie met my kneg Moses nie: in my hele huis is hy getrou. 8 Mond tot mond spreek Ek met hom, en deur aanskouing en nie deur duister woorde nie; en hy sien die verskyning van die HERE.” Hiermee, soos YHWH dit self aan Aäron opsom, kan ons volstaan. Dit is hoe YHWH met sy volk gepraat het. So vind ons dit deur die hele OT.

Na Moses, wanneer die kneg met YHWH wil praat moes die weg wat YHWH in Num. 27:21 vir Josua aánwys, gevolg word: “En hy moet voor die priester Eleásar staan, dat dié vir hom die beslissing van die Urim kan vra voor die aangesig van die HERE; volgens sy uitspraak moet hulle uittrek en volgens sy uitspraak moet hulle intrek, hy en al die kinders van Israel saam met hom en die hele vergadering.” So sê YHWH dat Hy sy volk wil regeer en stuur. Ons lees nog van gesigte wat Hy sy profete laat sien het, maar wanneer die dienskneg die wil van God wou weet oor ‘n bepaalde saak, was die werp van die Lot (Urim) die weg.

Wanneer YHWH tot Sy kneg op een van hierdie wyses gesprek het en daar was twyfel, van watter aard ook al in die kneg se gemoed, is YHWH weer genader. Ons lees net van twee moontlikhede in die Skrif, óf deur ‘n bepaalde teken, waaroor die interpretasie van die uitslag, vóór die stel van die teken, dúidelik met YHWH uitgeklaar was. So sien ons by Gideon die Rigter met die velletjie. Gideon vra selfs twee maal vir God om sekerheid. Die ánder weg was met die lot wanneer na die hoëpriester gegaan is om uitsluitel by YHWH te kry. Albei hierdie weë het aan die kneg ‘n objektiewe antwoord gegee. Die algemene van die twee metodes was egter die lot. Volgens die konkordansie wat die studie raadpleeg, kom dit ‘n honderd en negentien keer voor.

YHWH behou dus vir Sy kinders, in die OT daardie finale objektiewe weg om by ‘n antwoord sonder twyfel te kom. In die NT het ons ‘n soortgelyke verskynsel. Christus kom self en vir drie jaar lei Hy sy apostels op. Hulle sien en hoor Hom. Hierdie saamleef met Hom en die onderrig wat hulle direk van Hom ontvang, moes hulle voorberei vir hulle werk wanneer Christus opgevaar het na die hemel.

Ná die hemelvaart, wanneer hulle ‘n apostel moet aanstel in die plek van Judas Iskariot, lees ons in Hand.1:24 tot 26: In vers 26 staan daar, nadat hulle in vers 24 gebid het: “Toe werp hulle die lot, en die lot het op Matthías geval; en hy is gekies om saam met die elf apostels te wees.” Nou is daar nie meer ‘n Hoëpriester op aarde nie, maar ons ewige Hoëpriester Y’shua Christus: Heb 4:14 “Terwyl ons dan ‘n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou.”

Die onderskeiding moet in die NT steeds gemaak word: Wanneer God met sy kinders praat en wanneer hulle met Hom wil praat. Daar moet duidelik kennis geneem word van die verskille met die OT. Nou bestaan daar réeds geskifte waardeur God met sy volgelingen praat, eers die perkamentrolle en later die gedrukte Woord. Steeds dus die beginsel van God spreek met Sy volgelingen deur sy Woord, maar wanneer hulle met Hom wil praat, gebruik die apostels die lot.

Daar kan met genoegsame sekerheid aanvaar word dat soos in die OT, wanneer God geraadpleeg is, ook in die NT, daar nie noodwendig geméld word dat dit deur middel van die lot plaasgevind het nie. Te midde van baie ander voorbeelde lees ons byvoorbeeld in 1 Kon. 22:5 “Verder het Jósafat aan die koning van Israel gesê: Raadpleeg tog eers die woord van die HERE.” In die NT lees ons in Hand. 16:6 “En hulle het deur die land Frigië en Galásië gegaan, omdat die Heilige Gees hulle verhinder

het om in Asië die woord te verkondig.” Daar is geen sekerheid oor hoe dit gebeur het nie, daarom ook niks om ons te verhoed om af te lei dat dit moontlik deur middel van die lot was nie. Duideliker gestel: die lot is die kernwyse waarop teokrasie tot stand kom.

Teokrasie het dus in Israel grootliks tot uiting gekom deur die gebruik van lot. Ou Israel was dan ook ‘n teokratiese staat, maar ook geloofsgemeenskap. Ons het behalwe ons bede nie beheer oor die owerheid wat die Gelooftevolk tans regeer nie, ons het beheer oor wat God ons voor die hand plaas en dit is ons geloofslawe. Die Jode kon volk bly waar hulle ook gegaan het, ook al was hulle staat in vreemde hande deur die geloofsband, in hulle geval die “Torá” wat hulle byeen gehou het. Die Gelooftevolk het behalwe die geloofsband, óók nog die Gelofte wat hulle nie ‘n keuse in die saak gee nie. Hierin is teokrasie wesensbelangrik.

4.5.1.1 Die wese van teokrasie

Hierbo is verwys daarna dat die lot aan die kern lê waarop teokrasie tot stand kom. Hierdie stelling is waar op grond van Spreuke 16: 33 “In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die HERE.” Dus, met die die lot,

spreek YHWH die woord!

Die logiese vraag wat hieruit volg is: Hoe is dit moontlik dat die val van ‘n voorwerp, die lot, in die OT die Urim, hier op aarde YHWH se woord kan spreek?

Ons lees in die Woord van God se Almag. Waarskynlik aanvaar almal YHWH se almag. Vraag is hoeveel word begryp wanneer daarvan gepraat word? Daar moet ook gestel word dat waarskynlik niemand die Almag van God ten volle kan verstaan nie omdat dit meer bevat as wat die mens se brein kan omvat. Maar Hy laat die mens genoeg daarvan verstaan om die waarhede wat Hy wil hê die gelowige moet begryp, verstaan.

Wanneer bely word dat God Almagtig is, dan beteken dit ook dat Hy mag het oor die wette van die natuur. Daardie wette wat volgens die mens se kennis só vasstaan en nie verander of gebuig kan word nie. God het dit daargestel en in ewigheid staan dit onder Sy beheer. Wanneer Josua in Josua 10: 12 sê: “.....Son, staan stil in Gibeon, en maan, in die dal van Ajalon!” en in vers 13 lees ons: “Toe staan die son stil en bly die maan staan totdat die volk hulle gewreek het op hul vyande.” Dat óf die son óf die aarde moes stilstaan sodat die dag verleng kon word. Wat het met al die wette gebeur wat op hulle beurt deur die son of aarde se draai beheer word? Hoekom het alles nie van die aarde af gevlieg toe dit gebeur nie, dit is tog wat die natuurwette sou laat gebeur? Net so het dit ‘n tweede maal met die genesing van (Je)Hiskia gebeur: 2Kon. 20:10: “Toe sê Jehiskia: Dit is maklik vir die skaduwee om tien grade te daal; nee, maar laat die skaduwee teruggaan, tien grade agteruit.” Wanneer Petrus op die water loop (Matt. 14:19) is dit nog ‘n voorbeeld van hoe God die natuur se wette ondergeskik stel aan Sy Almag wat tot uiting kom deur die geloof.

Met hiërdie volkóme en volmaakte beheer, beskik God ook oor die val van die lot! Dáárom: “..... elke beslissing daarvan kom van die HERE.”! So spreek God direk met Sy kinders en regeer Hy direk.

4.5.1.2 Teokrasie in die praktyk.

In die informele navraag by gelowiges (wat die begrip verstaan) en ook Teologies geleerde gelowiges oor 'n tydperk wat reeds bykans twaalf jaar is, is nie 'n enkele gelowige gekry wat teokrasie verwerp nie, maar wanneer dit kom by die praktiese toepassing kom die vrae. Kerke aanvaar dit ook wanneer in hulle stem prosedure voorsiening gemaak word vir die werp van die lot wanneer daar 'n staking van stemme is.

Hierdie studie bly by die beginsel dat daar Skriftuurlike begroning moet wees vir die toepassing van elke saak in die geloofslêwe. Daar moet 'n voorbeeld of duidelike beginsel wees van 'n bepaalde praktyk om dit vandag Býbels te mag toepas.

Belangrik om te onthou is dat God vandag deur die Woord met ons spreek. Die waarheid is ook dat die Woord alvoldoende is. Dit bevat alles wat die mens nodig het om te weet vir sy saligheid en lewe hier op aarde. Daar is egter ook 'n ander Bybelse beginsel wat hier in gedagte gehou moet word naamlik dat die verstand waarmee hierdie alvoldoende Woord gelees word, met sonde beplek en aangetas is. Dit is slegs deur die werking van die Heilige Gees in die wedergebore kind van God dat hy énigsins kan verstaan. Hierdie feit word duidelik gestel in 1 Kor. 13:12: “..... Nou ken ek ten dele,” Op sy beurt dien dit nie as aanduiding van 'n onvolkome werking van die Gees nie, maar die sondebeplekte sondaar se onvermoë om die: “.... tot alles in staat” van Flp 4:13 tot uitvoer te bring. Deur die sonde in my lewe kan ek nie alles weet en verstaan nie.

Hierdie feit word duidelik beskryf en vind leiding in die wysheidsliteratuur. In die besonder in Spreuke. Spreuke wat die mens in aller daagse wysheid wil lei, sê vroeg in die boek, 3:5: Vertrou op die HERE met jou hele hart en **steun nie op jou eie insig nie. 6 Ken Hom in al jou weë**, dan sal Hy jou paaie gelykmaak. (eie beklemtoning). Dus, YHWH **wil** gevra word oor alles in ons lewe. Dit beteken nie dat die lot noodwendig gewerp moet word oor elke saak nie, maar dit sluit dié metode in! Is daar 'n groter afgod in die sogenaamde postmoderne wêreld as juis die verstand van die mens? As Matt 5:29 sê: “As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.”, geld dit ook van die verstand. So, soos Josua op sy verstand en die logiese vertolking van die empiriese omstandighede gesteun het toe hy 'n verbond met die Gibeoniete gesluit het. Alles het só logies gelyk met die verstand, maar dan laat die Vader vir ons in Josua 9 vers 14 opteken: “ . maar die mond van die HERE het hulle nie geraadpleeg nie.” En so doen hy die verkeerde in die oë van die YHWH.

Die ongeëwenaarde voordeel van die lot as metode om na God se wil te vra, is die feit dat die sondebeplekte en subjektiewe verstand van die mens daarna, nadat hy in sy gebed tot God presies die uitslag van die lot geïnterpreteer het (soos Gideon met die velletjie), geen twyfel in die gemoed het nie. Wanneer om algemene tekens gevra word, is dit baie maklik om daarna oor die interpretasie te twyfel. Dit is op stuk van sake van die lóť wat Spreuke sê: elke beslissing daarvan kom van die Here af, daarom is dit verhewe bo die mens se interpretasie van die uitslag.

Die studie vind geen enkele aanduiding uit die Woord dat die gelowige wat in nederigheid seek na die wil van God, omdat hy/sy hom/haar daarby wil neerlê, deur God áfgewys word nie. Die tééndeel is éérder waar. Wanneer die Woord van ons vra om onself te verloën (Matt. 16:24 en ander plekke), is dit presies wat met die werp van die lot gebeur. Wanneer die gelowige God deur die werp van die lot oor 'n bepaalde saak vra, wetende dat die uitslag daarvan van God kom en dus nie debatteerbaar is nie, móét hy homself verloën om by die stap te kom. Die studie vind geen hoër/suiwerder vorm van selfverloëning waarby die mens kan uitkom as juis die werp van die lot nie.

Spreuke is ook spesifiék oor die werp van die lot in aller daagse dinge. In Spreuke 18:18 word na die oplossing van twis verwys. Wat is, ook in óns tyd meer alle daags as juis 'n getwis! "Die lot laat die geskille ophou en maak sterkes uitmekaar." Hier kan met reg gevra word of dit dan nie juis die geskille tussen die lede en die geleerdes van die Geloftesvolk is wat hom so verflenter het as wat hy is nie? Dit vra om die lot vir die uitklaring van daardie geskille! Daar is nie 'n mens wat na al die debatte oor al die verdelende faktore in die Geloftesvolk se midde net 'n woord gaan spreek of 'n studie doen en daarmee die lede van die volk oortuig nie! Dit is oor dekades al probeer met net al groter wordende klowe tussen die mense. Al die deelnemers aan die debatte beroep hulle op die suiwere uitleg van die Woord, en tog by die geskille!

4.5.1.3. Besware.

Gelowiges (sluit geleerdes in) argumenteer dat daar gebid word vir die leiding van die Gees en daarom kan hulle nie die lot gebruik om leiding te kry nie. Natuurlik is dit waar dat om God (die Heilige Gees), se leiding gevra word. By verre die grootste aantal besluite in die gelowige se lewe word so geneem, nadat natuurlik daarom gevra is.

Een van die vrae wat egter ook geantwoord moet word is of ek die leiding van die HG herken. Die HG werk tog nie buite die Woord om nie. As ek dus nie die Woord ken nie, hoe herken ek die antwoord? Daar is selfs predikante wat nog nooit die Bybel van Genesis tot Openbaring deurgelees het nie. Hier word nie gepraat van dat ek dink ek wel al, al die boeke van die Bybel per geleentheid gelees het nie, maar van 'n doelmatige deurlees van voor na agter en dan die herhaling daarvan. Hoe meer ek dit doen, hoe beter herken ek die stem van die Vader wanneer Hy my antwoord nadat ek Hom gevra het.

Die Christengemeenskap word vandag verdag gemaak van mense wat duidelik onbybels en vreemde dinge doen en besluite neem en dat plegtig verklaar dat hulle gebid het en dit is die leiding wat hulle gekry het. Behalwe dat hierdie studie reeds aangetoon het dat dit 'n oortreding van die derde gebod is, is hierdie verskynsel 'n baie mooi voorbeeld van eiesinnigheid wat die Woord afgodery noem (1 Sam.15:23). Hierdie is dié teken wat toon dat die mens 'n afgod van sy verstand maak.

Gewoonlik is daar so 'n stukkie kamoeflering wat daarby kom, daar word so 'n Christelike sousie oorgegooi deur te sê ons moet bid oor die saak.

Voorbeelde uit die geskiedenis van die Geloftesvolk wys die feilbaarheid van die mens se hantering van die leiding wat die Heilige Gees wel gee: Vroeër is reeds verwys na die afskeiding van die kerk in die 1850's; Die NG kerk Sinode vra vanaf die vroeë jare van die vorige eeu die vraag of apartheid regverdig is en die leiding wat hulle kry is, dat dit reg is. Aan die einde van die eeu vra dieselfde kerk, dieselfde vraag en nou antwoord die Heilige Gees dat dit verkeerd is. Ons moet tog aanvaar dat die broeders in die onderskeie Sinodes ernstig gebid het oor die saak en dat dit hul erns was om by die waarheid uit te kom, tog kry hulle verskillende antwoorde oor dieselfde beginselvraag. Hoewel daar geargumenteer kan word dat die omstandighede baie verander het, verander omstandighede tog nie die waarheid nie! Die beginsel kan tog nie verander word om by die omstandighede te pas nie. Dit was wat die Nikolaïete gedoen het waarvan ons in Openbaring 2:6 en elders lees en die Vader sê Hy haat dit. Die praktyk moet deur die beginsel verander word en nie andersom nie. Dus, dít kan nie die rede vir die omdraai van die besluit wees nie. Die beginsels in die Woord verander nie en daarom ook nie die leiding van die Gees nie. Is die mens (gelowige) nie nou besig om die Heilige Gees tot leuenaar te maak nie? God kan nie lieg nie (Titus 1:2), dus moet daar 'n ander verklaring vir die verskynsel wees. Hy kan nie oor 'n beginsel nou "Ja" en later "nee" sê nie! Die verskynsel lig die feit van die menslike subjektiwiteit waarmee hy na die Skrif gaan uit! As ons sonder twyfel wil weet wat die Vader se leiding oor hierdie saak sou wees, waarom vra ons Hom nie op 'n wyse wat

bokant hierdie subjektiwiteit verhewe is nie, nl. met die lot?

So is daar waarskynlik min gemeentes, van watter tradisie of kerkverband ook al wat nie voorbeelde het van ampsdraers wat gekies is na gebed en dan kies die gemeente, in die woorde van Hand. 15:18 “... Die Heilige Gees en ons het besluit...”, om broeders te kies waarvan die lewens sonder enige berou, dronkaards en ontrou aan hulle huise is nie? Die Woord dui die beginsel aan dat ‘n mens geken word aan die vrugte van die boom. Hiér hang truksvye aan die perskeboom! Dit kan tog nie. Tog maak die gemeente aanspraak op die leiding van die Gees? Daar moet ander verklarings wees, maar dit kan bepaald nie die Heilige Gees wees wat teen Sy eie Woord in, leiding gee nie!

Sonder dat in hierdie studie op dié onderwerp ingegaan word, kan net gemeld word dat hierdie verskynsel alreeds dui op die geloofsverval van die Gelooftevolk. God luister tog net na die gebed van hulle wat in opregtheid gehoorsaam probeer wees. Hiervan is onder andere Jer. 7 ‘n sprekende voorbeeld: 16 “En jy, bid nie vir hierdie volk nie en hef vir hulle geen smeking of gebed op nie en dring by My nie aan nie, want Ek sal na jou nie luister nie. 17 Sien jy nie wat hulle in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem doen nie?”

‘n Ander beswaar, dalk eerder ‘n versugting, is: is dit nie ‘n versoeking van God nie? Die heel bekendste voorbeeld, dat God nie mag versoek word nie, vind ons waar die Satan Christus wil verlei om aan hom onderhorig te wees. In Luk. 4:2 “... waar Hy veertig dae lank deur die duiwel versoek is; en Hy het niks geëet in dié dae nie; en toe hulle verby was, het Hy naderhand honger geword.” Eers word gesê dat Christus deur die duiwel versoek is en dan antwoord Christus dat Hy nie God die Vader mag versoek nie. Wat presies word bedoel met hierdie, versoek?

Die Griekse *ἐκπειρασεις*(ekpeiraseis) wat in Afrikaans vertaal is met: jy mag nie versoek nie, en in KJV met: Thou shalt not tempt. Sinonieme vertalings uit die Interlinear Scripture Analyzer: youshallbeouttryng. “Versoek” hiér, kan dus verstaan word: om te probeer om God teen sy eie wil in te laat handel. Ook op die ander plekke waar ons in Afrikaans lees van versoek, is dit binne hiérdie konteks. Wanneer God genader word met die súiwere bedoeling om juis Sy wil uit te voer, is daar geen gevaar daarin om Hom te versoek nie.

Wanneer God geraadpleeg sou word deur gebruik te maak van die lot, maar ek probeer my eie agenda verskuil, daar word eintlik gedink dat die stempel van die lot gebruik kan word om die eie wil te regverdig, kan dit inderdaad op versoeking neerkom. Onbewustelik (waarskynlik) is die motivering van so ‘n handeling, nie gegrond op die almag van God nie, maar op die wet van gemiddelde. Op sigself sonde voor die God.

Samevattend kan gesê word dat die studie geen enkele afkeer oor die korrekte gebruik van die lot in die Skrif sê kry nie. Hier dien dit vermeld te word dat Gideon die rigter, selfs twee keer YHWH oor dieselfde vraag vra en daar is nie een woord van afkeur van die Hom nie. Die gesindheid waarmee hy dit gedoen het is die bepalende. Hy wou juis doodseker maak dat dit Góð se wil is wat hy moet uitvoer en niemand ander s’n nie! Hy wou juis, in die woorde van Spr. 3:5 nié op sy eie insig steun nie.

Ons eie insigte is só feilbaar! Dink aan die apostel Johannes in die Openbaring visioen. Hy die apostel wat persoonlik by Christus drie jaar skoling gekry het, wat persoonlik teenwoordig was by die uitstorting van die HG, val twee maal voor die voete van ‘n engel neer om hom te aanbid. Eers in Op. 19:10 en dan weer in 22:8&9. In die tweede geval teken hy dit so aan dat sy eie verontwaardiging oor sy insig duidelik is: “En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het; en toe ek dit gehoor en gesien het, het ek neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat my hierdie dinge getoon het.” Is dit nie juis ook Paulus se nood wanneer hy in Rom.7:15 sê: “Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek.” As dan

Paulus en Johannes kla oor hulle mensheid, nie oor die leiding van die HG nie, hoeveel te meer ons!

Die Woord bied aan ons die **instrument van die lot** om wanneer ons nie weet nie of net twyfel, te vra!

Die vraag bestaan oor hoeveel van die versigtigheid om die lot te gebruik, wat voorgehou word as 'n versigtigheid om nie die Vader te vertoorn nie, is nie net 'n wyse waarop ons ons eiesinnigheid verbloem nie? 'n Jongman het eendag in 'n gesprek hieroor gesê hy wil nie die Vader vra nie, want hy is bang die Vader sê anders as wat hy wou! Is dit nie baie eerder die hooforsaak vir ons versigtigheid nie? Daar word so weggeskrum van die gebruik onder die dekmantel van: wil nie vertoorn nie, dat baie ander verkeerde weë ingeslaan en gevolg word waaroor ons oënskynlik baie minder begaan is vir die verkeerde voor God. Die (post)moderne mens wil nie aanvaar dat hy met sy verstand nie 'n inspraak kan hê nie. Onder demokrasie kan die mens of groep wat die stemming verloor, daarna nog altyd 'n minderheidsverslag of selfs 'n teenstem aanteken, maar as die Vader deur die lot spreek het, kan die mens nie teëpraat nie en moet hy inval by wat die uitslag ookal is. Daarvan hou die mens nie en dit is hier waar ons verstand baie maklik verafgod word.

Die Woord noem hierdie lewensingesteldheid “eiesinnigheid”, waaroor 1 Sam. 15: 23 sê: “Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en **eiesinnigheid is afgodery** en beelddiens.”(eie beklemtoning)

'n Vraag wat ter afsluiting oor teokrasie ook gevra moet word is: As dit vir ons belangrik is om in ons omgaan met die Woord en die uitlewing daarvan voor God streng te hou by nêr dit wat die Woord ons leer en waarvan daar 'n voorbeeld in die Bybel is, hoekom is ons dan baie gemaklik met die toepassing van demokrasie in die regering van die kerk (waarvan daar geen voorbeeld is nie), maar ongemaklik met teokrasie wat duidelik in die Woord omskryf word? Ons kry wel die begrip kies in die Bybel, maar dit impliseer tog nie demokrasie nie! Daar is tog ander maniere waarvolgens gekies kan word! Die begrip “demokrasie” was nog baie swak ontwikkel in die Bybelse tyd en hoegenaamd nie so toegepas as wat dit vandag gebruik word nie.

Op die webtuiste: Mieliestronk.com word so oor hierdie ontwikkeling getuig: “Maar daardie Griekse demokrasie van baie eeue gelede was nog lank nie 'n volksregering soos ons dit vandag ken nie.” Verder “Selfs die ou Romeinse Republiek, wat tog 'n beduidende bydrae tot die ontwikkeling van demokratiese beginsels gelewer het, het nooit 'n demokrasie in die huidige sin die woord geword nie.”

Dat daar deur die gemeentelede inspraak was is duidelik. Dit gebeur by die kies van die diakens in Handeling 7, maar die metode is hoegenaamd nie duidelik nie. Verder moet ook ingedagte gehou word dat Paulus vir Titus (1:5) eenvoudig sê om aan te stel. In die skrif is dus ook vorme van outokrasie, wat natuurlik onder die leiding van die Gees aan die Hand van die Skrif gebeur het.

Hoewel dié studie nie daarop ingaan nie, is 'n interessante vraag: hoekom teokrasie dan byna verdwyn het uit die regering van die kerk? Waarskynlik het die totstand kom van die pouslike gesag van die Rooms Katolieke kerk baie daarmee te doen. As die pous dan Christus se verteenwoordiger op aarde is, dan vra jy hom!

4.5.2 Tug

Die rol wat die tug in die Bybel en in die kerk gespeel het mag nie onderskat word nie! Onder 4.3 is reeds na drie gebeure verwys waarin tug op die volk ter sprake was. Toé om die noodsaak daarvan dat gelowiges wat in die amp staan, spesifiek predikers en ouderlinge, hulle opdrag met noukeurigheid moet uitvoer. In die NT is daar net sulke prominente uitsprake oor tug.

In Matt. 18:15-18 word die proses beskryf waarvolgens dit moet plaasvind. In 1 Kor.5, die eerste twaalf verse beskryf Paulus die noodsaak om die kwaad uit die midde te weer. In 2 Tess. 3: 6 skryf Paulus juis aan die gemeente hoe iemand wat nie hou by die leer soos hy dit aan hulle gebring het, behandel moet word en in vers 14 beskryf hy weer hoe met 'n mens behandel moet word wat ongehoorsaam is sodat hy sal terugkeer na die waarheid. In Titus 3:10 beveel hy dat van 'n man wat partyskap wek (verdeeldheid bring) onttrek moet word ná die tweede vermaning.

Daar is nie twyfel oor die feit dat dit 'n Bybelse opdrag is dat daar tug toegepas moet word nie. Dit is egter ook belangrik dat ons duidelikheid kry oor wat die Here se doel met tug is. Daarom ook só verstaanbaar dat die NGB in Art. 29 die tug as die derde eienskap van ware kerk beskryf nie.

Calvyn skryf hieroor, soos aangehaal en vertaal deur Duvenhage, dat die doel van die kerklike tug driedelig is. **Eerstens** dat dié wat skandelik lewe, se name nie eers onder die Christene genoem moet word nie, “want dit sou beteken dat die kerk 'n samerotting van misdadigers was.” (Institusie boek 4 455) Die implikasie van hierdie eerste rede op die Gelooftevolk was onder andere:

- willens en wetens die Dag van die YHWH vir eie voordeel veronthelig,
- 'n skandelik lewe lei of
- die wete van die Bybelstrydige materiaal wat die kinders in die openbare skole leer en só nie nét skandelik groot word nie, maar ook hulle ouers skandelik lewe, ruk dit jou tot stilstand!

Voeg daarby wat Calvyn oor die bedienaar van die nagmaal in die verband skryf: “As iemand aan wie die uitdeling toevertrou is, willens en wetens iemand toelaat wat hy met reg kon afgehou het, is hy net so skuldig aan die heiligskenis as wanneer hy die liggaam van Here vir die honde gegooi het.” (Institusie boek 4 455). Die Woordbegroning vir hierdie eerste rede vind ons in die dele wat reeds genoem (4.3) is in hierdie studie. (Joshua 7; 22 & 2Sam. 6) sowel as die vermanings van Paulus hierbo.

Die **tweede** is dat, die wat 'n vroom aan God gewyde lewe (wil) lei, nie deur voortdurende blootstelling aan die wat 'n slegte lewe lei “besmet” sal word nie. (Institusie boek 4 455). (1 Kor. 5: 6, 11). Hierdie studie het in hoofstuk twee reeds verwys na die verskuiwing van denke wat plaasgevind het by die volksgenote. Hoeveel hiervan was juis as gevolg van die gebrek aan die kerklike tug? Voorbeelde dat hierdie stelling waar is, is legio in die volkshuishouding. Een van die duidelikste is die kerkloosheid wat as't ware vandag van die volk besit geneem het. Hierdie eens gelowige volk het vandag 'n reuse evangelisasieveld geword.

Die **derde** rede is: “dat die sondaar uit skaamte berou sal kry oor sy skandelikheid.” (Institusie boek 4 456) Die taalgebruik van Calvyn is opvallend. Hy noem mense wat in sonde lewe 'n skande. Vandag is sonde (behalwe enkeles) nie meer skandes nie. Dit is nie meer 'n skande om nie jou lof en aanbidding aan God te bring deur na die erediens te gaan nie! Dit is selfs nie meer 'n skande om in 'n egskeiding te wees nie, dit het net 'n verskil van mening geword. Selfs 'n buiteegtelijke verhouding het al amper mode geword.

Die handhawing van die tug is dus 'n uiters noodsaaklike deel van gemeente wees. Die kerkhervormers het in hulle formulerings van die belydenisse dit as die derde van die drie

wesenskenmerke van ware kerk geïdentifiseer. (Art.29 NGB verwysend na Matt.18:15-17; 1 Kor. 5:45,13; 2 Tess.3:6&14 en ander) Wanneer ons na die omskrewe doel van tug kyk en dan na die verval Christelike samelewing (ook die Gelooftevolk) is die noodsaak ook uit die voorbeelde sigbaar. Dit onderstreep die noodsaak van die herinstelling van die tug as die Gelooftevolk weer Godsvolk wil wees en bly!

4.5.3 Belydenis.

Om eenheid in die kerk/gemeente en ook geloofsvolk te kry is die noodsaak van 'n gemeenskaplike akkoord of ooreenkoms onmisbaar. Hierdie akkoord van hoe ons moet dien, is in verskillende fases van hierdie terugkeerproses noodsaaklik.

In die **eerste** plek is die doel daarvan om te weet waarheen moet ons teruggaan. Soos vroeër reeds uitgewys is dit nie goed genoeg om net te sê terug na God nie. Daar moet 'n behoorlik, Bybelgefundeerde uiteensetting wees van alle geloofsonderwerpe: Wie God is; wat die mens is, voor en na die sondeval; hoe vind verlossing plaas; wat dankbaarheid is; wat geloof is; die sakramente, wat dit is, wat die betekenis is, hoe dit werk en nié moet werk nie en talle ander onderwerpe waarmee die gelowige gehelp moet word om by die ware kennis van God, en kennis van die ware God te kom. Hieroor moet klarigheid wees. Wanneer die gelowige, in verantwoordelikheid voor die Vader, saam wil teruggaan, moet hy weet hoe lyk die pad en die punt waarheen gewerk word. Daarsonder sal die verwarring net groter word.

Hierdie akkoord: so verstaan ons die Woord, word ons belydenis. Ons bely saam dat dit is wie God is, só wil Hy gedien wees. Die belydenis het in die **tweede** plek die doel om die eensgesindheid, die eenheid van die gemeente en hiërby die Gelooftevolk spesifiek, die eenheid van die volk, te bevorder en te behou. Dit moet hulle vernaamste hulp tot die verstaan van die Woord wees.

Wanneer die rol van Belydenis uit die kerkgeskiedenis bestudeer word, dan kom dit vroeg in die kerk na vore. Walker (Walker 28) berig van die eerste belydenis wat in Jerusalem opgestel is toe die saak van die besnydenis van die heidene ter sprake gekom het. Hand. 15:20 “maar aan hulle skrywe dat hulle hul moet onthou van die dinge wat deur die afgode besoedel is en van hoerery en van wat verwurg is en van bloed.”

Hierdie eerste belydenis is reeds 'n apologetiese geskrif. Daar was geen rede vir 'n belydenis nie, tot daar verwarring kom. Dit het die verantwoordelike, deur God daartoe geroepenes byeen laat kom om 'n dokument op te stel wat verantwoord is uit die Skrif, sodat die eenheid bewaar kan word. Dit dien opgemerk te word dat as daar onder die apostels wat deur Christus sêlf opgelei is verwarring kan kom oor Skrif sake, hoeveel te meer soos tyd verloop?

So het daar na die Reformasie ook stryd in die Protestantse wêreld oor verdelende sake ontstaan. Booyen skryf oor die ontstaan van die Heidelbergse Kategismus (HK): “Frederik III, die keurvors van die Paltz in Duitsland, het die Gereformeerde godsdiens aanvaar. Hy het eers pogings aangewend om die kerkstryd onder alle Protestante in Duitsland te beëindig, maar toe dit misluk, het hy besluit om sy volk deur 'n ingrypende daad op die regte spoor te bring.” So lees ons in die voorwoord van die Dordtse Leerreëls (DL): “Die beslissing van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke van die Verenigde Nederlande, wat in die jare 1618 en 1619 in Dordrecht gehou is oor die bekende vyf leerstellings waarvoor in die Gereformeerde Kerke van hierdie Verenigde Nederlande verskil ontstaan het.” Hoewel die HK reeds in 1563 voltooi is, is dit eers saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) en die DL in 1619 amptelik aanvaar.

So kan aangedui word dat die belydenisse, 'n apologetiese karakter het. Daar ontstaan verwarring of stryd, dan is byeengekom om dié saak op te los en dan word die eenheid aan die hand van 'n belydenis voortgesit. Die feit dat daar nietemin verdeling gekom het oor tyd heen, wys dat dit nie 'n absolute oplossing is nie, maar dat minstens 'n belydenis nodig is vir eenheid.

Die belydenis mag nie naas die Woord gestel word nie, maar nêr as die noodsaaklike hulp om begrippe in die Woord korrek en eenders te verstaan.

Ongelukkig het daar binne die Suid-Afrikaanse en ook die Gelooftevolk gedeelte daarvan 'n baie negatiewe persepsie oor belydenisse ontstaan. So negatief dat die opmerking: ons het die Bybel ons het nie belydenisse nodig nie, al 'n cliché geword het. Oor die redes hoekom, kan seker verskil word. Moontlik is dit die wyse waarop dit aan gelowige lidmate aangebied is, asof die gesag dáárin lê en nie in die Skrif nie. Hoe dit ookal sy, die baba kan nie saam met die badwater weggegooi word nie. Dat kerk en in die geval van die Gelooftevolk, ook die vólk 'n belydenis nodig het, is só duidelik. Soos Frederik III dit gebruik het tot eenwording van sy volk, is dit wéér nodig.

4.5.4 Kerkverband

In hierdie studie is kerkverband ook van belang vir die volhoubaarheid van die eenheid van die kerk. Vir hierdie studie is dit noodsaaklik om óók wat kerkverband betref, by die Algemene Belydenis van 'n kerk, gebou op die leer van die Apostels, te bly.

Wanneer na dié tydperk gekyk word is dit duidelik dat die gemeentes onafhanklik van mekaar gestaan het, maar in belydenis een was. Vir hierdie doel was in Jerusalem byeengekom soos in 4.5.3 beskryf is.

Om struktuur aan kerkverband te gee is dit belangrik om die doel wat daarmee bereik wil word, uit te spel. Die doel van kerkverband volgens die insig van hierdie studie, moet enkelvoudig wees, soos in die apostoliese tyd: **die gesamentlike belydenis.**

Wanneer hierdie doel uitgebrei word, byvoorbeeld tot die opleiding van predikante en ander sake wat gesamentlik hanteer kan word, lei dit gewoonlik tot staande finansiële verpligtinge. Daaruit kom talle negatiewe elemente wat die kerk dikwels in 'n tipe finansiële gevangenskap plaas. Hierdie kerkvergadering/Sinode moet nêr daarvoor gaan dat ons die Woord beter en eenstemmig verstaan. Alle ander sake moet eenvoudig plaaslik afhandel. Wanneer dit gaan oor die opleiding van predikante is daar ander weë wat onder 4.5.5 bespreek sal word.

Dát so 'n Sinode moet plaasvind is aan die ander kant baie belangrik. Daar kan op gereelde tye en wyse die Woord en die verstaan daarvan bespreek word. So word die eenheid van die gemeentes ook sigbaar tydens die sitting.

4.5.5 Opleiding

Opleiding van predikante en ouderlinge speel 'n verdere baie belangrike rol in die handhawing van hierdie eenheid. Dat nie nêr predikante nie, maar ook ouderlinge 'n opleiding moet kry, wat hom behoorlik toerus om die lidmate wat aan hom opgedra is, behoorlik na léér en léwe te kan lei, is onontbeerlik.

Predikante

Die saak wat eerstens hanteer moet word, is die beginsel van opleiding. Vir baie jare was die situasie in die land dat predikante aan 'n fakulteit van 'n bepaalde universiteit, waarmee die kerkverband ooreengekom het, opgelei. Daar is enkele voorbeelde van 'n kerk wat sy eie opleiding doen en vir akkreditasie by 'n bepaalde instansie vra of aansoek doen om 'n universiteit (in terme van die wetgewing) te wees waar sy predikers opgelei word.

Daar is in die besonder twee ernstige probleme met al die stelsels. Die dosente word daarheen beroep, nestel hulle in en, as so 'n dosent die spoor verlaat, bring dit eindelose probleme in die kerk. Die implikasie dat talle studente met hierdie verkeerde beïnvloeding na gemeentes gaan waar die beïnvloeding déúrwerk tot by die lidmate, spreek vanself. Talle van die huidige probleme wat kerke het kan teruggespoor word na hierdie situasie toe. Vroeër toe tug toegepas is in die kerke was daar voorbeelde hoe 'n kerk dit gestuit het, maar tans het hierdie saak baie bedenklik geraak. Universiteite stel in baie gevalle self die dosente aan wat volgens die universiteit se oordeel oor die akademiese bekwaamheid beskik, terwyl so 'n dosent nie noodwendig die belydenis van die kerk deel nie.

Die tweede groot probleem is die geweldige finansiële las wat dit op die lidmate van die kerk plaas. Behalwe hierdie las het dit ander implikasies van finansiële stelsels wat deur mense onderhou moet word en waaruit uiteindelik 'n hele organisme tot stand kom. Hier kom iets van 'n ekonomiese wet ter sprake. Wanneer so 'n stelsel/organisme stadig maar seker, hetsy doelbewus of by wyse van verleiding van die aanvanklike koers afdwaal, word dit nie noodwendig vinnig raakgesien nie. Die lidmate en ampsdraers van die kerk werk grootliks op goedertrou en soos hierdie organisme die studente lewer, word hulle in die kerk opgeneem. Daar gaan veel verlore van die ekonomiese wet: lewer wat ek jou vra of ek kry 'n ander verskaffer.

'n Opleidingsentrum wat totaal onafhanklik van die gemeentes staan, en sêlf in hulle behoeftes moet voorsien, het bepaalde voordele. Die spreekwoord wat sê: wie se brood jy eet, die se woord jy spreek, het betrekking. 'n Opleidingsentrum, seminarie wat predikers lewer aan die hand van 'n bepaalde belydenis, word dan deur die resultate wat hulle lêwer gemeet en bepaal dit hulle volhoubaarheid.

In die Bedryfsielkunde is daar die spreekwoord wat sê: "jy kry wat jy meet" (Mol 90). Wanneer hierdie beginsel toegepas word op die seminarie, is dit die resultate wat gelewer word wat gaan maak dat die seminarie voortbestaan of tot niet gaan. In die praktiese situasie moet 'n gemeente, of gemeentes wat saam wil werk, hulle self eers oortuig van die lewensingesteldheid en belydenisgebondenheid van proponente voordat hulle kan beroep. Hierdie voordeel word soveel groter die oomblik wanneer daar meer sulke seminaries kom en met mekaar moet kompeteer aan die hand van die resultate wat gelewer word.

Hierdie stelsel plaas nou die onus op die plaaslike gemeente om 'n prediker te kry wat volgens hulle eie verantwoordelikheid reg opgelei is. Natuurlik beteken dit dat die kerkraad nou hulle Bybel en die leerstellings van die kerk moet kên. Daar kan nou nie net maar aanvaar word dat die die produk van die instelling, "ipsou FACTO" reg is nie. Daar kom so maklik 'n persepsie dat "die ouens daarbo" sou tog seker gemaak het en ons kan hulle vertrou. Met die voorgestelde ekonomiese verband van gemeentes en 'n onafhanklike opleidingsentrum(s), is daar letterlik nie "ouens daarbo" nie. Daar is nie 'n Ring/Klassis of Sinode wat daarna omsien nie, die gesag sit nie net teoreties in die plaaslike kerkraad nie, maar ook in praktyk.

Ouderlinge

Uit bogenoemde is daar soveel meer rede vir die opleiding van die ouderlinge. Die ouderling/opsiener moet sy opsienerstaak weer volbring. Hy is nie net verantwoordelik vir die toerusting van sy betrokke lidmate nie, maar inderdaad ook vir die suiwere Woordbediening van die predikant. Paulus skryf aan Timóteüs dat die opsiener iemand moet wees “wat die verborgenheid van die geloof in ‘n rein gewete hou” (1 Tim.3:9). Hy moet die Woord en die regte vertolking/leerstellings kén om dit te kan hou.

Dat die huidige stelsels wat kerke in Suid-Afrika het, klaaglik gefaal het, kan aan die kennisvlak van die algemene ouderling gemeet word. “Die bal moet vir die ouderling gegee word”! Natuurlik is die prediker deel van daardie proses om sy insette te gee, maar as opsieners nie geleer word in die Woord en die Belydenis nie, is daar menslik gesproke nie ‘n kans op volhoubaarheid nie. Ons doel is om ‘n Godshuishouding wat getrou is aan hul Godegegewe opdrag wat per gelofte bevestig is en gehou moet word, uitvoering te gee. Die ouderling moet bepaald toegerus wees om ‘n Gelooftevolk in Bybelse terme, nie politieke terme nie, vir die Vader daar te stel. Dit was die implikasie van die Gelofte! Ons is dit verskuldig!

In die Reformed Presbyterian Church of America is daar ‘n pragtige voorbeeld van wat die resultaat van sodanige opleiding kan doen. Dáár is hierdie opleiding, wat ‘n drie maande voltydse opleiding is, ‘n voorvereiste vir die verkiesing tot die amp van ouderling.

Paulus skryf heel aan die begin van die gedeelte vir Timóteüs dat die opsiener “bekwaam (moet wees) om te onderrig”. Die ouderling moet sy lidmate die Woord van God leer! Deel van hierdie lidmate is die kinders van die gelowiges vir wie die ouderling tog ook verantwoording neem. Hy neem nie net verantwoordelikheid vir die Bybel toerusting wat hulle by die kerk kry nie, maar ook oor die opvoeding wat hulle tuis kry en in die skole waar hulle geplaas word. In die huidige situasie met die kennis wat ouderlinge het, lees hulle blykbaar regoor die heidense leermateriaal wat hulle lidmate op skool leer sónder om te besef wat hulle lees. Hieroor kan later meer gesê word wanneer daar oor skole gehandel word.

4.5.6 Die versorging van die predikant.

Eerstens is dit ‘n Bybelse waarheid dat elke mens verantwoordelikheid moet neem vir sy lewe en daade. So ook die bedienaar van die Woord. Die huidige stelsels in die kerke is van so ‘n aard dat predikers (natuurlik geld dit nie vir almal nie) dikwels knus in die kussings van die gemeente sit. Aan die einde van die maand word hy getraakteer, of nog erger gesalarieer. Of hy aan sy opdrag voor Christus gehoorsaam was al dan nie, hy is versorg aan die einde van die maand. Hierdie stelsel maak die deur oop vir baie sake om verkeerd te loop tot nadeel van die gemeente van God. Die spreekwoord is, hoe tragies óók al van soveel predikers ongelukkig ook waar, dat dikwels die woord gespréek word van die een wat die brood gee. As ‘n kerkraad verwêreld het soos ons vanaf Laodicea tot vandag, voorbeelde van kry, kan (en is ongelukkig in talle gevalle) hierdie stelsel ‘n uiters negatiewe uitwerking op die bediening van die Evangelie hê.

Saam met hierdie stelsel gaan die sogenaamde byvoordele. Meestal is dit so dat predikers ook nog aan ‘n bepaalde pensioen en medies móét behoort. Vanuit die praktyk is dit verstaanbaar omdat die groepskemas waarby die kerkverbande aansluit, vereis dat alle lede van die kerk, bydraers tot die fonds moet word. Dit het meegebring dat sinodes besluite geneem het waarin deelname vóórvereiste geword het vir die opneem van die amp. Dit bring ons by die beginsels van die Woord. Hoe word sulke besluite verantwoord teen die roeping wat iemand het?

‘n Verdere implikasie daarvan is dat ruimskoots 80% van gemeentelike aktiviteite gewy word aan fondsinsameling. Die pensioen en mediese bydraes wat die gemeente namens die dominee moet maak, is van so ‘n aard dat saam met die sogenaamde traktementskaal talle gemeentetjies dit net eenvoudig nie meer kan bybring nie en “toemaak”. Hoe word dit voor God verantwoord as die Woord nie meer bedien kan word in ‘n bepaalde gemeenskap nie omdat geld voorskrifte in die pad daarvan staan? Al sou daar ‘n dominee wees wat bereid is om vir wat daar is te bedien, word hy by implikasie verhoed omdat hy deel van die skemas móét wees en net dáárdie bydraes wat die gemeente en hyself moet maak, kan nie bekostig word nie.

Die stelsels het ‘n verdere beginselprobleem. So maklik word die bediening ‘n akademiese saak. Die prediker preek oor geloof en Godsvertroue, maar is onder die illusie dat hy dit self het. Om ‘n versekering en ‘n fonds vir elke moontlike gebeurlikheid te hê, het baie maklik, dalk waarskynlik die gevolg op die mens dat jy baie veilig voel, maar daardie veilige ervaring is nie in die genade van God gesetel nie, maar in die stelsels. Om die Woord te bedien en nêr van die genade van God afhanklik te wees, bring ‘n totaal ander dimensie in prediking en bediening.

Terug na die Woord was die wekroep van die Protestante! Die gevolge van hierdie stelsel roep ten hemele: terug na die Woord! Waar in die Woord staan dat enige mens moet aftree? Omdat die kerk ook hierdie gemaksonne betree het, betaal hy tans ten duurste aan die gevolge! Die Woord sê dat die skepsel ses dae van die week moet werk en die Dag van YHWH moet rus. Dit geld die héle lewe. Natuurlik is daar afname in aktiwiteit soos die liggaam verouder, maar dit is bepaald deel van die Bybelse waarheid. Die argument dat die kerk die verantwoordelikheid het om die prediker met sy gade te versorg, moet met versigtigheid geopper word. Die prediker staan primêr in diens van God. Hierdie verantwoordelikheid móét gehandhaaf word. God het Hom geroep en GóD versorg hom. Natuurlik gebruik God die gelowiges in die proses, maar op sy beurt is dit hulle verantwoordelikheid voor GóD en nie voor die dominee nie. Die gelowiges moet hierdie verantwoordelikheid nakom, ook nádat die predikant te sterwe gekom het, om die prediker in lewe, sowel as sy gade en kinders wanneer daar is, te versorging! Sodra hierdie verantwoordelikheid op die skouers van ‘n stelsel geplaas word, word die kerk ‘n besigheid wat sy sekerheid op stelsels bou en nie in vertroue op God nie!

Tweedens is die versorging volgens die huidige stelsels vir baie predikers ewe problematies. Die student van hierdie navorsing, soos waarskynlik talle ander, moes meer as een maal in sy lewe hoor hoe invloedryke en finansiële sterk lidmate, broeders en susters, hom die boodskap laat kry dat “solank as ons jou betaal sal jy doen wat ons sê”. Wanneer ‘n prediker hom nie deur hierdie wanpersepsie laat intimideer nie, bring dit eindelose spanning in gemeentes. Hy bevind hom maklik in ‘n situasie waar dit hý is teen die invloedrykes van die gemeente vir wie dit nie altyd gaan oor die belang van die Evangelie nie, maar oor die beursie in die sak en die eiesinnige idees.

Terug na die Woord! In die OT het YHWH duidelik gesê dat die Leviëte nie grond kry nie, maar moet leef uit die tiende bydraes van die gelowiges (Num. 18:24). In die nuutgebore kerk van Christus ná Pinkster, lees ons hoe Paulus sê dat hý wel vir homself gesorg het, maar dat, om te versorg, eintlik ‘n opdrag van God is aan die gelowige. Hoewel daar nie pertinente aanhalings in die Skrif is oor die ander apostels nie, moet ons dus daaruit aflei dat hulle wel uit die harte van die gelowiges versorg is, soos Paulus skryf. Daar was geen stelsel nie. Die versorging moet uit dankbaarheid vir die verlossing van sondes deur die soenverdienste van Christus aan die bedienaar van die Woord kom.

Om by die suiwer beginsels van die Woord te bly léwer die resultate wat God beloof! In Matt. 6:33 sê Hy: “Maar soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.” Dat dit geglo word, moet nie nêr gesê word nie, maar moet sigbaar word deur ons

dade. Wanneer by hierdie beginsels gehou word: die prediker leef in vergenoegdheid, eenvoudig van wat daar vir hom is en die lidmaat gee uit sy hart méér as wat hy kán, omdat hy óók glo, dat die Vader weer môre sal sorg, kom daar 'n wonderlike stil vrede in die gemeente en word heerlik saamgewerk aan die gesamentlike doelwit: ons moet die evangelie hier en oral uitdra. Die prediker weet en kan sien hoe lidmate wat self worstel om oorlewing agteroor buig om uit dankbaarheid vir Christus, vir die bedienaar en sy gesin probeer sorg. En dié waarvan hy nie oortuig is dat hulle hulle deel vir die verkondiging doen nie, dra hy aan die Vader op vir genáde omdat hulle dikwels die indruk skep dat hulle die tiende (NT gereken, meer as wat ek eintlike kan bekostig) gee, maar dit nie doen nie.

In hiérdie verband lê ook 'n swaar verantwoordelikheid op die skouers van die ouderling wat as deel van sy verantwoordelikheid ook moet toesien, sonder om speurder op die een of ander manier te speel, dat die dankoffers na die huis van God kom.

Wanneer die lidmaat se gemoed vrygemaak is van al die onsekerhede oor hoe die verantwoordelikes met hul swaar verdienende dankoffers omgegaan het, gee hy/sy ook met 'n lekker hart. 'n Werkswyse waarin die lidmaat sy tiende bring, maar 'n keuse het oor die aanwendig daarvan, hét hierdie gevolg. Hy gee vir die bediening wat hy reken nodig is, en as hy ongemaklik is dat die dominees dalk te luuks lewe gee hy sy bydrae, geormerk vir evangelisasie. In dieselfde proses is die gewete en gemoed van die prediker óók vry van menslike manupilasie.

Natuurlik het dit, gemeet aan die wêreld se norme vërreikende implikasies vir die prediker. Die prediker kan hom slegs met uiterste verantwoordelikheid verbind tot vaste uitgawes vir die maand. Daar is waarskynlik geen moontlikheid tot skuld nie, maar is dit nou verkeerd of juis reg? Hy én sy gesin moet waarlik hulle lewensstandaarde aanpas en genoeg neem met wat daar is! Die prediker moet vrede maak met die lewensomstandighede. Die ideale situasie vir die prediker vir die bediening van die Woord is een wat vry is van die wedloop van 'n materiële lewe, vry is om vermanend te spreek sonder aansien van die persoon.

Om prediker te wees, vra 'n besondere lewensingesteldheid. Een waarin nie gevra word nie, maar jouself en alles wat jy het, te géé. Hoe ellendig is dit nie dat so dikwels gehoor moet word dat dit juis predikers is wat daarvoor verantwoordelik is vir die toestand van die land nie! Natuurlik moet met objektiwiteit na hierdie aantuigings geluister en beoordeel word, maar die blote bestaan van die aantuiging skok tot stilstand! 'n Groot deel van dié aantuiging kan gesoek word by die materiële wedloop van die wêreld waarvan predikers ook deel wil wees.

Die Woord sê dat YHWH 'n jaloerse God is. Hy is nie tevrede met 'n deel of kompartement van my lewe nie. Hy sê: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand." (Matt.22:37) Dit geld natuurlik vir elke gelowige, maar soveel te meer vir die voorganger. Daar kan nie ruimte gelaat word vir 'n stukkie wêreldliefde in dié lewe nie.

Die studie bepleit die feit dat die prediker daardie dankbare vergenoegde lewe weer sal inneem. Dit is onontbeerlik vir die terugkeer, om in wese weer Godsvolk te wees en die volhoubaarheid daarvan. Laat die vreugde vir die prediker bestaan uit die dankbare voorreg om as verlore óók nóg bevoorreg te mag wees om onder die direkte gesag van God te werk, ook ten kóste van jou persoon. Jos.18:7 sê: Want die Leviete het geen aandeel onder julle nie, omdat die priesterskap van die HERE hulle erfdeel is; (eie beklemtoning.) Watter vreugde is dit nie!

In die terugkeer van die Geloftevolk na wat hy belowe het, is nie net die leer van die prediker nie, maar ook die léwe van kardinale belang! Die mens en so die prediker kan nooit van sy mensheid, sy persoon ontslae raak nie, maar wél van die stelsels. Alles wat méér is as wat in die Woord staan, strek die saak van God nie tot voordeel nie!

4.5.7 Skole

Die onderrig in die algemeen, en in die besonder Bybel en Godsdiens wat die kinders in die skole kry is van wésentlike belang vir die volhoubaarheid van lewensingesteldheid. Daarom moet die geloofsoortuiging wat die volk het, reéds vir die kinders op skool geleer word.

Die huidige studiemateriaal wat in die openbare skole aan die kinders geleer word, is 'n skitterende voorbeeld van wat dit nié moet wees nie. Die resultate of gevolge van hierdie onderwysstelsel is duidelik sigbaar. Terwyl die administratiewe chaos in die onderwysdepartemente oor die afgelope tien jaar die aandag van die publiek getrek het, is die ideologiese doelwitte van die staat met groot sukses, grootliks óngemerkt, uitgevoer. Hierdie feit oortuig gou wanneer in gesprek getree word met die massa skoolverlaters. Met groot genade is daar uitsonderings op die reël, wat juis die reël bewys. Hulle Bybelkennis is amper ignoreerbaar. Hulle gesprek oor die Woord is deurspek met humanistiese redenasies.

Daar is vroeër in die studie verwys na 'n verskuiwing in denke. In die onderwys is een van die mooiste voorbeelde. Wanneer leerlinge, óf hulle ouers gevra word of hulle dink dat dit sonde is van die verbondsouer, wat 'n tugmeester vir sy kind aanstel, soos ons dit in Galasiërs vind, wat, wanneer hierdie tugmeester vir die leerling sou leer dat hy mag steel, die ouer wéét dit en laat die tugmeester begaan. Dikwels word sonder huiwering geantwoord dat dit sonde is. Wanneer die vraag ópgevolg word met: Is dit dan nie sonde as die skool, wat die plek van die tugmeester ingeneem het, met die ouers se medewete leer dat die skepping uit 'n oerknal kom, terwyl die Woord leer, en die lidmaat elke Sondag bely dat God die skepping gemaak het nie (Gén. 1)? Of is dit nie sonde as die Woord leer dat God vir Hóm 'n volk gekies het (Joh.15:16), maar die kind word op skool geleer, en die ouer (moet) weet dit, dat hy/sy tussen die gode van die wêreld sélf 'n god moet kies nie? Is dit nie sonde as die Algemene openbaring deur die evolusieleer verýdel word nie (Rom.1)? Is dit nie sonde as die Woord in Deut. 18 leer dat jy jou kinders nie van die gode van die land waar jy heen gaan mag leer nie, maar dit is presies wat in die openbare skole gebeur? Hierop word dan talle antwoorde gegee, behalwe dat dit sonde is! Is dit gewoon oneerlikheid of 'n paradigmaskuif?

Die ideologiese doel wat die staat met die kinders in die openbare skole het (soos omskryf in die wet), word op verskillende wyses in die studiemateriaal ingewerk en getoets deur die eksamenvraestelle. Die sukses wat ideologies bereik is, is die bewys van die sukses van so 'n stelsel. Daarom kan stellig ook daarop aangedring word dat die kinders van die Geloftevolke die Bybelse ingesteldheid, wat die Geloftevolke aan God verskuldig is, moet leer.

Hoofstuk 5

Samevatting

By die aanvang van die vorige hoofstuk is die Bybelse wyse vir terugkeer aangehaal. Wanneer ons nou saamvat is dit nodig om te evalueer of ons aan al die elemente reg laat geskied het.

Ons het vier kernbegrippe/opdragte in 2 Kron. 7:14 gekry: (1) **verootmoedig** en (2) **bid** en (3) **my aangesig soek** en (4) hulle **bekeer van hul verkeerde weë**, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.

Onder die probleemoplossing is verootmoediging nie bespreek nie. Dit was nie vergeete nie, maar is grootlik 'n inherente gevolg van om YHWH te soek/ken en die bekering wat daarmee saamgaan. Verootmoediging is 'n lewenshouding. Dit is dus bepaald nie iets, 'n formaliteit wat gou nagekom kan of moet word nie.

Verootmoediging as 'n geleentheid kan dus n t kom wanneer die sondaar in opregtheid laag en voortdurend neerbuig voor God in 'n diepe besef van die sondigheid van sy lewe! Psalm 51:19 bied saam met Matt. 5:3 die beste beskrywing van die begrip. Ps.51:19 "Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!" (eie beklemtoning) Gebroke gees en hart omdat ek ten aanskoue van die offer van Christus, ten di pste bewus is van my  nvermo  om in dankbaarheid tot eer van Hom te leef. Ten diepste, nie in teorie nie, bewus van dieselfde stryd as Paulus toe hy so ootmoedig skryf: "Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek". (Rom 7:19) Matt. 5:3 waar Christus die saligsprekinge uitspreek as deel van die bergpredikasie: "Salig is die wat arm van gees is," Geldenhuys (Deel 3 12) skryf oor die betekenis hiervan dat dit die "nederiges is wat bewus is van hul tekortkominge". Arm van gees is! Dui duidelik 'n toestand aan. 'n Toestand van emosionele bankrotskap omdat ek weet ek kan nie, ek kan nie, en ek kan nie iets vir myself doen nie, maar die offer van Christus stel my tot alles in staat!

Nodeloos om te s  dat mens nie oornag by so 'n houding uitkom nie, maar voortdurend in my lewe al dieper en dieper daarvan bewus word. Om dus uitvoering aan die opdrag van verootmoediging te gee, moet ek myself eers vind waar ek in my eenvoud en afhanklikheid voor God staan in dankbaarheid vir die verlossing wat ek van Hom ontvang het! Daar kom ek nie anders as deur Hom te soek en te leer ken nie. Met ken word bepaald nie, weet van, bedoel nie, maar r g ken soos God Homself openbaar in Sy Woord.

Die begrip verootmoediging is dus te onderskei van die begrip/opdrag om God se aangesig te soek, maar beslis nie te skei nie. Die studie is daarom oortuig dat die omvattende uitvoering van die opdrag om Hom te soek, grootliks aan die opdrag tot verootmoediging uitvoering gegee het. Later nog 'n paar woorde daaroor.

As die opdrag om Hom te soek onder die oog kom, glo die skrywer dat reg aan die opdrag geskied het sover dit die studie betref. Die uitgangspunt hier is die huisgesin wat Hom moet soek en so ook die huis van God, die gemeente (1Tim.3:15) Die k n, begin aan moedersknie. Sy bou en leer haar kinders deur die toerusting wat sy van haar man, maar veral van die goed toegeruste ouderling en predikant ontvang. Wanneer die kinders skool toe gaan word hulle verder in hierdie leer onderrig, waar die totale opvoeding op die Woord gegrond is..

Daar is deeglike bespreking van die leer en lewe waarheen voortdurend terug bekeer moet word. Gebed is soos verootmoediging ook nie skeibaar van kennis nie. Deur die kennis van my verlossing kom die dankbaarheid. Gebed is die vernaamste deel van die dankbaarheid (Heidelbergse Kategismus Sondag 45, V/A 116) Deur die studie van die Woord kom ook altyd dieperwordende insig oor die aard van die gebed wat vir God welgevallige is.

Die studie wil beklemtoon dat op geen wyse ge mpliseer wil word dat hierdie vier elemente nie ook gebeur en teenwoordig is in die geloofsamelewing van die Gelooftevolk nie. Dit is wel baie duidelik dat dit hulle nie meer k nmerk nie! Daar is die ootmoediges wat ywerige studente van die Woord is, in gehoorsaamheid voortdurend hulle bekeer en verootmoedig, hartstogtelik bid, maar dit kan nie meer as eienskap van die volk geteken word nie.

Hoe word in praktyk uitgevoer wat hier in teorie beskryf is?

Die waarhede van hierdie studie, waarvan die skrywer toenemend oor die afgelope twaalf jaar oortuig geword het, roep om werklikheid te word! Dit kan geen effek op die Gelooftevolk h  solank dit net op papier staan nie.

Agtergrond en ontwikkeling.

Die skrywer het voortgegaan met evangelisasiewerk. Hieruit is 'n klein gemeentetjie gebore waar hierdie waarhede so gepredik en uitgeleef word. In hierdie proses het daar ook gelowiges, wat gehoor

en gesien het, kom aanklop. Die skrywer het, omdat hy nie verder wil verskeur nie, maar eerder daardie lidmate sou wou gebruik om in die kerkverbande waarin hulle was, gevra om hierdie waarhede aldaar te verkondig, sodat daar, saam terug gereformeer kon word na die waarheid van die Skrif soos hier uiteengesit. Hulle het sonder uitsondering bely dat hulle niks regkry nie. Die skrywer het toe daarop aangedring dat hulle lidmaatskap van die gemeente net kan opneem indien die Vader, wat die geheel kan sien, nie soos ons wat ten dele ken nie, met die gebruik van die lot daartoe sou toestem. Só het hulle ook lidmate van die gemeente geword.

Vanuit hierdie gemeente word voortdurend verootmoedig, is daar bekering van sondes, word die Vader gesoek by wyse van twee Bybelstudies aan die hand van die HK per week. Daar word voortdurend gebid tot God vir die terugkeer en die saambind van hierdie waarhede. Kortom, 2 Kron. 7:14 word uitgeleef.

Die skrywer het vanweë die ontwikkelingspad wat die Vader met die Geloftevolk gestap het en die wonderwerke wat daaruit voortgespruit het, sekerheid in sy hart gehad oor die interpretasie van die Woord. Toe omstandighede daarvoor geroep het en dit ten nouste gegaan het oor die objektiewe waarheid, hoe God aanbid moet word, volgens watter interpretasie, maar die gespreksgenote was in twyfel, die Vader met die lot om die waarheid gevra, byna soos Elia op die berg Karmel, en Hy het gesê dat dit die Gereformeerde aanbidding, soos verwoord deur die drie formuliere van eenheid is. Dáárom word nou by elke volksgenoot gepleit vir 'n terugkeer daarheen!

Vir die wat wel aanbid het volgens hierdie leer, dat dit nie net op die dokumentasie van die kerk moet staan nie, maar in die praktyk uitgevoer moet word. Vanuit hierdie onbenullige klein struktuurtjie word hierdie beginsels uitgeleef, opleiding van ouderlinge gegee en, soos die Vader wil, ook met die genade van God aan die opleiding van predikers gewerk sal word na die afhandeling en bevinding van hierdie studie.

Kortom: Deur omstandighede, wat die skrywer glo die beskikking van God was, doen die skrywer, met die paar gelowiges om hom twee dinge. 1. Die uitleef van die studie, 'n nederige poging om 'n samelewingsstruktuur daar te stel wat éerstens die eer van God soek en van daaruit pleit om vryheid. 2. Voortdurende gebed en toenemende gesprekke om eenheid vanuit die geloof te bevorder en daardeur vir Hom volk te wees terwyl daarna sáám gebid en gewerk word sodat hierdie volk onder 'n gelowige, aan God toegewyde regering sal kan staan waarin Sy wil altyd voorop staan.

Bronnelys

- Afrikaanse Protestantse Kerk, Kerkboek, V & R Drukkers, Pretoria, 1993
Booyesen, MJ. Laat my lammers wei, Pro RegePers Bpk, Potchefstroom, 1972.
Bruwer, PF. Vir Volk en Vryheid, Oranjewerkers Promosies, Morgenson, 1988.
Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Die Bybel, Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Kaapstad 1953
Duvenhage, GDJ. Die Groot Trek, die eerste drie jaar, Deel 3 Die Gelofte, SigmaPres (Edms.)Bpk. Pretoria, 1988
Duvenhage, A. Institusie – Calvin, In Afrikaans vertaal en verkort, Pro RegePers Bpk, Potchefstroom, 1967
Engelbreght, SP. Geskiedenis van Die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika, H.A.U.M., Kaapstad, 1936
Geldenhuis, JN, Red. Die Bybel met verklarende aantekeninge, Verenigde Protestantse Uitgewers (Edms.) Bpk. Kaapstad, 1959
Henry, Matthew, Matthew Henry's Commentary on the Whole Bible, E-Sword Bibleprogram
Mol, Arnold, Motiveer jou Plaasarbeider, SigmaPres (Edms.) Bpk. Pretoria, 1984
Muller, CFJ. Red. Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Academia, 'n afdeling van Human & Rosseau (Edms.) Bpk. Pretoria en Kaapstad, 1985. McKenna, P. Change your life in 7 days, Bantam Press, 2004
Schwertley, Brain M. Ed. Sola Scriptura and The Regulative principle of Worship, Reformed Witness, Michigan.

AANHANGSEL 9: AFRIKAANSE DEFINISIES. (HAT Afrikaanse Verklarende Woordeboek)

Die taalkundige verband tussen die volgende woorde definieer die noue verband tussen die verskillende begrippe. Let mooi op hoe **lot** en **lot** en **lot** met mekaar verband hou en met **loot** en **lootjie** en **loting** en **lotery!** (Byvoorbeeld: Die **lot**¹ word deur God bepaal na gebed nadat die **lot**² gewerp is tussen die een **lot**³ en die ander **lot**³, wat in wese verskil van die trek van 'n **lootjie** by 'n **lotery**.)

- loot**² (geloot) 'n Keuse, beslissing aan die toeval oorlaat, bv. deur uit genommerde strokies een te trek, of deur 'n muntstuk op te gooi: *As die stemme staak, moet daar geloot word. Jong manne wat vir krygsdiens geloot is. Om iets te loot. lo'ting.*
- loot**'jie (-s) Voorwerp, bv. 'n strokie papier, 'n genommerde kaartjie, 'n stokkie e.d. gebruik by lotery. Lootjies trek. **loot**'jiestrekkery.
- lot**¹ Loop van gebeurtenisse soos deur die Voorsienigheid bepaal; noodlot, fortuin; bestemming: Ontevrede met jou lot wees. Jou lot betreur, aanvaar. Maar gee vir ons die lot van smart/tot aan die einde van U dae (N.P. van Wyk Louw). Iemand aan sy lot oorlaat, (a) geen moeite doen om te help nie; (b) jou nie met hom bemoei nie. Iemand se lot deel, in dieselfde lewensomstandighede verkeer. Wanneer Ek hulle lot verander, sal hulle weer in Juda... sê: Die Here sal jou seën (Jer. 31:23 NV).
- lot**² **Een van 'n aantal gemerkte of genommerde voorwerpe wat getrek word om 'n beslissing te kry, om 'n saak of 'n persoon aan te wys: 'n Lot trek, die lot werp. Deur die lot beslis. Toe werp hulle die lot, en die lot het op Matthias geval (Hand. 1:26).**
- lot**³ (-te) Wat as eenheid bymekaar gebring is: Die meubels per lot verkoop. Ek het drie lotte hout op die vendusie gekoop. Die hele lot, almal bymekaar. Bv. die hele lot was op die partytjie; alle besigheidsbriewe is ordelik bymekaar in leggers; Die boot se registrasiedokument, haar eie doopsertifikaat....die lot.
- lo'te-ling** (-e) Jongman wat deur loting vir militêre diens opgeroep is.
- lo'te-ry** 1. Handeling van te loot: By die lotery het ek verloor.
2. Ook **lotery**' (-e) Reëlins om pryse in geld of goedere uit te deel aan deelnemers wat lootjies gekoop het: Lotery is volkome aan die toeval oorgegee. 'n Nasionale lotery.
3. Iets onsekers wat van die toeval afhang, waarvan die uitslag nie bepaal kan word nie.
Lotery: -kaartjie, -lys, -prys, -trek, -wet.
- verkiesing** Meganisme om 'n amp of pos te vul, insluitende die aanwysing van verteenwoordigers, deur keuses van 'n bepaalde korpus mense. Die proses kan deur verskeie tegnieke plaasvind, insluitend die geheime geskrewe stembrief, opsteek van hande of deur die lot te werp.

Die Lot Kroniek is saamgestel deur Johannes Gottlieb Erasmus wat gebore is in die Noord-Transvaal te Pietersburg op 11 Desember 1969. Hy word gedoop en lê belydenis van geloof af in die Gereformeerde Kerk. Hy word groot in die bosveld en matrikuleer te H.T.S. Tom Naude. As Inligtingsoffisier en Instrukteur verlaat hy die SANW na 2 jaar diensplig. Hy voltooi B.Ing. (Meganies) te PU vir CHO, werk vir ESKOM en registreer as Internasionale Professionele Ingenieur. Johan trou met Kitty (Reynecke) wat gekwalifiseer is in Maatskaplike werk en Onderwys. Johan werk vir verskeie maatskappye in die Kaap en voltooi 'n Staatsbevoegdheidsertifikaat. Hy werk vir 9 jaar by SASOL en voltooi 'n MBA graad met lof. Hy dien in verskeie maatskappye in senior bestuursposisies, onder andere in RSA, Uganda, Kenia, Tanzania en Namibië (Suidwes). Johan geniet jag, visvang en fotografie.



Johan Erasmus

Sy boerdery ondervinding sluit in: wild-, bees-, skaap-, en bokboerdery. In die boerdery laat hy 20 gate boor op verskillende eiendomme en word so blootgestel aan die probleem wat boere ondervind om ondergrondse water oop te boor. Johan se liefde vir die natuur en sy mense hou hom naby aan sy Skepper terwyl hy 'n meer intieme verhouding met God nastreef. Johan en sy gesin (Kitty, Anneline, Angelique, Daniël en Nikosau) het tydens 'n geestelike groeifase vir 'n paar jaar ook dienste by Charismatiese, APK, Israel, Messiaanse en Lutheraanse gemeentes bygewoon, en weer lidmaatskap in die Gereformeerde Kerk opgeneem. Hy raak betrokke by sy volk en dien op verskeie organisasies wat by sy volksaak betrokke is, waaronder 'n groep gelowiges is wat die wil van die HERE God soek deur God met die lot te raadpleeg soos ons in die Bybel lees. Johan stel op versoek van medegelowige volksgenote, met hulle insette, hierdie Lot Kroniek saam as geskiedkundige verwysingsbron vir toekomstige geslagte.

Al die dank en eer gaan aan God-3-Enig.

HalleluJAH!

navrae@lotkroniek.co.za